Welkom Yizani Beleggings Beperk

(voorheen Main Street 458 (Eiendoms) Beperk genoem)
(Ingelyf in die Republiek van Suid-Afrika)
(Registrasienommer 2006/021434/06)

PROSPEKTUS

'n Uitnodiging aan Swart Mense en Swart Groepe wat kwalifiseer om as deel van Media24 se Bemagtigingstransaksie op 14 600 000 Welkom Yizani gewone aandele in te skryf, teen 'n aanbodprys van R10,00 per gewone aandeel.

Openingsdatum van die openbare aanbod [19]	**29 September 2006 om 08:00**
Sluitingsdatum van die openbare aanbod [19]	**27 Oktober 2006 om 15:000**

Beleggingsbank

Investec Corporate Finance
Investec Bank Limited
(Registrasienommer 1969/004763/06)

Gesamentlike prokureurs en belastingadviseurs

Webber Wentzel Bowens

Gesamentlike prokureurs

JAN S. DE VILLIERS
PROKUREURS

Onafhanklike verslagdoenende rekenmeesters en ouditeure

PRICEWATERHOUSECOOPERS

Aandele-aansoek en uitkeringsagent

FNB
First National Bank
How can we help you?

Datum van uitreiking: **27 September 2006**

'n Afskrif van hierdie prospektus is op 21 September 2006 in die Maatskappyregistrasiekantoor geregistreer soos vereis deur die Maatskappywet (Wet 61 van 1973), soos gewysig.

Die skriftelike toestemming van die adviseurs na wie in die toestemmingsparagraaf op bladsy 4 verwys word en die wesenlike kontrakte waarna in paragraaf 5.15 op bladsy 26 verwys word, was aangeheg by die afskrif van die prospektus, wat vir registrasie by die Maatskappyregistrasiekantoor ingedien is.

Die Registrateur van Maatskappye het die inligting in hierdie prospektus bestudeer. Die inligting wat verstrek is, voldoen aan statutêre vereistes. Die Registrateur van Maatskappye spreek nie 'n mening uit oor die risiko vir beleggers of die prys van die aandele wat kragtens hierdie prospektus aangebied word nie. Die publiek se aandag word egter gevestig op die feit dat die aandele wat te koop is, ongenoteer is en as 'n risikokapitaalbelegging beskou moet word. Beleggers is dus self aan risiko blootgestel, aangesien ongenoteerde aandele nie geredelik bemarkbaar is nie en indien die Maatskappy misluk, kan dit vir die belegger die verlies van die belegging beteken.

Vrywaringskennisgewing: Dit is 'n Afrikaanse vertaling van die Engelse prospektus wat op 21 September 2006 deur die Registrateur van Maatskappye geregistreer is. In soverre daar enige konflik tussen hierdie Afrikaanse weergawe en die Engelse prospektus bestaan, geld die Engelse prospektus.

KORPORATIEWE INLIGTING MET BETREKKING TOT DIE MAATSKAPPY [1(a), 3, 4 en 5]

Geregistreerde kantoor [1(a)]
Naspers Beperk
(Registrasienommer 1925/001431/06)
Heerengracht 40
Kaapstad
8001
(Posbus 2271, Kaapstad, 8000)

Maatskappysekretaris [5]
George M Coetzee
B.Com, MBA, DBA, MHRP
Heerengracht 40
Kaapstad
8001
(Posbus 2271, Kaapstad, 8000)

Gesamentlike prokureurs vir Media24 [4]
Jan S. de Villiers
18de Verdieping
Thibault-plein 1
Kaapstad
8001
(Posbus 1474, Kaapstad, 8000)

Beleggingsbank [4]
Investec Bank Beperk
(Registrasienommer 1969/004763/06)
Graystonrylaan 100
Sandown
Sandton
2196
(Posbus 785700, Sandton, 2146)

Aandele-aansoek en uitkeringsagent
First National Bank Limited
(Registrasienommer 1929/001225/06)
6de Verdieping
First Place 4
BankCity
h.v. Pritchard- en Simmondsstraat
Johannesburg
2001
(Posbus 7791, Johannesburg, 2000)

Geregistreerde kantoor [1(b)]
Welkom Yizani Beleggings Beperk
(Registrasienommer 2006/021434/06)
Heerengracht 40
Kaapstad
8001
(Posbus 2271, Kaapstad, 8000)

Oordragsekretarisse en administrateur [1(a)]
Link Market Services Suid-Afrika (Eiendoms) Beperk
(Registrasienommer 2000/007239/07)
Diagonaalstraat 11
Johannesburg
2001
(Posbus 4844, Johannesburg ,2000)

Gesamentlike prokureurs en belastingadviseurs
Webber Wentzel Bowens
Frickerweg 10
Illovo Boulevard
Johannesburg
2196
(Posbus 61771, Marshalltown, 2107)

Onafhanklike verslagdoenende rekenmeesters en ouditeure [3]
PricewaterhouseCoopers Ing.
(Registrasienommer 1998/012055/21)
Waterhouse Place 1
Century City
7441
(Posbus 2799, Kaapstad, 8000)

BELANGRIKE REGSINLIGTING

Omskrywings en vertolkings wat in hierdie prospektus gebruik is, is vervat op bladsye 10 tot 16.

Hierdie prospektus is 'n uitnodiging om op Welkom Yizani gewone aandele in te skryf, wat slegs in Suid-Afrika aangebied word en word gerig aan persone aan wie die aanbod wettiglik gerig mag word. Die verspreiding van hierdie prospektus en die openbare aanbod kan deur die reg beperk word. Persone wat in besit is van hierdie prospektus, moet hulle van sodanige beperkings vergewis en die beperkings nakom.

Die openbare aanbod is onderhewig aan die voorwaardes soos uiteengesit in paragraaf 3 getiteld "Besonderhede van die openbare aanbod" op bladsy 17 van hierdie prospektus.

Die verkryging van Welkom Yizani gewone aandele hou risiko's in wat die voornemende beleggers in gedagte moet hou. Hierdie risiko's hou hoofsaaklik verband met die prestasie van die onderliggende Media24 gewone aandele wat onregstreeks deur Welkom Yizani gehou word. U moet dus die inligting met betrekking tot Media24 wat in hierdie prospektus verskaf word, asook die risiko's met betrekking tot Media24 se besigheid (soos beskryf in paragraaf 6.4 op bladsy 41 van hierdie prospektus) en die ander inligting in hierdie prospektus deeglik oorweeg voordat u besluit om op Welkom Yizani gewone aandele in te skryf. Hoewel inligting hierin verskaf is met betrekking tot Welkom Yizani gewone aandele, moet 'n voornemende koper nadat hy navraag gedoen het, sy eie oordeel gebruik en advies by 'n onafhanklike finansiële adviseur inwin oor die toepaslike waarde van sodanige Welkom Yizani gewone aandele. By die oorweging om in Welkom Yizani gewone aandele te belê, moet elke belegger onder meer die volgende sake oorweeg:

– die risiko's met betrekking tot Media24 se besigheid soos uiteengesit in paragraaf 6.4 op bladsy 41 van hierdie prospektus;
– die afwesigheid van verhandelbaarheid van Welkom Yizani gewone aandele tydens die Minimum Beleggingstydperk;
– die moontlike gebrek aan likiditeit van die Welkom Yizani gewone aandele as gevolg van die beperkende voorwaardes op oordraagbaarheid soos uiteengesit in paragraaf 5.17.3 op bladsy 27;
– die moontlike gebrek aan likiditeit van Welkom Yizani gewone aandele aangesien hulle nie op 'n aandelebeurs genoteer is nie en die feit dat die markwaarde daarvan nie geredelik beskikbaar sal wees nie; en
– die rentekoersrisiko's met betrekking tot dividende wat ten opsigte van die Welkom Yizani voorkeuraandele verklaar is.

Die Welkom Yizani gewone aandele sal nie op 'n aandelebeurs genoteer word nie, maar onderhewig aan sekere beperkings soos uiteengesit in paragraaf 3 getiteld "Besonderhede van die openbare aanbod" op bladsy 17. van hierdie prospektus, sal Naspers sy beste handelspogings aanwend om 'n meganisme te skep om die handel ná die Minimum Beleggingstydperk in Welkom Yizani gewone aandele te fasiliteer, en ook aan kwalifiserende Swart Mense en Swart Groepe privaat oordragte te kan doen van, Welkom Yizani gewone aandele. [23]

Die Welkom Yizani gewone aandele waarvoor inskrywings kragtens hierdie prospektus gevra word, is tans nuwe en onuitgereikte aandele in Welkom Yizani, wat ooreenkomstig suksesvolle inskrywingsaansoeke toegeken en uitgereik sal word. Die opbrengs van die inskrywing op hierdie Welkom Yizani gewone aandele sal gebruik word om te betaal vir 20% van die koopprys wat deur Welkom Yizani betaalbaar is om Media24 Beherend- gewone aandele te verkry. Media24 Beherend se enigste bate is 92,31% (wat na 'n voorgestelde terugkoop van aandele 96,99% sal word) van die Media24- gewone aandele. Die fondse wat deur die uitgifte van die Welkom Yizani voorkeuraandele in Welkom Yizani verkry is, sal gebruik word om te betaal vir die oorblywende 80% van die koopprys betaalbaar vir die Media24 Beherend- gewone aandele wat deur Welkom Yizani gekoop word.

Tensy die konteks duidelik anders aandui, word alle inligting vervat in hierdie prospektus soos op die laaste uitvoerbare datum verskaf.

Vooruitskouende verklarings

Baie van die verklarings in hierdie prospektus is vooruitskouende verklarings wat risiko's en onsekerhede inhou. Vooruitskouende verklarings kan oor die algemeen uitgeken word aan die gebruik van terme soos "kan", "sal", "verwag", "beoog", "beplan", "beraam", "glo" of soortgelyke terme. Buiten verklarings van historiese feite, is alle verklarings – insluitende onder meer verklarings aangaande die toekomstige finansiële stand of sakestrategie, geprojekteerde groeivlakke in sy mark, geprojekteerde koste, ramings van kapitaalbestedings en planne en doelwitte van bestuur vir die toekomstige bedryf van Welkom Yizani, Media24 Beherend en/of Media24 – vooruitskouende verklarings. Die werklike toekomstige prestasie van Welkom Yizani, Media24 Beherend en/of Media24 kan wesenlik verskil van hierdie vooruitskouende verklarings. Belangrike faktore wat kan veroorsaak dat die werklike resultate wesenlik van hierdie vooruitskouende verklarings of verwagtings verskil, sluit in risiko's soos veranderings in staatsregulasies en die risiko's soos uiteengesit in paragraaf 6.4 op bladsy 41 van hierdie prospektus, asook ander sake wat nog nie aan die Direksie bekend is nie of nie tans deur die Direksie as wesenlik beskou word nie.

Daar moenie te veel op hierdie vooruitskouende verklarings staatgemaak word nie. Alle skriftelike en mondelinge vooruitskouende verklarings toeskryfbaar aan die Direksie of persone wat namens die Direksie optree, word geheel en al deur hierdie omsigtigheidsverklarings gekwalifiseer. Voorts, tensy die wet vereis dat die Direksie hierdie verklarings bywerk,

sal hulle nie noodwendig enige van hierdie verklarings ná die datum van hierdie prospektus bywerk nie, hetsy deur hierdie verklarings te bevestig of hulle te vergelyk met werklike resultate of met betrekking tot veranderings in hulle verwagtings of projeksies, of andersins.

Toestemmings

Die beleggingsbank, prokureurs en belastingadviseurs, onafhanklike verslagdoenende rekenmeesters en ouditeure, oordragsekretarisse en administrateur en aandele-aansoek- en verspreidingsagente wie se name by die prospektus ingesluit is, het skriftelik ingestem om in die gemelde hoedanighede op te tree en dat hulle name by hierdie prospektus ingesluit mag word, en het nie hulle toestemming voor die publikasie van hierdie prospektus teruggetrek nie.

Direkteure se verantwoordelikheidsverklaring

Die Direkteure, wie se name in paragraaf 5.18 op bladsy 32 van hierdie prospektus verskyn, aanvaar gesamentlik en afsonderlik volle verantwoordelikheid vir die juistheid van die inligting hierin vervat en verklaar hiermee dat, na hulle beste wete en oortuiging, daar geen feite weggelaat is wat 'n verklaring vals of misleidend maak nie, en dat alle redelike navrae gedoen is om sulke feite te staaf en dat hierdie prospektus al die inligting bevat wat wetlik vereis word.

Nakoming van die Maatskappywet [50]

Hierdie prospektus voldoen aan artikels 145(1), 147, 148(1)(a), 148(2), 149, 150, 151(1), 152(1), 154(1), 155, 156 en Bylae 3 van die Wet. Die nommer van elke toepaslike paragraaf in Bylae 3 tot die Wet word tussen vierkantige hakies aangedui ná die toepaslike opskrifte of subopskrifte waarop die betrokke paragraaf van toepassing is.

Ander belangrike inligting

Afskrifte van hierdie prospektus is op Vrydag 29 September 2006 gedurende normale kantoorure vanaf 08:00 verkrygbaar by die geregistreerde kantore van Welkom Yizani, Media24 en Link Market Services by die adresse soos uiteengesit in die Korporatiewe Inligting-afdeling op bladsy 2, of by 'n tak van First National Bank (FNB). Die prospektus is ook op die internet beskikbaar by die volgende webadres: www.mymedia24.co.za

Alle bemarkingsmateriaal en inligtingsdokumente wat met die openbare aanbod verband hou, word sleg vir inligtingsdoeleindes gepubliseer. Vertroue moenie net op hierdie materiaal geplaas moet word nie, en dit moet saam met die prospektus gelees word voordat 'n besluit geneem word om op Welkom Yizani gewone aandele in te skryf.

Registrasie van die prospektus en stawende dokumente

'n Engelse weergawe van hierdie prospektus is op 21 September 2006 kragtens artikel 155(1) van die Maatskappywet deur die Registrateur geregistreer, saam met:

- die toestemmingsbriewe van die beleggingsbank, prokureurs en belastingadviseurs, onafhanklike verslagdoenende rekenmeesters en ouditeure en oordragsekretarisse en administrateur en aandele-aansoek- en verspreidingsagente wat ingestem het om in die gemelde hoedanighede op te tree en dat hulle name by hierdie prospektus ingesluit mag word, en met bevestiging dat sodanige toestemmings op die datum van hierdie prospektus nie teruggetrek is nie;
- die skriftelike toestemmings van die onafhanklike verslagdoenende rekenmeesters en ouditeure vir die uitreiking van hierdie prospektus, met hulle verslag ingesluit in die vorm en konteks waarin hulle verskyn, en met bevestiging dat sodanige toestemmings op die datum van hierdie prospektus nie teruggetrek is nie;
- afskrifte van die wesenlike kontrakte soos beskryf in paragraaf 5.15 op bladsy 26 van hierdie prospektus; en
- 'n getekende afskrif van hierdie prospektus.

OMSOMMING VAN DIE MEDIA24-BEMAGTIGINGSTRANSAKSIE

Hierdie opsomming dek die belangrikste aspekte en aangeleenthede van die Media24-bemagtigingstransaksie. U word egter daarop gewys dat hierdie opsomming net van 'n algemene aard is en nie volledig of omvattend is nie. Let veral daarop dat die opsomming spesifiek nie al die kwalifikasies en beperkings uiteensit wat op die algemene inligting wat verskaf word, van toepassing kan wees en dit kwalifiseer nie. Daarom moet hierdie opsomming nie in isolasie gelees word nie, en vervang dit nie 'n deeglike oorweging van die hele prospektus en die dokumente waarna hierin verwys word nie.

As u meer inligting oor die Media24-bemagtigingstransaksie verlang, skakel asseblief ons oproepsentrum by 0860 12 12 24, of stuur e-pos aan ons by yizani@media24.co.za of besoek die Media24-groep se webwerf by www.mymedia24.co.za.

Die omskrywings en vertolkings wat op bladsy 10 van hierdie prospektus begin, geld vir hierdie opsomming van die Media24-bemagtigingstransaksie.

1. WAT IS DIE DOEL VAN DIE MEDIA24-BEMAGTIGINGSTRANSAKSIE?

Naspers wil die Media24-bemagtigingstransaksie, 'n SEB-eienaarskapsinisiatief vir Media24, in werking stel ter bevordering van die Naspers-groep se bemagtigingsdoelwitte. Dit is ook daarop gemik om aan die bemagtigingsvereistes soos uiteengesit in die BGSEB-wetgewing te voldoen. Die billikebemagtingingsvoorwaardes, soos uiteengesit kragtens BGSEB-wetgewing, is vas en geen verwatering van daardie bemagtigingsbillikheid is toelaatbaar nie totdat BGSEB-wetgewing gewysig word of nie meer van krag is nie.

2. HOE NEEM EK DEEL AAN DIE MEDIA24-BEMAGTIGINGSTRANSAKSIE?

'n Totaal van 14 600 000 Welkom Yizani gewone aandele word ingevolge die Media24-bemagtigingstransaksie aan kwalifiserende Swart Mense en Swart Groepe gebied.

U kan aan die Media24-bemagtigingstransaksie deelneem deur aansoek te doen om soveel aandele soos u wil, teen R10,00 per aandeel, onderhewig aan die volgende maksimum en minimum inskrywingsperke:

- minimum inskrywing: 20 Welkom Yizani gewone aandele (d.i. 'n totale inskrywingsbedrag van R200,00);
- maksimum inskrywing op u (en u geassosieerdes) van toepassing: 'n maksimum van 1 460 000 Welkom Yizani gewone aandele (m.a.w. 'n totale inskrywingsbedrag van R14 600 000) of 10% van die totale getal Welkom Yizani gewone aandele wat kragtens die openbare aanbod uitgereik word, welke ook al die minste is.

3. WAT IS DIE VOORWAARDES WAT GELD VIR DIE WELKOM YIZANI GEWONE AANDELE?

Die volgende voorwaardes geld:

- geen Welkom Yizani gewone aandele kan tydens die Minimum Beleggingstydperk verhandel word nie (m.a.w. vyf jaar vanaf die Implementeringsdatum);
- nadat die Minimum Beleggingstydperk verby is, mag Welkom Yizani gewone aandele slegs aan ander Swart Mense of Swart Groepe met minstens 'n soortgelyke of hoër SEB-status/gradering as uself oorgedra word. Alle oordragte is aan die WAOK se goedkeuring en verifiëring onderhewig.
- die Welkom Yizani gewone aandele moet in 'n gesertifiseerde vorm gehou word en die aandeelsertifikate moet vir bewaring ingegee word by Link Market Services, wat hulle namens u sal hou totdat hulle op geldige wyse in ooreenstemming met die bepalings van die Media24 Beherend Aandeelhouersooreenkoms en die statute oorgedra word; en
- geen Welkom Yizani gewone aandeelhouer en sy geassosieerde kan op enige tydstip meer as 10% van die totale getal uitgereikte Welkom Yizani gewone aandele besit nie.

4. WATTER VOORDELE BIED DEELNAME AAN DIE MEDIA24-BEMAGTIGINGS-TRANSAKSIE?

Die Media24-bemagtigingstransaksie sal u die geleentheid gee om:

- onregstreeks 'n belang in Media24 te verkry, met die befondsing vir 80% van hierdie belang wat deur Naspers verskaf word via die Welkom Yizani voorkeuraandele en die oorblywende 20% wat deur u verskaf word via u aansoek om die Welkom Yizani gewone aandele; en
- in kontant te deel, deur dividende wat deur Welkom Yizani uitgekeer word.

5. WIE KAN DEELNEEM AAN DIE MEDIA24-BEMAGTIGINGSTRANSAKSIE?

- Swart Mense (Afrikane, Kleurlinge of Indiërs) wat burgers van Suid-Afrika is. Indien u minderjarig is, moet u deur u ouer of wettige voog bygestaan word.
- Swart Groepe, naamlik Swart Maatskappye en Swart Entiteite wat in Suid-Afrika ingelyf of gestig is.

6. WAT IS DIE TOTALE GETAL WELKOM YIZANI GEWONE AANDELE WAT AANGEBIED WORD?

'n Totaal van 14 600 000 Welkom Yizani gewone aandele word ingevolge die Media24-bemagtigingstransaksie aan kwalifiserende Swart Mense en Swart Groepe gebied.

7. WAT GEBEUR AS DAAR OM TE VEEL AANDELE AANSOEK GEDOEN IS?

Indien daar om meer as 14 600 000 Welkom Yizani gewone aandele aansoek gedoen word, sal die toekenningsgrondslag aan Welkom Yizani se diskresie onderhewig wees. Voorkeur sal eerstens aan Swart Persone gegee word, tweedens aan Swart Groepe wat voorkeurverskaffers aan Media24 is en laastens aan ander Swart Groepe.

Indien u aansoek gedoen het om en betaal het vir meer Welkom Yizani gewone aandele as wat ons uiteindelik aan u toeken, sal ons die orige bedrag by wyse van elektroniese fondsoorplasing aan u terugbetaal. U sal geen rente verdien op die geld wat aan u terugbetaal word nie en u dra die risiko verbonde aan sodanige elektroniese fondsoorplasing.

8. WAT IS DIE PRYS VAN 'N WELKOM YIZANI GEWONE AANDEEL?

Die prys van 'n Welkom Yizani gewone aandeel is R10,00 per aandeel.

9. WAT IS DIE REGTE VAN MY TOEGEKENDE WELKOM YIZANI GEWONE AANDELE?

U Welkom Yizani gewone aandele wat ooreenkomstig hierdie prospektus verkry word, sal dieselfde regte hê as alle ander bestaande Welkom Yizani gewone aandele. U sal dus 'n aandeelhouer in Welkom Yizani wees, met dividend- en stemregte in Welkom Yizani.

10. WAT IS MY STEMREGTE?

As 'n aandeelhouer van Welkom Yizani kan u by die algemene vergaderings van Welkom Yizani stem. U kan ook deur middel van die volmaginstrument soos uiteengesit in die statute van Welkom Yizani by die algemene vergaderings van aandeelhouers van Media24 Beherend stem.

11. SAL EK GEREGTIG WEES OM 'N DIVIDEND TE ONTVANG OP DIE WELKOM YIZANI GEWONE AANDELE WAT AAN MY TOEGEKEN IS?

Ja, wanneer Media24 Beherend dividende verklaar en aan Welkom Yizani betaal. In breë trekke sal Welkom Yizani sy normale dividendinkomste soos volg aanwend:

- eerstens om die Maatskappy se bedryfskoste en belastings te betaal;
- tweedens sal tot 20% van die orige bedrag, na goeddunke van die Welkom Yizani voorkeuraandeelhouers, op 'n jaarlikse grondslag aan die Welkom Yizani gewone aandeelhouers as 'n gewone dividend betaal word;
- derdens om dividende op die Welkom Yizani voorkeuraandele te betaal; en
- laastens sal geld wat oorbly, gebruik word om die Welkom Yizani voorkeuraandele af te los.

12. HOE DOEN EK AANSOEK OM DIE WELKOM YIZANI GEWONE AANDELE?

As u belangstel om aansoek te doen om die Welkom Yizani gewone aandele, moet u 'n ingevulde aansoekvorm, waarvan 'n afskrif by hierdie prospektus ingesluit is, saam met die vereiste dokumente soos gelys op die aansoekvorm en u betaling by u naaste FNB-tak ingee. U aansoek en vereiste dokumente sal vooraf by 'n FNB-tak nagegaan word en kan afgekeur word indien die aansoekvorm nie volledig ingevul is nie of indien nie al die vereiste dokumente aangeheg is nie.

Alle aansoeke moet voor die Sluitingsdatum, naamlik 15:00 op 27 Oktober 2006, deur FNB ontvang word. Aansoekvorms wat ná die Sluitingsdatum ontvang word, sal geïgnoreer word. Verder sal onvolledig ingevulde aansoekvorms of aansoekvorms wat nie al die vereiste dokumente bevat nie, afgekeur word en u geld sal deur middel van elektroniese fondsoorplasing aan u terugbetaal word. U dra die risiko verbonde aan sodanige elektroniese fondsoorplasing.

13. HOE KAN EK VIR MY WELKOM YIZANI GEWONE AANDELE BETAAL?

U kan soos volg vir u Welkom Yizani gewone aandele betaal:

- per tjek of posorder, wat by die aansoekvorm aangeheg moet wees. Die tjek moet gekruis word deur "nie oordraagbaar nie" daarop te skryf en die woorde "of toonder" moet deurgehaal word. Die woorde "Welkom Yizani" moet agterop geskryf word en die tjek moet uitgemaak word aan "**Welkom Yizani**". As die tjek geweier word, sal u aansoek afgekeur word; of
- per FNB-debietkaart wat saam met u ingevulde aansoekvorm by 'n FNB-tak voorgelê word; of
- in kontant, by 'n FNB-tak;

Direkteure behou die reg om geheel na eie goeddunke betaling in enige ander vorm te ontvang.

Let wel: Kredietkaartbetalings sal nie aanvaar word nie.

14. WANNEER MOET EK VIR MY WELKOM YIZANI GEWONE AANDELE BETAAL?

Die betaling vir die Welkom Yizani gewone aandele moet gedoen word wanneer u u aansoekvorm ingee. Betaling kan regstreeks by u FNB-tak gedoen word, soos uiteengesit in paragraaf 13 hierbo.

15. WANNEER OPEN DIE OPENBARE AANBOD VIR WELKOM YIZANI GEWONE AANDELE EN WANNEER SLUIT DIT?

Die openbare aanbod open op 29 September 2006 om 08:00 en sluit op 27 Oktober 2006 om 15:00.

Alle veranderings ten opsigte van bogenoemde datums en tyd (indien wel) sal in die Suid-Afrikaanse pers gepubliseer word en by die Registrateur ingedien word.

16. WANNEER SAL MY WELKOM YIZANI GEWONE AANDELE AAN MY TOEGEKEN WORD?

Die proses om aandele aan inskrywers toe te ken en uit te reik behoort binne 30 sakedae na die Sluitingsdatum afgehandel te wees, en u sal dan in kennis gestel word van die getal aandele wat aan u toegeken is, indien enige. Indien vertragings met die toekenningsproses voorkom, mag die Direkteure hierdie aanvanklike tydperk van 30 sakedae met tot 14 sakedae verleng.

17. HOE SAL MY WELKOM YIZANI GEWONE AANDELE AAN MY GELEWER WORD?

'n Staat sal aan u gestuur word om u 'n skriftelike rekord van u aandelebesit te gee. 'n Aandelesertifikaat sal uitgereik word, maar sal namens u deur Link Market Services gehou word. Indien nodig, sal dit beskikbaar gestel word vir die implementering van 'n oordrag wat kragtens die statute van Welkom Yizani en die Media24 Beherend Aandeelhouersooreenkoms toegelaat word.

18. WAT KAN MEEBRING DAT EK VIR DIE MEDIA24-BEMAGTIGINGSTRANSAKSIE GEDISKWALIFISEER WORD?

Die volgende kan u diskwalifiseer:

- indien u versuim om u aansoekvorm saam met die vereiste dokumente en/of betaling voor of op die Sluitingsdatum in te dien;
- indien u nie aan die kwalifiseringskriteria voldoen nie;
- indien u nie vir die Welkom Yizani gewone aandele betaal nie of indien Welkom Yizani nie u betaling ontvang nie;
- indien u 'n bedrieglike of vals verklaring in u aansoekvorm maak;
- indien u gehandel of versuim het op 'n wyse wat u diskwalifiseer om aan die Media24-bemagtigingstransaksie deel te neem, soos uiteengesit in die statute van Welkom Yizani; of
- indien u aansoekvorm nie volledig is nie of die inligting daarin nie tot Welkom Yizani en Naspers se bevrediging geverifieer kan word nie.

Die Direksie en die Naspers-direksie kan ook na eie goeddunke 'n persoon diskwalifiseer om 'n aandeelhouer in Welkom Yizani te word.

19. WAT IS DIE GEVOLGE VAN DISKWALIFISERING?

U aansoek om Welkom Yizani gewone aandele sal afgekeur word en alle geld wat van u ontvang is, sal sonder rente aan u terugbetaal word.

20. WAT IS DIE GEVOLGE AS EK GEDISKWALIFISEER WORD NADAT EK 'N TOEKENNING VAN DIE WELKOM YIZANI GEWONE AANDELE ONTVANG HET?

Indien die diskwalifisering of versuim voorkom of ontdek word nadat die Welkom Yizani gewone aandele reeds toegeken is, is Naspers daarop geregtig om u te vra om al u Welkom Yizani gewone aandele teen **PARIWAARDE** aan Naspers te verkoop. Dit is daarop gemik om bedrog te straf en Welkom Yizani en sy ander aandeelhouers te beskerm. Hierdie koopopsie word in Welkom Yizani se statute uiteengesit.

Let wel: Indien u, wanneer u om Welkom Yizani gewone aandele aansoek doen of op enige tydstip daarna, 'n wanvoorstelling van u SEB-status/gradering gee of optree op 'n wyse wat op frontvoorhouding neerkom (soos bedoel in die BGSEB-wetgewing), loop u gevaar om hetsy gediskwalifiseer te word vir deelname aan die Media24-bemagtigingstransaksie (en u aansoek om Welkom Yizani gewone aandele sal dienooreenkomstig afgekeur word), of die Welkom Yizani gewone aandele wat ooreenkomstig die openbare aanbod aan u uitgereik is teen hulle PARIWAARDE te moet verkoop, in ooreenstemming met die statute.

21. HOEKOM IS DAAR 'N MINIMUM BELEGGINGSTYDPERK?

Die Minimum Beleggingstydperk is bedoel om:

- voorsiening te maak vir 'n redelike tydperk om Welkom Yizani se belegging in Media24 Beherend die geleentheid te beid om waarde te kan opbou, met inagneming van die aanvanklike samestelling van ekwiteit en voorkeuraandeelbefondsing in die kapitaal wat Welkom Yizani sal verkry om die belang in Media24 Beherend te koop; en
- te verseker dat doeltreffende meganismes ingestel word om die Welkom Yizani gewone aandele te verhandel.

22. IS DAAR KAPITAALBESKERMING?

Nee, daar is geen kapitaalbeskerming nie. Die Welkom Yizani gewone aandele wat deur die Media24-bemagtigingstransaksie gekoop word, sal onderhewig wees aan al die normale beleggingsrisiko's waaraan die gewone aandeelhouers van ander maatskappye blootgestel is.

23. MAG EK GEDURENDE OF NÁ DIE VEREISTE MINIMUM BELEGGINGSTYDPERK UIT DIE MEDIA24-BEMAGTIGINGSTRANSAKSIE ONTTREK?

Nee, maar u kan dit ná die Minimum Beleggingstydperk doen.

24. WAT GEBEUR AS EK GEDURENDE DIE MINIMUM BELEGGINGSTYDPERK STERF?

U boedel sal kragtens die statute toegelaat word om u aandele aan 'n kwalifiserende Swart Persoon met minstens 'n soortgelyke of hoër SEB-status/gradering as uself oor te dra.

25. SÊ NOU EK RAAK GEDURENDE DIE MINIMUM BELEGGINGSTYDPERK INSOLVENT EN MY BOEDEL WORD NOODGEDWONGE GESEKWESTREER?

U boedel sal kragtens die statute toegelaat word om u aandele aan 'n kwalifiserende Swart Persoon met minstens 'n soortgelyke of hoër SEB-status/gradering as uself oor te dra.

26. KAN EK MY WELKOM YIZANI GEWONE AANDELE OF MY REGTE DAAROP OF BELANG DAARIN GEDURENDE DIE MINIMUM BELEGGINGSTYDPERK AAN 'N DERDE PARTY OORDRA?

Nee. Die Welkom Yizani gewone aandele kan ná die Minimum Beleggingstydperk oorgedra word, maar net aan ander Swart Mense of Swart Groepe met minstens 'n soortgelyke of hoër SEB-status/gradering as uself.

27. KAN EK MY TOEGEKENDE WELKOM YIZANI GEWONE AANDELE GEDURENDE OF NÁ DIE MINIMUM BELEGGINGSTYDPERK AS SEKURITEIT GEBRUIK?

Nee.

28. SAL EK FINANSIËLE STATE VIR WELKOM YIZANI ONTVANG?

Finansiële jaarstate van Welkom Yizani sal aan alle Welkom Yizani gewone en voorkeuraandeelhouers verskaf word en sal die prestasie van Welkom Yizani se onderliggende belegging aandui.

29. HOE KAN EK BEWEGINGS IN WELKOM YIZANI SE GEWONE AANDEELPRYS NASPOOR?

Die Welkom Yizani gewone aandele sal nie gedurende die Minimum Beleggingstydperk verhandel word nie. Die bedoeling is dat die Welkom Yizani gewone aandele ná die Minimum Beleggingstydperk op die Handelsmark (soos omskryf) of privaat verhandelbaar sal wees en hulle prys sal gebaseer wees op die vryemarkprys tussen 'n gewillige SEB-koper en 'n gewillige verkoper.

30. HOE KAN EK MY WELKOM YIZANI GEWONE AANDELE NÁ DIE MINIMUM BELEGGINGSTYDPERK VERHANDEL?

Ná die verstryking van die Minimum Beleggingstydperk sal Naspers sy beste handelspogings aanwend om 'n meganisme te skep om openbare handel in, en ook privaat oordragte van, Welkom Yizani gewone aandele moontlik te maak, maar slegs aan kwalifiserende Swart Mense en Swart Groepe.

31. HOE HELP EK OM DIREKTEURE VIR WELKOM YIZANI AAN TE STEL?

U kan aan die aanstelling van 'n Direkteur deelneem deur op AJV's te stem.

32. IS DAAR ENIGE BEDEKTE KOSTE VERBONDE AAN 'N AANSOEK OM DIE WELKOM YIZANI GEWONE AANDELE WAT TE KOOP IS?

Nee, daar is geen bedekte kommissies of aansporings waarvoor u aanspreeklik sal wees nie.

33. WIE KAN MY HELP OM DIE AANSOEKVORM IN TE VUL?

U kan hulp by enige FNB-tak kry of u kan die Welkom Yizani-oproepsentrum skakel by 0860 12 12 24.

34. WIE KAN MY MEER INLIGTING OOR DIE MEDIA24-BEMAGTIGINGSTRANSAKSIE GEE?

Skakel gerus Welkom Yizani se oproepsentrum by 0860 12 12 24 vir bystand.

INHOUDSOPGAWE

	Bladsy
Korporatiewe inligting met betrekking tot die Maatskappy	2
Belangrike regsinligting	3
Opsomming van die Media24-bemagtigingstransaksie	5
Omskrywings en vertolkings	10
Prospektus	
1. Inleiding en doel van die openbare aanbod	17
2. Implementering van die Media24-bemagtigingstransaksie	17
3. Besonderhede van die openbare aanbod	17
4. Belastinggevolge	20
5. Inligting met betrekking tot Welkom Yizani	20
6. Inligting met betrekking tot Media24	36
7. Ander inligting	44
8. Dokumente ter insae beskikbaar	44
9. Paragrawe van Bylae 3 tot die Maatskappywet wat nie van toepassing is nie	44
Aanhangsel I Uittreksels uit rekeningkundige beleid vervat in Media24 se finansiële state vir die jare geëindig 31 Maart 2006 en 2005	45
Aanhangsel II Onafhanklike verslagdoenende rekenmeesters en ouditeure se verslag	53
Aanhangsel III Besonderhede van die goedgekeurde SEB-verifiëringsagentskappe	54
Aansoekvorms vir Swart mense *(geel)*	Aangeheg
Aansoekvorms vir Swart Groepe *(blou)*	Aangeheg

OMSKRYWINGS EN VERTOLKINGS

Tensy anders vermeld of tensy die konteks anders aandui, het die woorde in die eerste kolom regdeur hierdie prospektus en die aanhangsels daarby die ooreenstemmende betekenis wat daarnaas in die tweede kolom weergegee word. Woorde in die enkelvoud sluit die meervoud in en omgekeerd, en enige verwysing na een geslag sluit die ander geslagte in:

"aanbodprys"	die prys waarteen die Breë Swart Publiek genooi word om in te skryf op gewone aandele in Welkom Yizani, kragtens die openbare aanbod, naamlik R10,00 per Welkom Yizani gewone aandeel;
"aansoekvorm"	die aansoekvorm vir die Welkom Yizani gewone aandele soos aangeheg by hierdie prospektus; synde geel vir Swart Mense en blou vir Swart Groepe;
"Aanvanklike SEB-eienaarskapsertifikaat van Voldoening"	die SEB-eienaarskapsertifikaat wat spesifiek uitgereik word vir die doel van die openbare aanbod deur enige van die goedgekeurde SEB-verifiëringsentiteite of -agentskappe;
"AJV"	algemene jaarvergadering van Welkom Yizani;
"BGSEB-wet"	die wet wat in Engels afgevaardig is by name "The Broad-Based Black Economic Empowerment Act" en wat hierin na verwys word as die wet op breedgebaseerde swart ekonomiese bemagtiging, Nr. 53 van 2003 soos van tyd tot tyd gewysig;
"BGSEB-wetgewing"	die BGSEB-wet, enige regulasies wat kragtens die BGSEB-wet gepubliseer is, enige SEB-handveste en/of kodes vir goeie praktyk, soos van tyd tot tyd gewysig; met dien verstande dat tot tyd en wyl die finale kodes vir goeie praktyk kragtens die BGSEB-wet uitgevaardig word, die konsepkodes wat van tyd tot tyd gepubliseer word, hierby ingesluit word;
"Breedgebaseerde Eienaarskema"	soos beoog kragtens die kodes vir goeie praktyk uitgereik kragtens die BGSEB-wet, 'n kollektiewe eienaarskema wat saamgestel is met die oog daarop dat gespesifiseerde natuurlike persone deel in die voordele voortspruitend uit die eienaarskap deur daardie skema of deur sy fiduciaria van 'n ekwiteitsbelang in 'n entiteit;
"DHN"	Departement van Handel en Nywerheid;
die "Direksie" of die "Direkteure"	die direksie van Welkom Yizani van tyd tot tyd. Die name van die huidige direkteure van Welkom Yizani word uiteengesit in paragraaf 5.18 op bladsy 32 van hierdie prospektus.
"Educor"	Educor Holdings (registrasienommer 1999/020356/06), 'n openbare maatskappy wat in Suid-Afrika ingelyf is, en sy filiale en geassosieerdes op die datum van hierdie prospektus, die privaat onderwysfiliaal van Media24;
"Empowerdex"	Empowerdex (Eiendoms) Beperk (registrasienommer 2001/027963/07), 'n privaat maatskappy wat in Suid-Afrika ingelyf is, 'n goedgekeurde SEB-verifiëringsentiteit of –agentskap wie se adres en kontakbesonderhede in Aanhangsel III verskyn;
"Empowerlogic"	Empowerlogic (Eiendoms) Beperk (registrasienommer 1995/000523/07), 'n privaat maatskappy wat in Suid-Afrika ingelyf is, 'n goedgekeurde SEB-verifiëringsentiteit of -agentskap wie se adres en kontakbesonderhede in Aanhangsel III verskyn;
"FIS"	Die Wet op die Finansiële Intelligensiesentrum, Nr. 38 van 2001, soos gewysig, wat vereis dat alle finansiële instellings kliëntinligting verifieer, insluitende 'n kliënt se identiteit en woonadres;
"FNB"	First National Bank Limited (registrasienommer 1929/001225/06), 'n openbare maatskappy wat in Suid-Afrika ingelyf is, 'n afdeling van FirstRand Beperk;

"geassosieerde"	met betrekking tot: • enige individu: – daardie individu se naaste familie; en/of – die trustees wat as sodanig optree, van enige trust waarvan die individu of die persoon se naaste familie 'n begunstigde is (hetsy gevestig of diskresionêr); en/of – enige maatskappy in wie se ekwiteitseffekte die individu of enige persoon of trust soos hierbo beoog, saam, regstreeks of onregstreeks 'n voordelige belang het, of 'n voorwaardelike, gebeurlikheids- of toekomstige aanspraak het om 'n voordelige belang te verkry, en dat die individu of persoon of trust soos hierbo beoog, in staat is, of by nakoming van die voorwaarde of die voorkoms van die gebeurlikheid in staat sou wees om: (i) 20% of meer van die stemme wat by algemene vergaderings oor alle of wesenlik alle sake uitgebring kan word, uit te oefen of beheer daaroor uit te oefen; en/of (ii) direkteure aan te stel of te verwyder, wat 'n meerderheid stemregte by direksievergaderings, oor alle of wesenlik alle sake kan uitbring; en/of (iii) in enige beslote korporasie waarin die individu en/of enige lid/lede van die individu se naaste familie, saam, 'n voordelige belang het van 20% of meer van die lede se belang te verkry en/of 20% of meer van die stemme wat by algemene vergaderings oor alle of wesenlik alle sake uitgebring kan word, te kan uitoefen of beheer daaroor te kan uitoefen; en • enige maatskappy: – enige ander maatskappy wat sy filiaal, beheermaatskappy of filiaal van sy beheermaatskappy is; en/of – enige maatskappy wie se direkteure daaraan gewoond is om in ooreenstemming met die maatskappy se beleid of opdragte op te tree; en/of – enige maatskappy in die kapitaal waarvan sodanige maatskappy, en enige ander maatskappy soos hierbo beoog volgens hierdie komponent met betrekking tot maatskappye, saam, 'n belang het of by nakoming van 'n voorwaarde of die voorkoms van 'n gebeurlikheid 'n belang sou verkry op die wyse wat hierbo beskryf is;
"gesamentlik optree"	samewerking vir die gemeenskaplike doel of met betrekking tot beheer van of die invloed op stemme met betrekking tot Welkom Yizani deur twee of meer persone volgens 'n onderlinge ooreenkoms, reëling of verstandhouding, hetsy formeel of informeel; en "gesamentlik optree" het 'n ooreenstemmende betekenis;
"Gestremde Persoon"	'n persoon ten opsigte van wie een of meer funksionele aktiwiteite beperk is, hetsy ten opsigte van gesig, gehoor, kommunikasie, beweging of ander intellektuele en emosionele aktiwiteite, of andersins. Die inkorting kan permanent voorkom of kort van duur wees en kan sensories, fisiek, kognitief of sielkundig van aard wees;
"goedgekeurde SEB-verifiërings-agentskap"	vir die doeleindes van die openbare aanbod, Empowerdex, EmpowerLogic, Mohlaleng of Verify Solutions;
"Grondwetdokumente"	die akte van oprigting en statute van Welkom Yizani soos van tyd tot tyd gewysig;
"Handelsmark"	die meganisme ten opsigte waarvan Naspers sy beste handelspogings sal aanwend om dit te skep, via die WAOK, of sy agente, wat handel in Welkom Yizani gewone aandele moontlik sal maak na verstryking van die Minimum Beleggingstydperk, en wat deur die WAOK, of sy agente, geadministreer sal word soos bedoel in die Media24 Beherend Aandeelhouersooreenkoms, en verder na Naspers se eie goeddunke bepaal word;

"hierdie prospektus"	hierdie hele dokument en alle aanhangsels daarby;
"Implementeringsdatum"	die datum van uitgifte van die Welkom Yizani gewone aandele aan die Swart Deelnemers ooreenkomstig die Welkom Yizani openbare aanbod soos bepaal in hierdie prospektus;
"Inkomstebelastingwet"	die Inkomstebelastingwet, Nr. 58 van 1962, soos gewysig;
"JSE"	JSE Beperk (registrasienommer: 2005/022939/06), 'n openbare maatskappy wat in Suid-Afrika ingelyf is;
"Kwalifiserende Gewone Aandeelhouer"	enige Swart Deelnemer wat vir Naspers aanvaarbaar is, na Naspers se eie goeddunke, maar onderhewig aan die Transaksiedokumente, om 'n Welkom Yizani gewone aandeelhouer te word, en sodanige aanvaarding moet op skrif gestel word, ooreenkomstig 'n besluit deur die WAOK, of sy agent, soos bedoel in paragraaf 5.17.3;
"laaste uitvoerbare datum"	Dinsdag, 19 September 2006, wat die laaste uitvoerbare datum is voor die finalisering van hierdie prospektus;
"Maatskappy in Swart Meerderheidsbesit"	met betrekking tot enige maatskappy, 'n maatskappy wat in ooreenstemming met die wette van Suid-Afrika ingelyf is en met 'n aandelebesit waarin een of meer Swart Mense: • op 'n effektiewe deurvloeigrondslag (volgens die bedoeling van sodanige term in die kodes vir goeie praktyk uitgereik kragtens die BGSEB-wet en wat, om twyfel te vermy, meting met behulp van die aangepaste deurvloeigrondslag uitskakel) meer as 50% van die gewone aandele of ander ekwiteitsbelang van sodanige maatskappy voordelig besit; en • geregtig is op meer as 50% van alle ekonomiese belange met betrekking tot sodanige gewone aandele of ander ekwiteitsbelang van sodanige maatskappy; of sodanige ander betekenis het wat van tyd tot tyd kragtens die BGSEB-wetgewing daaraan toegeken kan word;
"Maatskappy-invorderingsrekening"	die bankrekening, soos bedoel in klousule 7 van die Inskrywings-ooreenkoms vir Welkom Yizani voorkeuraandele wat deur Welkom Yizani by Investec Bank geopen moet word, of sodanige ander bank as wat die meerderheid Welkom Yizani voorkeuraandeelhouers van tyd tot tyd mag goedkeur, welke rekening met 'n mandaat bestuur moet word in ooreenstemming met die bepalings van klousule 7 van die Inskrywingsooreenkoms vir Welkom Yizani voorkeuraandele, gelees saam met die statute;
"Maatskappy onder Swart Meerderheidsbeheer"	met betrekking tot enige maatskappy, 'n maatskappy wat in ooreenstemming met die wette van Suid-Afrika ingelyf is en met 'n aandelebesit waarin een of meer Swart Mense: • op 'n effektiewe deurvloeigrondslag (volgens die bedoeling van sodanige term in die kodes vir goeie praktyk uitgereik kragtens die BGSEB-wet) meer as 50% beheer uitoefen oor alle uitoefenbare stemregte met betrekking tot die gewone aandele of ander ekwiteitsbelang van sodanige maatskappy, wat deur lede in algemene vergaderings of andersins uitgeoefen kan word; en • geregtig is om 'n meerderheid van die direkteure van die direksie of ander beheerliggaam van sodanige maatskappy aan te stel, of om direkteure of soortgelyke verteenwoordigers aan te stel wat 'n meerderheid het van die stemme wat by vergaderings van die direksie of ander beheerliggaam van sodanige maatskappy uitgeoefen kan word; of sodanige ander betekenis het wat van tyd tot tyd kragtens die BGSEB-wetgewing daaraan toegeken kan word;
"Maatskappywet" of "die Wet"	die Suid-Afrikaanse Maatskappywet, Nr. 61 van 1973, soos gewysig;
"Media24"	Media24 Beperk (registrasienommer 1950/038385/06), 'n openbare maatskappy wat in Suid-Afrika ingelyf is, en sy filiale en geassosieerdes op die datum van hierdie prospektus;

"Media24-bemagtigingstransaksie"	die bemagtigingstransaksie aangegaan tussen Naspers, Media24, Media24 Beherend en Welkom Yizani, waarkragtens Welkom Yizani tot 'n maksimum van 14 600 000 gewone aandele sal verkry in die uitgereikte gewone aandele van Media24 Beherend, wat 92,31% van Media24 besit (wat na 'n voorgestelde terugkoop van aandele 96.99% sal word), en welke verkryging soos volg befonds word: (i) 20% van die totale koopprys deur die openbare aanbod; en (ii) 80% van die totale koopprys uit die inskrywingsprys wat Naspers aan Welkom Yizani betaal vir die Welkom Yizani voorkeuraandele;
"Media24 Beherend"	Media24 Beherend (Eiendoms) Beperk (registrasienommer 2006/021408/07), 'n privaat maatskappy wat in Suid-Afrika ingelyf is (voorheen Main Street 457 (Eiendoms) Beperk genoem), wat 'n maatskappy met 'n beperkte doel is wat spesifiek geskep is om die Media24-bemagtigingstransaksie moontlik te maak, en wie se enigste bate 92,31% van Media24- gewone aandele sal wees (wat na 'n voorgestelde terugkoop van aandele 96.99% sal word);
"Media24 Beherend- gewone aandele"	gewone aandele met 'n pariwaarde van R0,0001 in die gemagtigde aandelekapitaal van Media24 Beherend;
"Media24 Beherend Verkoop-en-koop-ooreenkoms"	die ooreenkoms vir die verkoop en koop van aandele in Media24 Beherend, aangegaan tussen Naspers en Welkom Yizani, waarkragtens Welkom Yizani die Verkoopaandele sal verkry;
"Media24 Beherend Aandeelhouersooreenkoms"	die aandeelhouersooreenkoms, aangegaan tussen Naspers, Media24, Media24 Beherend en Welkom Yizani, waarkragtens: (i) Naspers en Welkom Yizani (in hulle hoedanigheid as aandeelhouers in Media24 Beherend) hulle verwantskap as aandeelhouers met Media24 Beherend, asook hulle verwantskap *inter se* reguleer; en (ii) die partye sake waaroor hulle onderling ooreengekom het, wat die implementering van die Media24-bemagtigingstransaksie reguleer, aanteken;
"Media24- gewone aandele"	gewone aandele met 'n pariwaarde van R0,0001 in die aandelekapitaal van Media24;
"Media24-verkoopooreenkoms"	die ooreenkoms aangaande die verkoop van en inskrywing op aandele, aangegaan tussen Naspers en Media24 Beherend, waarkragtens Media24 Beherend 92,31% van Media24 se gewone aandele sal verkry (wat na 'n voorgestelde terugkoop van aandele 96.99% sal word) en Naspers skryf in op 97 333 333 Media 24 Beherend- gewone aandele (synde 100% van sy uitgereikte aandelekapitaal);
"Minimum Beleggingstydperk"	'n tydperk van vyf jaar vanaf die Implementeringsdatum;
"Mohlaleng"	Mohlaleng Policy Advisory Services (Eiendoms) Beperk (registrasienommer 1998/008151/07), 'n privaat maatskappy wat in Suid-Afrika ingelyf is, 'n goedgekeurde SEB-verifiëringsentiteit of agentskap wie se adres en kontakbesonderhede in Aanhangsel III verskyn;
"Naspers"	Naspers Beperk (registrasienommer 1925/001431/06),'n openbare maatskappy wat in Suid-Afrika ingelyf is, wie se Klas N- gewone aandele (met 'n pariwaarde van 2 sent per aandeel) op die JSE en die NASDAQ Stock Market, Inc. genoteer is, en sy filiale en geassosieerdes op die datum van hierdie prospektus;
"Onderneming"	'n natuurlike of regspersoon, of enige vorm van koöperasie wat in Suid-Afrika handel dryf of 'n sakeonderneming bedryf of 'n beroep beoefen;
"openbare aanbod"	'n uitnodiging aan die Breë Swart Publiek om in te skryf op 14 600 000 Welkom Yizani gewone aandele;
"Openingsdatum"	die openingsdatum van die openbare aanbod, naamlik Vrydag 29 September 2006;
"oordragsekretarisse en administrateur"	Link Market Services South Africa (Eiendoms) Beperk (registrasienommer 2000/007239/07), 'n privaat maatskappy wat in Suid-Afrika ingelyf is;

"Persoon" of "persoon"	sluit in 'n natuurlike persoon, maatskappy, beslote korporasie of ander regspersoon of korporatiewe entiteit, liefdadigheidsorganisasie, vennootskap, trust, gesamentlike onderneming, sindikaat, stokvel of ander vereniging van persone of entiteite, en daardie persoon se regsverteenwoordigers en opvolgers;
"prima"	die openbaar gekwoteerde basiese rentekoers per jaar waarteen die Verwysingsbank op ongesekureerde oortrekkings uitleen, maandeliks agterna saamgestel en volgens 'n jaarfaktor van 365 dae bereken, ongeag of die jaar 'n skrikkeljaar is of nie;
"rand" of "R"	die Suid-Afrikaanse rand, die amptelike geldeenheid van Suid-Afrika;
"Registrateur"	die Registrateur van Maatskappye;
"SAID"	die Suid-Afrikaanse Inkomstediens;
"sakedag"	'n dag wat nie 'n Saterdag, Sondag of 'n amptelike openbare vakansiedag in Suid-Afrika is nie;
"SEB"	swart ekonomiese bemagtiging;
"SEBD"	sentrale effektebewaardeelnemer;
"SEB-eienaarskapsertifikaat van Voldoening"	beteken, met betrekking tot 'n Welkom Yizani gewone aandeelhouer, die sertifikaat (ten opsigte van die eienaarskapelement van SEB) uitgereik deur 'n erkende SEB-graderingsagentskap (of 'n ander geskikte persoon) wat van tyd tot tyd deur Naspers aangestel word, op versoek van Naspers, en sertifiseer (op die betrokke tydstip) enige of al die volgende: (i) die regstreekse of onregstreekse aandelebesit van sodanige Welkom Yizani gewone aandeelhouer en die samestelling van sy direksie (in die geval van 'n maatskappy), of die profiel van sy begunstigdes en die samestelling van sy trustees of ander sodanige lede van sy beheerliggaam (in die geval van 'n entiteit); en (ii) of sodanige Welkom Yizani gewone aandeelhouer 'n Swart Persoon, Swart Maatskappy of Swart Entiteit is of nie (na gelang van die geval);
"SENS"	die Sekuriteitebeurs-nuusdiens van die JSE;
"Sluitingsdatum"	die sluitingsdatum van die openbare aanbod, naamlik Vrydag, 27 Oktober 2006;
"soortgelyke of hoër SEB-status/gradering"	met betrekking tot die oordrag of voorgenome oordrag van Welkom Yizani gewone aandele deur 'n Swart Deelnemer, beteken dat 'n voorgestelde oordragontvanger 'n SEB-status/gradering (bepaal in ooreenstemming met die SEB-wetgewing wat op daardie tydstip van krag is) sal hê wat minstens gelyk aan of hoër as die SEB-status/gradering van die voorgestelde of werklike oordraggewer van sodanige gewone aandele is, sodat sodanige oordrag of voorgestelde oordrag nie 'n verlaging in die SEB-status/gradering van die onderneming wat gemeet word (of enige komponent van sodanige SEB-status/gradering) meebring nie;
"Snellergebeurtenis"	die gebeurtenisse en omstandighede soos uiteengesit in die Welkom Yizani Inskrywingsooreenkoms vir Voorkeuraandele en die statute (waarvan 'n opsomming in paragraaf 5.7.2 op bladsy 22 van hierdie prospektus gegee word) waarin die Welkom Yizani voorkeuraandeelhouers oorwegend geregtig sal word om by vergaderings van die Maatskappy te stem, die vroeë aflossing van die Welkom Yizani voorkeuraandele kan aanvra en ander stappe kan doen om aan hierdie regte uitvoering te gee;
"statute"	die statute van Welkom Yizani;
"Suid-Afrika"	die Republiek van Suid-Afrika;
"Swart Maatskappy"	'n maatskappy wat beide 'n "Maatskappy in Swart Meerderheidsbesit" is **en** gelyktydig 'n "Maatskappy onder Swart Meerderheidsbeheer" is, en 'n verwysing na "maatskappy" word op dieselfde wyse toegepas op 'n beslote korporasie of ander sodanige ingelyfde entiteit;
"Swart Entiteit"	'n trust, vennootskap, gesamentlike onderneming, sindikaat, "Stokvel", Breedgebaseerde Eienaarskema, Voordeelskema, Uitkeringskema of ander sodanige oningelyfde entiteit of assosiasie, waarvan die meerderheid van sy

	begunstigdes en trustees of ander sodanige verteenwoordiger van sy beheerliggaam (na gelang van die geval) Swart Maatskappye en/of Swart Mense is, egter met dien verstande dat sodanige Swart Entiteite (en trusts, Breedgebaseerde Eienaarskemas, Voordeelskemas en Uitkeringskemas in die besonder) voldoen aan die BGSEB-wetgewing (en die kodes vir goeie praktyk uitgereik kragtens die BGSEB-wet in die besonder) en daarkragtens kwalifiseer vir erkenning en meting van eienaarskap deur Swart Mense;
"Swart Groepe"	Swart Maatskappye en Swart Entiteite;
"Swart Nuwe Toetreder"	'n Swart Persoon wat: • 'n stemreg en ekonomiese belang het in 'n onderneming wat gemeet word; en • voor sy aansoek om 'n ekwiteitsbelang in Welkom Yizani, nie soortgelyke transaksies ten opsigte van enige ander onderneming aangegaan het wat 'n totale kumulatiewe waarde van R20 000 000 het nie, soos gemeet ooreenkomstig 'n aanvaarbare waardasiestandaard (d.i. 'n waardasie van 'n bate, 'n ekonomiese belang of enige ander instrument of reg, wat onderneem word volgens normale waardasiemetodes wat standaardmarkpraktyk verteenwoordig); *Let wel: Verwysing na 'n onderneming wat gemeet word, word vertolk as 'n verwysing na die onderneming wat aansoek doen om aan die Media24-bemagtigingstransaksie deel te neem.*
"Swart Deelnemers" of "Breë Swart Publiek"	afsonderlik en gesamentlik (na gelang van die konteks), Swart Mense, Swart Maatskappye en Swart Entiteite, wat geregtig is om in te skryf op en regstreeks en voordelig Welkom Yizani gewone aandele te besit ooreenkomstig die Welkom Yizani openbare aanbod, of toegelaat word om Welkom Yizani gewone aandele te besit kragtens die bepalings van die Media24 Beherend Aandeelhouersooreenkoms;
"Swart Mense" of "Swart Persoon"	het die betekenis wat daaraan toegeken word kragtens kode 000 van die kodes vir goeie praktyk uitgereik kragtens die BGSEB-wet (soos op die datum van hierdie prospektus in konsepvorm), naamlik Afrikane, Kleurlinge of Indiërs wat natuurlike persone is en wat: • deur geboorte of afkoms burgers van Suid-Afrika is; of • deur naturalisasie voor die aanvangsdatum van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, Nr. 200 van 1993 ("Tussentydse Grondwet"), burgers van Suid-Afrika is; of • na die aanvangsdatum van die Tussentydse Grondwet burgers van Suid-Afrika geword het, maar wat, as dit nie was vir die apartheidsbeleid wat voor daardie datum gegeld het nie, daarop geregtig sou gewees het om voor daardie datum deur naturalisasie burgerskap te verkry; of sodanige ander betekenis het wat van tyd tot tyd daaraan toegeken kan word kragtens die BGSEB-wetgewing, en "Swart Persoon" word dienooreenkomstig vertolk;
"Transaksiedokumente"	al die skriftelike ooreenkomste wat aangegaan is of sal word deur, onder andere, Naspers, Media24 Beherend, Media24 en/of Welkom Yizani met betrekking tot die Media24-bemagtigingstransaksie, saam met al die skriftelike dokumente met betrekking tot die Media24-bemagtigingstransaksie waarkragtens Media24 Beherend en/of Welkom Yizani enigsins regte en/of verpligtinge het (na gelang van die geval), en dit sluit die onderskeie Grondwetdokumente en die akte van oprigting en statute van Media24 Beherend in;
"Uitkeringskema"	soos beoog kragtens die kodes vir goeie praktyk uitgereik kragtens die BGSEB-wet, 'n breedgebaseerde eienaarskema waarin meer as 50 natuurlike persone bedoel is om uitkerings van die skema te ontvang wat betaalbaar is uit die ekonomiese belange ontvang deur die skema of deur die fiduciaria van die skema;

"Verify Solutions"	Verify Solutions (Eiendoms) Beperk (registrasienommer 2002/024918/07), 'n privaat maatskappy wat in Suid-Afrika ingelyf is, 'n goedgekeurde SEB-verifiëringsentiteit of –agentskap wie se adres en kontakbesonderhede in Aanhangsel III verskyn;
"Verkoopaandele"	tot 'n maksimum van 14 600 000 Media24 Beherend- gewone aandele teen 'n prys van R50,00 per aandeel;
"Verwysingsbank"	Die Standard Bank van Suid-Afrika Beperk of, indien (en vir so lank as wat) Die Standard Bank van Suid-Afrika Beperk ophou om die prima koers te kwoteer, ABSA Bank Beperk of, indien (en vir so lank as wat) nie een van hierdie banke die prima koers kwoteer nie, 'n geregistreerde Suid-Afrikaanse bank wat 'n prima koers kwoteer wat van tyd tot tyd skriftelik deur die meerderheid Welkom Yizani voorkeuraandeelhouers aangedui word;
"Via Afrika"	Via Afrika Beperk (registrasienommer 1949/035471/06, 'n openbare maatskappy wat in Suid-Afrika ingelyf is, en sy filiale en geassosieerdes op die datum van hierdie prospektus, 'n filiaal van Media24;
"Voordeelskema"	'n Breedgebaseerde Eienaarskema waarin meer as 50 natuurlike persone: • bedoel is om baat te vind by 'n ekonomiese belang ontvang deur die skema of deur die fiduciaria van die skema; en • die ekonomiese voordele wat betaal word uit die ekonomiese belang wat ontvang is, nie uitgekeer word nie maar eerder ten bate van die skema se geagte deelnemers aangewend word;
"Voldoeningstydperk vir Maatskappybemagtiging"	die tydperk wat begin op die Implementeringsdatum en duur vir so lank as wat die BGSEB-wetgewing van krag bly;
"volmaginstrument"	die volmaginstrument ten opsigte van Welkom Yizani se stemme by vergaderings van Media24 Beherend-aandeelhouers, soos uiteengesit in Welkom Yizani se statute;
"Voorkeurdrempel"	'n veranderlike getal Welkom Yizani voorkeuraandele soos bepaal ooreenkomstig die statute. Indien die openbare aanbod volskryf raak, sal hierdie Voorkeurdrempel aanvanklik 'n maksimum van 4 381 Welkom Yizani voorkeuraandele wees;
"WAOK"	Welkom Yizani Aandele-oordragkomitee;
"Welkom Yizani Eienaarskapsertifikaat van Voldoening"	beteken op enige tydstip die sertifikaat (ten opsigte van die eienaarskapelement van SEB) uitgereik deur 'n erkende SEB-graderingsagentskap (of 'n ander geskikte persoon) wat van tyd tot tyd deur Naspers aangestel word, op versoek van Naspers, en sertifiseer (op die betrokke tydstip) enige of al die volgende: (i) die regstreekse of onregstreekse aandelebesit van Welkom Yizani en die samestelling van sy direksie; en (ii) of Welkom Yizani 'n Swart Maatskappy is of nie;
"Welkom Yizani gewone aandele"	gewone aandele met 'n pariwaarde van R0,0000001 elk in die aandelekapitaal van Welkom Yizani;
"Welkom Yizani gewone aandeelhouers"	die geregistreerde en/of voordelige houers van Welkom Yizani gewone aandele;
"Welkom Yizani inskrywingsooreenkoms vir voorkeuraandele"	die inskrywingsooreenkoms vir voorkeuraandele aangegaan tussen Naspers en Welkom Yizani, waarkragtens Naspers inskryf op, en Welkom Yizani aan Naspers Welkom Yizani voorkeuraandele toeken en uitreik;
"Welkom Yizani" of "die Maatskappy"	Welkom Yizani Beleggings Beperk (registrasienommer 2006/021434/06), 'n openbare maatskappy wat in Suid-Afrika ingelyf is (voorheen Main Street 458 (Eiendoms) Beperk genoem);
"Welkom Yizani voorkeuraandeelhouers"	met betrekking tot elke Welkom Yizani voorkeuraandeel, voorlopig die geregistreerde houer van sodanige voorkeuraandeel, en die eerste voorkeuraandeelhouer is Naspers; en
"Welkom Yizani voorkeuraandele"	veranderlike koers, kumulatiewe aflosbare voorkeuraandele met 'n pariwaarde van R0,001 per aandeel in die gemagtigde aandelekapitaal van Welkom Yizani.

Omskrywings en vertolkings wat in hierdie prospektus gebruik is, is vervat op bladsye 10 tot 16.

1. INLEIDING EN DOEL VAN DIE OPENBARE AANBOD [7]

Op of ongeveer 27 September 2006 sal Naspers die Media24-bemagtigingstransaksie aankondig wat bedoel is om daartoe te lei dat Welkom Yizani 'n maksimum van 14 600 000 gewone aandele van Media24 Beherend koop. Media24 Beherend is die houermaatskappy van Media24.

Welkom Yizani is 'n maatskappy waarvan die enigste doelwit is om Media24 Beherend- gewone aandele ten bate van sy aandeelhouers, naamlik die Swart Deelnemers in die Media24-bemagtigingstransaksie, te koop en te besit.

'n Sleutelelement van die Media24-bemagtigingstransaksie is die inskrywing op Welkom Yizani gewone aandele deur die Breë Swart Publiek. Die prospektus word beskikbaar gestel aan potensiële Swart Deelnemers in die Media24-bemagtigingstransaksie om hulle te nooi om in te skryf op Welkom Yizani gewone aandele. Die koopprys van die Welkom Yizani gewone aandele word volledig beskryf in paragraaf 3 op bladsy 17 van hierdie prospektus.

2. IMPLEMENTERING VAN DIE MEDIA24-BEMAGTIGINGSTRANSAKSIE

Die Media24-bemagtigingstransaksie sal soos volg geïmplementeer word:

- vir elke Welkom Yizani gewone aandeel met 'n inskrywingsprys van R10,00 waarop daar kragtens hierdie prospektus ingeskryf word, sal Naspers aan Welkom Yizani een Media24 Beherend gewone aandeel teen 'n prys van R50,00 verkoop;
- die prys per Media24 Beherend- gewone aandeel is gebaseer op die onderliggende waarde van Media24, en die belang in Media24 is Media24 Beherend se enigste bate;
- die getal Media24 Beherend- gewone aandele wat deur Naspers verkoop kan word, word beperk tot 'n maksimum van 14 600 000 Media24 Beherend- gewone aandele; en
- vir elke Media24 Beherend- gewone aandeel wat teen R50,00 per aandeel gekoop word, sal Welkom Yizani dit soos volg finansier:
  - die uitgifte aan Swart Deelnemers van een Welkom Yizani gewone aandeel teen 'n uitgifteprys van R10,00 (d.i. 20% van die prys betaalbaar vir die Media24 Beherend- gewone aandeel); en
  - die uitgifte aan Naspers van vier Welkom Yizani voorkeuraandele teen 'n uitgifteprys van R10,00 per Welkom Yizani voorkeuraandeel (d.i. die aandele beloop altesaam 80% van die prys betaalbaar vir een Media24 Beherend- gewone aandeel).

3. BESONDERHEDE VAN DIE OPENBARE AANBOD

3.1 Die openbare aanbod [18(a)(i) – (iii), 18(a)(v), 23]

Klas Welkom Yizani gewone aandele wat te koop is:	Gewone
Pariwaarde per Welkom Yizani gewone aandeel:	R0,0000001
Aanbodprys per Welkom Yizani gewone aandeel:	R10,00
Getal Welkom Yizani gewone aandele aangebied vir inskrywing kragtens die openbare aanbod:	14 600 000

Die Welkom Yizani gewone aandele wat ooreenkomstig hierdie prospektus uitgereik en toegeken word, sal teenoor mekaar en teenoor bestaande uitgereikte Welkom Yizani gewone aandele in alle opsigte gelyke regte hê.

3.1.1 Minimum inskrywing per aansoeker [21]

Die openbare aanbod is nie daarvan afhanklik dat Welkom Yizani aansoeke ontvang vir die totale 14 600 000 Welkom Yizani gewone aandele wat aangebied word nie. Gevolglik is daar nie 'n totale minimum inskrywingsvereiste nie.

Die minimum waarop 'n Swart Deelnemer egter kan inskryf, is soos volg:

	Minimum getal Welkom Yizani gewone aandele	Prys per Welkom Yizani gewone aandeel	Minimum inskrywing per aansoeker
Swart Mense en Swart Groepe	20	R10,00	R200,00

3.1.2 **Maksimum inskrywing per aansoeker**

Geen Swart Deelnemer, tesame met sy geassosieerdes, mag op meer as 1 460 000 Welkom Yizani gewone aandele (dit is 'n maksimum inskrywing van R14 600 000 per aansoeker en sy geassosieerdes) of 10% van die totale uitgereikte gewone aandelekapitaal van Welkom Yizani, wat ook al die minste is, inskryf nie. Hoewel die Maatskappy nie enige Welkom Yizani gewone aandele sal toeken of uitreik aan 'n Swart Deelnemer wat hierdie perke oorskry nie, is dit uitsluitlik Swart Deelnemers se verantwoordelikheid om te verseker dat hulle, saam met hulle geassosieerdes, nie hierdie perke oorskry nie.

Let wel: Indien die maksimum perk van 10% ten opsigte van aandelebesit oorskry word, moet die aandeelhouer/s in verstek hulle ekstra Welkom Yizani gewone aandele bo en behalwe die maksimum perk van 10% TEEN HULLE PARIWAARDE aan Naspers verkoop ooreenkomstig die statute van Welkom Yizani.

3.1.3 **Toewysing van die Welkom Yizani gewone aandele kragtens die openbare aanbod**

Daar sal geen spesifieke toewysing van Welkom Yizani gewone aandele aan Swart Deelnemers wees nie. Indien geldige aansoeke egter ontvang word vir meer as die Welkom Yizani gewone aandele wat aangebied word, sal die toewysingsgrondslag onderhewig wees aan Naspers se diskresie, maar kan dit gegrond wees op die voorkeur waarvoor die toepaslike BGSEB-wetgewing voorsiening maak, met dien verstande dat voorkeur eerstens aan Swart Persone gegee sal word, tweedens aan Swart Groepe wat voorkeurverskaffers van Media24 is, en daarna aan ander Swart Groepe.

Die proses om Welkom Yizani gewone aandele aan inskrywers toe te ken en uit te reik, behoort binne 30 sakedae na die Sluitingsdatum afgehandel te wees, en die aansoekers sal dan in kennis gestel word van die getal Welkom Yizani gewone aandele wat aan hulle toegeken is. Indien vertragings met die toekenningsproses voorkom, kan die Direkteure hierdie aanvanklike tydperk van 30 sakedae met nie langer nie as 14 sakedae verleng.

Indien daar 'n oorinskrywing is, sal surplusgelde by wyse van elektroniese fondsoorplasing binne 30 sakedae na die Sluitingsdatum terugbetaal word. Indien vertragings met die toekenningsproses voorkom, kan die Direkteure hierdie aanvanklike tydperk van 30 sakedae met nie langer nie as 14 sakedae verleng. Geen rente sal betaal word op enige gelde wat terugbetaal word nie. Al die Welkom Yizani gewone aandele waarom aansoekers aangedoen het, of 'n deel daarvan of geen, kan dus aan hulle toegeken word.

3.2 **Individue of groepe wat mag deelneem**

Swart Mense of Swart Groepe kwalifiseer om aan die openbare aanbod deel te neem.

Die Direkteure behou die reg om te verifieer dat deelnemers Swart Mense of Swart Groepe is soos omskryf in hierdie prospektus. Dit is om te verseker dat daar slegs aan kwalifiserende Swart Deelnemers Welkom Yizani gewone aandele uitgereik word kragtens die openbare aanbod.

Die volgende sal van potensiële Swart Deelnemers vereis word:

3.2.1 ***Aansoekvorms***

Aansoeke kragtens die openbare aanbod om Welkom Yizani gewone aandele mag slegs gedoen word op en kragtens die aansoekvorms wat hierdie prospektus vergesel. Aansoeke om kragtens die openbare aanbod op Welkom Yizani gewone aandele in te skryf, moet gedoen word volgens die aansoekprosedure wat hieronder uiteengesit is:

(a) **Swart Mense moet:**

- die aansoekvorm (geel), wat by hierdie prospektus ingesluit is, invul en indien;
- 'n gesertifiseerde afskrif van die toepaslike bladsye van die aansoeker se Suid-Afrikaanse identiteitsdokument indien;

- indien die getal Welkom Yizani gewone aandele waarom die aansoeker aansoek doen 20 000 of meer Welkom Yizani gewone aandele is, 'n beëdigde verklaring indien wat bevestig dat hy 'n Swart Persoon is soos omskryf;
- in die geval van aansoekers met 'n bestaande bankrekening, bewys van die bank verskaf dat die rekening aan FIS se vereistes voldoen;
- in die geval van aansoekers sonder 'n bankrekening, 'n nuwe bankrekening by enige bank (insluitende FNB) open. Om die bank te help om aan die FIS-vereistes te voldoen, moet aansoekers bewys van woonplek indien, wat óf 'n afskrif van die jongste water- en/of elektrisiteitsrekening kan wees, óf 'n afskrif van 'n huurooreenkoms. Indien die woonplek nie op die aansoeker se naam geregistreer is nie, moet 'n afskrif van die water en/of elektrisiteitsrekening ingedien word saam met 'n brief van die geregistreerde inwoner wat bevestig dat so 'n persoon by hom bly; en
- die verklaring op die aansoekvorm teken dat hy 'n Swart Persoon en 'n Suid-Afrikaanse burger is.

(b) **Swart Groepe moet:**

- die aansoekvorm (blou), wat by hierdie prospektus ingesluit is, invul en indien;
- 'n afskrif indien van die inlywingsertifikaat (indien van toepassing) of ander vergelykbare dokument wat die geldige oprigting daarvan bewys. (Trustees moet byvoorbeeld magtigingsbriewe indien wat deur die Meester van die Suid-Afrikaanse Hooggeregshof uitgereik is, en oningelyfde verenigings moet 'n afskrif van hulle grondwet of akte van assosiasie indien);
- 'n beëdigde verklaring indien wat bevestig dat die maatskappy of entiteit 'n Swart Maatskappy of Swart Entiteit is soos omskryf;
- vir Swart Groepe wat om 20 000 of meer Welkom Yizani gewone aandele aansoek doen, 'n gesertifiseerde afskrif indien van die Aanvanklike SEB-eienaarskapsertifikaat van Voldoening, wat spesifiek verkry is vir die doel van die Media24-bemagtigingstransaksie;
- 'n lys indien van al die natuurlike persone wat beide regstreeks en onregstreeks die voordelige belang in die Swart Groep besit, en op die lys 'n uiteensetting gee van hierdie persone se name, ID-nommers, nasionaliteit, geslag, rasgroep en effektiewe persentasie ekonomiese (en, indien dit verskil, stem) belang wat hulle besit. Indien 'n effektiewe belang in die Swart Groep onregstreeks via 'n maatskappy of entiteit deur natuurlike persone besit word, word 'n gedetailleerde organogram vereis wat die volgorde van eienaarskap uiteensit; en
- die verklaring op die aansoekvorm teken dat die Swart Groep 'n Swart Maatskappy of Swart Entiteit is wat in Suid-Afrika ingelyf of gestig is.

3.2.2 ***Addisionele aansoekvorms***

Aansoekvorms en verdere afskrifte van hierdie prospektus is gedurende normale kantoorure verkrygbaar by die geregistreerde kantore van Welkom Yizani, Media24 en Link Market Services, wie se adresse in die Korporatiewe Inligting-afdeling van hierdie prospektus op bladsy 2 verskyn, en by enige FNB-tak.

Die prospektus is ook op die internet beskikbaar by die volgende webadres: www.mymedia24.co.za

3.2.3 ***Aansoek onherroeplik***

Aansoeke sal onherroeplik wees en mag nie teruggetrek word nadat hulle deur FNB ontvang is nie.

3.2.4 ***Behoud van regte***

Die Direkteure behou die reg om 'n aansoek of toewysings, hetsy geheel en al of gedeeltelik, te aanvaar of af te keur op 'n wyse wat hulle geheel na eie goeddunke bepaal.

3.2.5 ***Ontvangsbewyse***

Vir elke aansoek wat met die hand afgelewer en by 'n FNB-tak aanvaar word, sal die teller 'n ontvangsbewys uitreik vir die aansoekvorm, betaling en die stawende dokumente wat ontvang is.

3.2.6 ***Indiening van aansoekvorms***

Aansoekers moet die aansoekvorm wat by hierdie prospektus ingesluit is, invul en saam met die vereiste dokumente en betaling soos aangedui in paragraaf 3.2.1 en 3.2.7 op bladsy 18 en 20 van hierdie prospektus na hulle naaste FNB-tak neem. Die aansoek en vereiste dokumente sal by 'n FNB-tak geverifieer word en kan afgekeur word indien die aansoekvorm nie volledig ingevul is nie of indien al die vereiste dokumente nie aangeheg is nie.

Alle aansoeke moet voor die Sluitingsdatum, naamlik 15:00 op 27 Oktober 2006, deur FNB ontvang word. Aansoekvorms wat ná die Sluitingsdatum ontvang word, sal geïgnoreer word. Verder sal onvolledig ingevulde aansoekvorms of aansoekvorms wat nie al die vereiste dokumente bevat nie, afgekeur word en u inskrywingsgeld sal aan u terugbetaal word.

3.2.7 ***Betaling***

Die Welkom Yizani gewone aandele kan soos volg betaal word:

- per tjek of posorder, wat by die aansoekvorm aangeheg moet wees. Die tjek moet gekruis word deur "nie oordraagbaar nie" daarop te skryf en die woorde "of toonder" moet deurgehaal word. Die woorde "Welkom Yizani" moet agterop geskryf word en die tjek moet uitgemaak word ten gunste van **Welkom Yizani**. As die tjek geweier word, sal u aansoek afgekeur word; of
- per FNB-debietkaart wat saam met u ingevulde aansoekvorm by 'n FNB-tak voorgelê word; of
- in kontant, by 'n FNB-tak.

Let wel: Kredietkaartbetalings sal nie aanvaar word nie.

Die Direkteure mag geheel na eie goeddunke besluit of 'n betaling deur 'n aansoeker, wat op 'n ander wyse as 'n geldige betaling vir die doeleindes van die openbare aanbod gedoen is, aanvaar word of nie.

3.2.8 ***Aansoekgelde***

Die bedrag betaalbaar ten opsigte van die aansoek om Welkom Yizani gewone aandele kragtens die openbare aanbod is ten volle in rand betaalbaar. Alle gelde wat ten opsigte van aansoeke om Welkom Yizani gewone aandele ontvang word, sal deur Welkom Yizani opsygesit word as 'n aparte fonds in 'n aparte bankrekening. Indien daar 'n oorinskrywing is of indien enige van die aansoeke om enige ander rede nie ten volle of gedeeltelik aanvaar word nie, sal surplusgelde by wyse van elektroniese fondsoorplasing binne 30 sakedae na die Sluitingsdatum terugbetaal word. Indien vertragings met die toekenningsproses voorkom, kan die Direkteure hierdie aanvanklike tydperk van 30 sakedae met nie langer nie as 14 sakedae verleng. Geen rente sal betaal word op enige gelde wat terugbetaal word nie.

3.2.9 ***Uitgifte van die Welkom Yizani gewone aandele en regte verbonde aan die uitgereikte Welkom Yizani gewone aandele***

Welkom Yizani gewone aandele waarop daar kragtens hierdie prospektus ingeskryf word, sal nie ten koste van Media24 uitgereik word nie. Alle Welkom Yizani gewone aandele wat uitgereik word, sal toegeken en uitgereik word onderhewig aan die bepalings van die statute.

4. BELASTINGGEVOLGE

Kragtens die bestaande Inkomstebelastingwet sal enige wins wat Welkom Yizani gewone aandeelhouers uit die vervreemding van Welkom Yizani gewone aandele ná die Minimum Beleggingstydperk verkry, aan die normale belastingreëls onderhewig wees. Dit sluit kapitaalwinsbelasting en inkomstebelasting in, na gelang van verskillende faktore soos die betrokke Welkom Yizani gewone aandeelhouer se voorneme op die datum van inskrywing en by vervreemding van die Welkom Yizani gewone aandele. Swart Deelnemers word aangeraai om professionele advies in te win voordat hulle op aandele inskryf, om die belastingverpligtinge en gevolge voortspruitend uit die inskrywing en toekomstige verkoop van Welkom Yizani gewone aandele ten volle te verstaan teen die agtergrond van hulle persoonlike omstandighede.

Kragtens die bestaande Inkomstebelastingwet sal gewone dividende wat Welkom Yizani gewone aandeelhouers van Welkom Yizani ontvang, van belasting in hulle hande vrygestel wees. Korporatiewe aandeelhouers (maatskappye) sal geregtig wees op 'n ooreenstemmende sekondêre belasting op maatskappykrediet ten opsigte van sodanige dividende.

5. INLIGTING MET BETREKKING TOT WELKOM YIZANI

5.1 **Naam, adres, inlywing en geskiedenis** [1(a), 1(b), 6(a)(i) en 6(d)]

Welkom Yizani is 'n openbare maatskappy wat op 19 Mei 2006 in Suid-Afrika ingelyf is, en sy geregistreerde en kantooradres is Heerengracht 40, Kaapstad 8001. Voor die implementering van die openbare aanbod sal Welkom Yizani 'n volfiliaal van Naspers wees. Die aandele van Welkom Yizani sal nie op die JSE genoteer word nie.

5.2 **Aard van besigheid** [6(b) en 23]

Welkom Yizani se enigste doelwitte is om:

(i) die Transaksiedokumente aan te gaan;

(ii) sy regte en verpligtinge kragtens die Transaksiedokumente uitoefen en na te kom;

(iii) die hoofbesigheid te bedryf, naamlik om slegs Media24 Beherend- gewone aandele, kontant en sodanige bates te besit wat ontvang of verkry word uitsluitlik uit hoofde van of met betrekking tot die besit van Media24 Beherend- gewone aandele; en

(iv) dividende en ander uitkerings kragtens die Transaksiedokumente te ontvang en uit te keer.

5.3 **Historiese finansiële inligting** [25]

Welkom Yizani is eers op 19 Mei 2006 ingelyf. Daarom het dit nog nie sy eerste jaar sedert inlywing voltooi nie. Gevolglik kon die Maatskappy nog nie finansiële jaarstate lewer nie en is historiese finansiële inligting vir die Maatskappy nie beskikbaar nie.

Welkom Yizani se enigste doelwit is om die Media24 Beherend- gewone aandele te koop en te hou. Media24 Beherend sal op sy beurt 92,31% van die Media24- gewone aandele hou (wat na 'n voorgestelde terugkoop van aandele 96,99% sal word). Die pro forma- historiese finansiële inligting en pro forma-rekening van Media24 word verskaf in paragraaf 6.5 op bladsy 42 van hierdie prospektus.

5.4 **Vooruitsigte** [6(i)]

Welkom Yizani se prestasie en vooruitsigte sal in 'n groot mate afhang van die prestasie van die onderliggende Media24- gewone aandele wat deur Media24 Beherend besit word, Media24 se vooruitsigte, en bewegings in die prima koers. Swart Deelnemers word verwys na Media24 se vooruitsigte soos uiteengesit in paragraaf 6.3 op bladsy 40 van hierdie prospektus, asook na die jongste finansiële inligting oor Media24 wat in hierdie prospektus verstrek word.

Met inagneming van hierdie faktore is die Direksie se mening dat Welkom Yizani se vooruitsigte bevredigend is.

5.5 **Totale ekwiteitskapitaal wat deur Welkom Yizani verkry moet word**

Die totale ekwiteitskapitaal wat ooreenkomstig die openbare aanbod deur Welkom Yizani verkry word, sal 'n funksie wees van die getal aandele waarom aansoek gedoen word deur en wat uitgereik word aan die Breë Swart Publiek. Indien daar om die volle getal aandele wat beskikbaar gestel word, aansoek gedoen word en die volle getal aandele toegeken en uitgereik word, is die totale ekwiteit wat verkry sal word soos volg:

Tipe aandeel	**Getal aandele**	**Inskrywings-prys (R)**	**Beraamde bedrag wat verkry sal word (R'miljoen)**
Welkom Yizani gewone aandele	14 600 000	10,00	146
Welkom Yizani voorkeuraandele	58 400 000	10,00	584
Totaal – soos op die Implementeringsdatum van die openbare aanbod			**730**

5.6 **Dividende en ander kontantinkomste ontvang van Media24 Beherend, en die aanwending daarvan**

Tensy anders toegelaat deur die Welkom Yizani voorkeuraandeelhouers en op die grondslag dat Welkom Yizani nie in verstek is nie, moet Welkom Yizani die gewone kontantdividende en ander kontantinkomste wat van Media24 Beherend ontvang is, in die volgende volgorde van belangrikheid aanwend soos uiteengesit in die statute:

- eerstens moet Welkom Yizani van tyd tot tyd 'n redelike bedrag, maar nie meer as R50 000 per jaar nie (wat elke jaar toeneem), betaal of voorsien vir die koste – insluitende inkomstebelasting en/of kapitaalwinsbelasting en/of enige ander statutêre koste betaalbaar deur Welkom Yizani en uitgawes wat deur Welkom Yizani aangegaan is of aangegaan sal word in die loop van:
  - die daaglikse bestuur en administrasie van Welkom Yizani; en
  - die implementering van die bepalings van die Transaksiedokumente waartoe Welkom Yizani 'n party is;
- tweedens, in soverre fondse beskikbaar bly, en onderhewig aan die diskresie van die Welkom Yizani voorkeuraandeelhouers, moet Welkom Yizani 'n gewone dividend terughou en ongeveer jaarliks verklaar en aan die gewone aandeelhouers van die Maatskappy betaal en dit moet gelyk wees aan (tensy anders bepaal deur die Welkom Yizani voorkeuraandeelhouers) tot 'n maksimum van 20% van die oorblywende beskikbare fondse;
- derdens, in soverre fondse beskikbaar bly, moet Welkom Yizani enige voorkeurdividende betaalbaar verklaar en/of aan die Welkom Yizani voorkeuraandeelhouers betaal;

- vierdens, in soverre fondse beskikbaar bly, moet Welkom Yizani op elke voorkeuraflosdatum, soos uiteengesit in paragraaf 5.7.3 op bladsy 23 van hierdie prospektus, die Welkom Yizani voorkeuraandele aflos.

Enige spesiale dividende of uitkerings wat Welkom Yizani van Media24 Beherend ontvang, sal eers gebruik word om uitstaande voorkeurdividende te betaal, en daarna, in soverre dit toegelaat of vereis word, om die Welkom Yizani voorkeuraandele af te los.

Surplusfondse sal in die Maatskappy se Versamelrekening gehou word vir gebruik soos en wanneer, en in soverre, dit kragtens die statute toegelaat word.

Bogenoemde volgorde van belangrikheid van betalings en beperking op die betaling van gewone dividende sal ophou om te geld sodra die getal uitgereikte Welkom Yizani voorkeuraandele afgelos is tot en met of onder die Voorkeurdrempel is.

5.7 **Welkom Yizani voorkeuraandele** [8(c), 16]

5.7.1 ***Besonderhede van die voorkeuraandele uitgereik aan Naspers en die regte en voorregte daarvan***

Naspers het hom verbind om, deur die Welkom Yizani inskrywingsooreenkoms vir voorkeuraandele, voorkeuraandeelbefondsing ten bedrae van tot R584 000 000 aan Welkom Yizani te verskaf om Media24 Beherend- gewone aandele te koop, en sodanige addisionele befondsing te verskaf wat nodig kan wees om die uitgawes aangegaan deur die Maatskappy ten opsigte van die Media24-bemagtigingstransaksie te dek. Met ander woorde, vir elke Welkom Yizani gewone aandeel waarop daar kragtens hierdie openbare aanbod ingeskryf word, sal Naspers op vier Welkom Yizani voorkeuraandele inskryf teen R10,00 per Welkom Yizani voorkeuraandeel.

Welkom Yizani voorkeurdividende word normaalweg daagliks teen 75% van die prima koers bereken. Indien Welkom Yizani egter versuim om 'n voorkeurdividend volgens die volgorde van betalings te betaal, of versuim om die Welkom Yizani voorkeuraandele af te los wanneer hy dit moet doen, of andersins in verstek bly ten opsigte van die Welkom Yizani voorkeuraandele, sal die verstekbedrag 'n opgehoopte dividend teen die verstekkoers van prima plus 2% aantrek totdat die verstek aangesuiwer is. Die Welkom Yizani voorkeurdividende sal ook verhoog word, indien nodig, om die netto nabelaste opbrengs vir Welkom Yizani voorkeuraandeelhouers dieselfde te hou in die geval van:

(i) 'n verandering in wetgewing, regulasies of praktyk (of die vertolking of toepassing daarvan), of

(ii) 'n verandering in die belastingkoers, of

(iii) die oplegging van enige belasting, strafheffing of rente op die Welkom Yizani voorkeuraandeelhouer indien vergunnings of aftrekkings wat hulle ten opsigte van hulle voorkeuraandelebesit geëis het nie toegelaat word nie, omgekeer of verminder word; of

(iv) waar die Welkom Yizani voorkeuraandeelhouer(s) aan enige belasting onderhewig is wat nie in ag geneem is om die aanvanklike netto nabelaste opbrengs te bepaal nie.

Die Welkom Yizani voorkeurdividende sal ook verlaag word, indien nodig, om die netto nabelaste opbrengs vir Welkom Yizani voorkeuraandeelhouers dieselfde te hou in die geval van 'n gunstige verandering in wetgewing, regulasies of praktyk (of die vertolking of toepassing daarvan) of belastingkoers.

Kragtens die Welkom Yizani inskrywingsooreenkoms vir voorkeuraandele en die Grondwetdokumente, word Welkom Yizani nie toegelaat om enige ander lenings van derdeparty-befondsers te verkry nie.

5.7.2 **Snellergebeurtenisse**

Snellergebeurtenisse word in die statute omskryf en sluit in breë trekke die volgende in:

- sekere "insolvensie" of kredietverstektipe gebeurtenisse, wat insluit:

  (a) indien Welkom Yizani in voorlopige of finale likwidasie of sekwestrasie, of onder geregtelike bestuur geplaas word, of 'n besluit daarvoor aanvaar of voorgestel word;

  (b) indien Welkom Yizani 'n algemene skikkingsvoorstel aan sy krediteure voorlê of probeer voorlê, of aanbeveel; of

  (c) (tensy stappe om die uitspraak, beslissing of beslagleggingsbevel te herroep geïnisieer en met bekwame spoed opgevolg word) indien 'n hofuitspraak of arbitrasiebeslissing ten bedrae van R5 miljoen of meer teen Welkom Yizani gegee word, of indien enige van sy bates met 'n totale markwaarde van R10 miljoen of meer aan geregtelike beslaglegging onderwerp word, en

Welkom Yizani nie daarin kan slaag om binne 30 sakedae na sodanige uitspraak, beslissing of beslagleggingsbevel die beslissing of uitspraak te laat herroep of omkeer nie, of die beslagleggingsbevel te laat ophef nie, na gelang van die geval;

- indien Welkom Yizani kragtens enige Transaksiedokument waartoe hy 'n party is (insluitende die statute) in verstek is (of dit repudieer), en versuim om die verstek aan te suiwer ná kennisgewing deur die meerderheid Welkom Yizani voorkeuraandeelhouers;
- indien 'n wesenlike negatiewe verandering (soos omskryf in die statute) met betrekking tot Welkom Yizani voorkom en nie aangesuiwer word na kennisgewing deur die meerderheid Welkom Yizani voorkeuraandeelhouers nie;
- indien dit op enige tydstip vir Welkom Yizani onwettig is of word om al of enige van sy verpligtinge kragtens 'n Transaksiedokument waartoe hy 'n party is uit te voer of daaraan te voldoen, welke verpligtinge wesenlik is of as sodanig beskou word, of indien enige sodanige verpligtinge nie wettig, geldig, bindend en/of afdwingbaar is nie of ophou om dit te wees;
- indien Welkom Yizani kennisgewing ontvang van geregtelike stappe in opdrag van of voor 'n geregshof, staats- of semistaatsowerheid, wat jurisdiksie het oor Welkom Yizani en/of sy bates, welke geregtelike stappe behels of ten doel het dat Welkom Yizani verplig is of moet word om enige van sy bates met 'n waarde (afsonderlik of gesamentlik) gelyk aan of meer as R100 000 van die hand te sit.

Indien 'n Snellergebeurtenis voorkom, of Welkom Yizani versuim om wanneer nodig 'n uitgereikte Welkom Yizani voorkeuraandeel ten volle af te los, het die Welkom Yizani voorkeuraandeelhouers die reg om:

- (kragtens volmag) al of enige van die bates van Welkom Yizani te verkoop – insluitende die Media24 Beherend- gewone aandele maar nie daartoe beperk nie; en
- alleenlik die fondse wat namens Welkom Yizani ontvang is te administreer; en
- te stem by die vergaderings van Welkom Yizani, soos verder uiteengesit in paragraaf 5.7.4 hieronder.

5.7.3 ***Aflossingsregte en regte by deregistrasie, likwidasie of geregtelike bestuur***

Die Welkom Yizani voorkeuraandele is soos volg aflosbaar:

- na 10 jaar of sodanige verlengde tydperk wat Naspers kan toelaat vanaf die datum waarop daar op die Welkom Yizani voorkeuraandele ingeskryf is; of
- na 'n snellergebeurtenis (op versoek van die Welkom Yizani voorkeuraandeelhouers); of
- *voor* drie jaar en een dag na die inskrywingsdatum uit beskikbare kontant in die Maatskappy, soos uiteengesit in paragraaf 5.6 op bladsy 21 van hierdie prospektus (op versoek van Welkom Yizani) en indien sodanige aflossing vrywillig is; of
- *na* drie jaar en een dag na die inskrywingsdatum uit beskikbare kontant in die Maatskappy, soos uiteengesit in paragraaf 5.6 op bladsy 21 van hierdie prospektus, en sodanige aflossing is verpligtend.

Die Welkom Yizani voorkeuraandele mag nie (behalwe met die toestemming van die meerderheid Welkom Yizani voorkeuraandeelhouers) tot onder die Voorkeurdrempel afgelos word nie.

In die geval van die deregistrasie, likwidasie of geregtelike bestuur van Welkom Yizani sal die Welkom Yizani voorkeuraandeelhouers geregtig wees om die uitstaande bedrag verskuldig op hulle voorkeurbefondsing van Welkom Yizani (asook 'n breukdeel van die oorblywende bedrag) te ontvang voordat die Welkom Yizani gewone aandeelhouers likwidasiebetalings ten opsigte van hulle gewone aandele kan ontvang.

5.7.4 ***Stemregte ten opsigte van Welkom Yizani voorkeuraandele***

Welkom Yizani voorkeuraandele gee normaalweg nie aan Welkom Yizani voorkeuraandeelhouers die reg om by algemene vergaderings van Welkom Yizani te stem nie.

In beperkte omstandighede is Welkom Yizani voorkeuraandeelhouers egter daarop geregtig om sodanige vergaderings by te woon en daarop te stem. In breë trekke is hierdie omstandighede die volgende:

- indien (maar slegs so lank as wat) Welkom Yizani versuim om 'n voorkeurdividend te betaal of 'n Welkom Yizani voorkeuraandeel af te los wat afgelos moet word;
- indien (maar slegs so lank as wat) 'n snellergebeurtenis voorgekom het; en/of

- indien enige besluite voorgestel word ten opsigte van sekere aangeleenthede soos uiteengesit in die statute.

Verder mag nie een van die volgende stappe deur die Maatskappy gedoen word sonder die toestemming van, of spesiale besluit deur, die Welkom Yizani voorkeuraandeelhouers nie:

- enige verandering in die voorwaardes van die Welkom Yizani voorkeuraandele;
- enige vermindering of verandering in die aandelekapitaal of verklaarde kapitaal van die Maatskappy (behalwe soos bedoel in die Welkom Yizani inskrywingsooreenkoms vir voorkeuraandele of die statute);
- enige ander gebruik van die aandeelpremierekening as om die Welkom Yizani voorkeuraandele af te los of vir ander doeleindes wat in die statute toegelaat word; en
- die skep of uitgifte van aandele met voorkeurregte bo of gelyke regte met dié van die Welkom Yizani voorkeuraandele.

5.7.5 ***Stappe by die Maatskappy se vergaderings waarby Welkom Yizani voorkeuraandeelhouers kan stem***

By en ten opsigte van enige sodanige vergaderings van Welkom Yizani, geld die bepalings van die statute met betrekking tot die byeenroep van sodanige vergaderings en die stemming van Welkom Yizani gewone aandeelhouers *mutatis mutandis* vir die Welkom Yizani voorkeuraandeelhouer; met dien verstande dat geen besluit met betrekking tot sekere aangeleenthede gemeld in die statute by 'n vergadering van Welkom Yizani aanvaar kan word tensy die meerderheid Welkom Yizani voorkeuraandeelhouers ten gunste van die besluit gestem het nie. By 'n vergadering waarby die Welkom Yizani voorkeuraandeelhouers geregtig is om te stem, sal die Welkom Yizani voorkeuraandeelhouers in 'n stemming met stembriefies geregtig wees op 'n stem vir elke Welkom Yizani voorkeuraandeel wat hulle besit gelyk aan daardie persentasie van die totale stemme van die Maatskappy wat die nominale waarde van die Welkom Yizani voorkeuraandeel uitmaak van die totale bedrag van alle aandele uitgereik deur Welkom Yizani soos vereis kragtens artikel 195 van die Wet. Ten opsigte van sodanige aangeleenthede gee elke Welkom Yizani gewone aandeel eweneens aan die houer daarvan 'n stem gelyk aan daardie persentasie van die totale stemme van die Maatskappy wat die nominale waarde van die Welkom Yizani gewone aandeel uitmaak van die totale nominale bedrag van alle uitgereikte Welkom Yizani aandele.

5.8 **Werksaamhede van Welkom Yizani** [6(b) en 6(e)]

Welkom Yizani verwag om van tyd tot tyd gewone dividende uit sy belegging in Media24 Beherend te ontvang. Hierdie gewone dividende sal gebruik word vir die doeleindes soos uiteengesit in paragraaf 5.6 op bladsy 21 van hierdie prospektus.

5.9 **Verkryging van Media24 Beherend- gewone aandele deur Welkom Yizani**

Kragtens die Media24 Beherend verkoop-en-koop-ooreenkoms sal Welkom Yizani met behulp van die fondse wat met die uitreiking van Welkom Yizani gewone aandele en Welkom Yizani voorkeuraandele verkry is, die Verkoopaandele van Naspers ("die Verkoopaandele") verkry.

Die Verkoopaandele word verkoop met ingang van die Implementeringsdatum, van welke datum af alle risiko in en voordele verbonde aan hierdie aandele op Welkom Yizani sal oorgaan.

Die koopprys vir elke Verkoopaandeel is R50,00. Die koopprys word op die Implementeringsdatum in kontant deur Welkom Yizani aan Naspers betaal, by wyse van elektroniese fondsoorplasing na die bankrekening wat skriftelik deur Naspers gespesifiseer is (vry van valuta- en bankkommissie en vry van verrekening of enige ander terughouding of aftrekking en vry van enige heffings, bybetaling, verkoopbelasting, belasting op toegevoegde waarde, terughoubelasting of enige ander belastings, heffings of toeslag wat van tyd tot tyd gevra word). Ondanks voormelde is Naspers geregtig om die inskrywingsprys vir die Welkom Yizani voorkeuraandele teen die betaling van die koopprys te verreken.

5.9.1 ***Waarborge***

Kragtens die Media24 Beherend verkoop-en-koop-ooreenkoms het Naspers na sy beste wete en oortuiging die volgende waarborge aan Welkom Yizani gegee:

- dit is en sal die enigste geregistreerde en voordelige eienaar van die Verkoopaandele wees en sal op die register van lede van Media24 Beherend as die alleeneienaar van die Verkoopaandele verskyn;
- dit het die nodige bevoegdheid en gesag om die Media24 Beherend verkoop-en-koop-ooreenkoms aan te gaan en sy verpligtinge daarkragtens na te kom;

- geen persoon het op die Implementeringsdatum 'n reg of opsie of voorkoopsreg om enige van die Verkoopaandele te verkry of op enige van die onuitgereikte Media24 Beherend- gewone aandele in te skryf of hulle op te neem nie, en geen Verkoopaandele is onderhewig aan 'n retensiereg of ander voorkeurreg nie;
- Naspers is daarop geregtig om die Verkoopaandele aan Welkom Yizani te verkoop en by lewering daarvan aan Welkom Yizani sal Welkom Yizani die voordelige eienaar van die Verkoopaandele wees, met uitsluiting van alle ander persone.

Naspers is nie teenoor Welkom Yizani aanspreeklik vir betaling van skadevergoeding ten opsigte van 'n breuk van die waarborge vervat in die Media24 Beherend Verkoop-en-koop-ooreenkoms nie, tensy 'n skriftelike eis daarvoor voor of op die eerste verjaardag van die Implementeringsdatum voorgelê word en die beskikbare besonderhede uiteensit van die spesifieke aangeleentheid ten opsigte waarvan die eis ingedien word, insluitende 'n beraming van die bedrag van sodanige eis. Naspers se maksimum aanspreeklikheid vir skadevergoeding kragtens hierdie ooreenkoms, insluitende maar nie beperk tot skadevergoeding vir 'n breuk van waarborg nie, is hoogstens die koopprys wat werklik aan Naspers betaal is vir die Verkoopaandele.

5.9.2 ***Samewerking en ondersteuning***

Welkom Yizani en Naspers onderneem albei (op eie koste) om saam te werk en mekaar te help, en te sorg dat Media24 Beherend dit ook doen, deur die onderskeie aandeelhouers van sodanige inligting, rekords en dokumente met betrekking tot Media24 Beherend te voorsien wat redelikerwys van tyd tot tyd deur Welkom Yizani en/of Naspers vereis kan word vir rekeningkundige doeleindes en/of die voorbereiding en/of indiening deur die onderskeie partye van voorleggings aan toepaslike belastingowerhede of ander regulatiewe owerhede van tyd tot tyd.

5.10 **Wesenlike lenings** [9 en 16]

Op die laaste uitvoerbare datum, buiten soos in hierdie prospektus gemeld, het Welkom Yizani geen wesenlike uitstaande lenings gehad nie.

5.11 **Dividende en dividendbeleid** [6(f)(ii), (iii) en (iv)]

Aangesien Welkom Yizani 'n maatskappy is wat pas ingelyf is, het hy geen dividendgeskiedenis nie.

Daar word beoog dat Welkom Yizani volgens die diskresie van die Welkom Yizani voorkeuraandeelhouers en op die wyse soos in die statute bepaal, 'n maksimum van tot 20% van die gewone dividende ontvang van Media24 Beherend aan die Welkom Yizani gewone aandeelhouers verklaar vir so lank as wat die getal bestaande Welkom Yizani voorkeuraandele die Voorkeurdrempel oorskry. Vervolgens, tot tyd en wyl die uitgereikte Welkom Yizani voorkeuraandele tot 'n vlak gelyk aan of onder die Voorkeurdrempel afgelos word, sal 80% van die gewone dividende ontvang van Media24 Beherend gebruik word om die voorkeurdividend te betaal en (waar toegelaat of vereis) die Welkom Yizani voorkeuraandele af te los. (Sien afdeling 5.6 hierbo.)

Wanneer die uitgereikte Welkom Yizani voorkeuraandele afgelos is tot 'n vlak gelyk aan of onder die Voorkeurdrempel, sal die dividendbeleid deur die Maatskappy bepaal word.

5.12 **Aandelekapitaal en aandeelpremie** [6(a)(ii), 6(a)(iii), 8(a), 8(c), 8(d), 10, 11 en 20(a)]

Die tabel hieronder toon die gemagtigde en uitgereikte aandelekapitaal van die Maatskappy op die laaste uitvoerbare datum:

	R
Gemagtigde aandelekapitaal	
30 000 000 Welkom Yizani gewone aandeel van R 0,0000001 elk	3
120 000 000 Welkom Yizani voorkeuraandele van R 0,001 elk	120 000
Totale gemagtigde aandelekapitaal	**120 003**
Uitgereikte aandelekapitaal	
Een Welkom Yizani gewone aandeel van R0,0000001	0,0000001
Nul Welkom Yizani -voorkeuraandele van R0,001 elk	–
Totale uitgereikte aandelekapitaal	**0,0000001**
Aandelepremie	
Op een Welkom Yizani gewone aandele van R0,0000001	–
Op nul Welkom Yizani -voorkeuraandele van R0,001 elk	–
Totale aandelepremie	**Nul**

Die volgende wysigings aan die aandelekapitaal van Welkom Yizani het voor die datum van uitreiking van hierdie prospektus voorgekom 6(a)(ii) en 20(a):

- Welkom Yizani is ingelyf met 'n gemagtigde aandelekapitaal van 1 000 gewone aandele met 'n pariwaarde van R1,00 per aandeel;
- Welkom Yizani het 997 gemagtigde maar onuitgereikte gewone aandele gekanselleer sodat die gemagtigde aandelekapitaal bestaan het uit R3,00 verdeel in drie aandele van R1,00 elk;
- Welkom Yizani het sy gemagtigde gewone aandelekapitaal van drie gewone aandele met 'n pariwaarde van R1,00 elk en uitgereikte gewone aandelekapitaal van R1,00 verdeel in een gewone aandeel van R1,00 verder verdeel in 30 000 000 gemagtigde gewone aandele met 'n pariwaarde van R0,0000001 elk en 10 000 000 uitgereikte gewone aandele met 'n pariwaarde van R0,0000001 elk;
- Welkom Yizani het 9 999 999 gewone aandele elk met 'n pariwaarde van R0,0000001 teruggekoop, wat daartoe gelei het dat die uitgereikte aandelekapitaal uit een gewone aandeel met 'n pariwaarde van R0,0000001 bestaan;
- Welkom Yizani het 120 000 000 voorkeuraandele met 'n pariwaarde van R0,001 per aandeel geskep.

Geen aandele is voor die datum van uitreiking van hierdie prospektus deur Welkom Yizani uitgereik nie, buiten vir kontant.

Geen opsies of voorkeurregte ten opsigte van Welkom Yizani gewone aandele is voor die datum van uitreiking van hierdie prospektus deur Welkom Yizani toegestaan nie.

Afgesien van die inskrywing deur die inskrywer op een gewone aandeel by die inlywing van die Maatskappy, en oordrsg van sodanige aandeel aan Naspers was daar voor die datum van uitreiking van hierdie prospektus geen aanbiedinge vir inskrywing op of verkoop van aandele deur Welkom Yizani nie 6(a)(iii).

5.13 **Wesenlike veranderings** [31]

Welkom Yizani is eers op 19 Mei 2006 ingelyf en het geen vorige gepubliseerde inligting met betrekking tot sy bates, laste, finansiële en handelsposisie nie.

Sedert die inlywing van Welkom Yizani op 19 Mei 2006 en, soos op die laaste uitvoerbare datum:

- is Welkom Yizani op 24 Augustus 2006 van 'n private maatskappy in 'n openbare maatskappy omskep;
- het Welkom Yizani die korporatiewe stappe onderneem waarna in paragraaf 5.12 verwys word;
- het Welkom Yizani die reg om tot 14 600 000 Media24 Beherend- gewone aandele teen 'n prys van R50,00 per aandeel te koop;
- het Welkom Yizani goedkeuring om tot 58 400 000 voorkeuraandele teen 'n prys van R10,00 per voorkeuraandeel aan Naspers uit te reik; en
- het Welkom Yizani die Transaksiedokumente aangegaan waartoe hy 'n party is en die Grondwetdokumente aanvaar.

Geen wesenlike veranderings buiten bogenoemde het tussen die datum van inlywing en die datum van hierdie prospektus plaasgevind nie.

5.14 **Toereikendheid van kapitaal** [22]

Die Direkteure is van oordeel dat in die gewone gang van sake:

- die bedryfskapitaalbronne van Welkom Yizani toereikend sal wees vir sy huidige vereistes en sy vereistes oor die kort termyn, naamlik vir minstens 12 maande ná die datum van hierdie prospektus; en
- die uitgereikte aandelekapitaal van Welkom Yizani toereikend sal wees vir die doel van sy onderneming oor die kort termyn.

5.15 **Wesenlike kontrakte** [16]

Die enigste wesenlike kontrakte wat deur Welkom Yizani aangegaan is, is die volgende:

- die Media24 Beherend verkoop-en-koop-ooreenkoms;
- die Welkom Yizani inskrywingsooreenkoms vir voorkeuraandele; en
- die Media24 Beherend Aandeelhouersooreenkoms.

Hierdie ooreenkomste is ter insae beskikbaar by Welkom Yizani se geregistreerde kantore soos beskryf in paragraaf 8 op bladsy 44 van hierdie prospektus.

5.16 **Ander** [6(c), 6(e)(i) en 6(e)(ii)]

Op die laaste uitvoerbare datum, buiten soos in hierdie prospektus gemeld, het Welkom Yizani geen:

- filiaalmaatskappye gehad nie;
- vaste eiendom (besit of gehuur) gehad nie; en
- wesenlike kapitaalverpligtinge, huurbetalings of verpligtinge ten opsigte van gebeurlikheidsaanspreeklikheid gehad nie.

5.17 **Gronwetdokumente**

5.17.1 ***Algemeen***

Die Grondwetdokumente bevat verskeie bepalings wat die oordrag van Welkom Yizani gewone aandele beperk, asook verskeie ander regte en/of verpligtinge van Welkom Yizani gewone aandeelhouers. Deur in te skryf op die Welkom Yizani gewone aandele kragtens die openbare aanbod, word alle Welkom Yizani gewone aandeelhouers geag kennis te dra van hierdie beperkings, regte en verpligtinge, en hiermee in te stem om daardeur gebind te word.

Benewens die bepalings wat elders in hierdie prospektus uitgewys is, sluit die belangrikste bepalings die volgende in:

- Welkom Yizani is opgerig as 'n maatskappy met die hoofdoel om Media24 Beherend- gewone aandele te verkry en te hou;
- die bevoegdheid van Welkom Yizani is beperk tot wat streng noodsaaklik is, soos aangeteken in die Grondwetdokumente;
- Welkom Yizani is slegs geregtig om Media24 Beherend- gewone aandele, kontant en enige bate te besit wat deur Welkom Yizani as 'n houer van Media24 Beherend- gewone aandele ontvang of verkry is;
- Welkom Yizani moet sy aanvanklike kontant vir die koop van Media24 Beherend- gewone aandele gebruik, en sy toekomstige kontant vir die aflos van die Welkom Yizani voorkeuraandele en om vir die Welkom Yizani voorkeurdividende en gewone dividende te betaal.
- Welkom Yizani word verbied om enige van sy aandele in Media24 Beherend op enige tydstip te beswaar (tensy Naspers skriftelike toestemming verleen);
- Welkom Yizani word verbied om sy aandelekapitaal te wysig en enige van sy gewone aandele te verkry (terug te koop); en
- gedurende die Voldoeningstydperk vir Maatskappybemagtiging en/of so lank as wat Welkom Yizani voorkeuraandele uitgereik bly, mag geen betalings aan Welkom Yizani gewone aandeelhouers gedoen word nie, tensy sodanige betaling toegelaat word ooreenkomstig die Transaksiedokumente (en in die besonder die Welkom Yizani inskrywingsooreenkoms vir voorkeuraandele en die statute).

5.17.2 ***Beperkings van toepassing op Media24 Beherend- gewone aandele in Welkom Yizani se besit***

Behoudens bepalings kragtens die Transaksiedokumente mag Welkom Yizani op geen tydstip Media24 Beherend- gewone aandele wat hy besit, verkoop of beswaar nie, tensy Naspers geheel na eie goeddunke skriftelike toestemming daartoe verleen het, en Media24 Beherend mag nie die oordrag van Media24 Beherend- gewone aandele deur Welkom Yizani aan enige persoon aanvaar en/of registreer tensy Naspers sodanige toestemming verleen het nie.

5.17.3 ***Beperkings van toepassing op die Welkom Yizani gewone aandeelhouers***

Media24 is onderhewig aan BGSEB-wetgewing. Gevolglik moet Naspers stappe doen om te verseker dat billike bemagtiging in Welkom Yizani nie verwater word nie. Om hierdie doel te verwesenlik, geld die volgende beperkings vir gewone aandeelhouers van Welkom Yizani:

5.17.3.1 Slegs Swart Deelnemers mag om Welkom Yizani gewone aandele aansoek doen of sulke aandele besit.

5.17.3.2 Tensy anders ooreengekom tussen Naspers en Welkom Yizani, moet alle Welkom Yizani gewone aandele ná die sluiting van die openbare aanbod in 'n gesertifiseerde vorm gehou word en alle aandeelsertifikate moet by Link Market Services ingegee word vir veilige bewaring.

Indien 'n Welkom Yizani gewone aandeel op enige tydstip nie in 'n gesertifiseerde vorm gehou word nie (om watter rede ook al) ondanks die feit dat Naspers en Welkom Yizani anders ooreengekom het, dan:

- moet sodanige Welkom Yizani gewone aandeel in 'n gesertifiseerde vorm omskep word binne 14 dae na ontvangs van 'n skriftelike kennisgewing van Naspers om dit te doen;
- so lank as wat sodanige Welkom Yizani gewone aandeel nie in 'n gesertifiseerde vorm is nie, kan dit net vir bewaring ingegee word by 'n SEBD wat deur Naspers goedgekeur is, met dien verstande dat 'n mandaatooreenkoms met so 'n SEBD die beperkings moet erken wat by oordrag van Welkom Yizani gewone aandele opgelê word, soos vervat in die statute; en
- mag daar nie aan so 'n SEBD opdragte gegee word wat strydig met die statute of die Media24 Beherend Aandeelhouersooreenkoms is of dit sal meebring nie.

5.17.3.3 Indien 'n Welkom Yizani gewone aandeelhouer sterf, mag sy Welkom Yizani gewone aandele aan sy erfgenaam oorgedra word – egter met dien verstande dat sodanige erfgenaam minstens 'n soortgelyke of hoër SEB-status/gradering het. Indien die erfgenaam nie 'n soortgelyke of hoër SEB-status/gradering het nie, moet die erfgenaam die betrokke Welkom Yizani gewone aandele binne ses maande nadat hulle in besit geneem is, oordra aan 'n Kwalifiserende Gewone Aandeelhouer wat is 'n Swart Persoon is. Indien die erfgenaam versuim om die Welkom Yizani gewone aandele binne hierdie sesmaande-tydperk oor te dra, sal dit lei tot 'n Welkom Yizani Aandeelhouersverstekgebeurtenis (soos bedoel in paragraaf 5.17.9 op bladsy 31 van hierdie prospektus). Hierdie paragraaf geld eweneens vir die noodgedwonge sekwestrasie of verpligte likwidasie van 'n Welkom Yizani gewone aandeelhouer.

5.17.3.4 Let asseblief daarop dat daar, ooreenkomstig die bepalings van die Media24 Beherend Aandeelhouersooreenkoms, geen beperking op Naspers, sy genomineerdes of geassosieerdes is om Welkom Yizani gewone aandele te verkry en te besit nie. Indien Naspers en/of sy genomineerde/s en/of sy geassosieerde/s om watter rede ook al op enige tydstip die voordelige en/of geregistreerde houer/s van Welkom Yizani gewone aandele word, word Naspers en/of sy genomineerde/s en/of sy geassosieerde/s vrygestel van enige en al die bepalings van die Media24 Beherend Aandeelhouersooreenkoms en die statute, wat die oordrag van Welkom Yizani gewone aandele en die beperkings op die hou van sodanige aandele slegs deur Swart Deelnemers reguleer.

5.17.3.5 Gedurende die Minimum Beleggingstydperk:

- Geen Welkom Yizani gewone aandeelhouer is geregtig om 'n gewone aandeel wat hy hou te verkoop of te beswaar nie.
- Welkom Yizani mag op geen tydstip gedurende hierdie tydperk die vrywillige oordrag van 'n gewone aandeel aanvaar en registreer nie, behalwe soos toegelaat kragtens die statute.

5.17.3.6 Ná die Minimum Beleggingstydperk maar gedurende die Voldoeningstydperk vir Maatskappybemagtiging:

- Welkom Yizani gewone aandele mag slegs aan kwalifiserende Swart Mense of Swart Groepe met 'n soortgelyke of hoër SEB-status/gradering oorgedra word.
- Naspers sal die WAOK op die been bring, waarvan die samestelling van tyd tot tyd deur Naspers bepaal sal word, om enige voorgestelde oordrag van Welkom Yizani gewone aandele (insluitende die oordrag van voordelige eienaarskap) te oorweeg en die SEB-status/gradering van 'n voorgestelde oordragontvanger te verifieer.
- Naspers moet, via die WAOK (of sy agente), sy beste handelspogings aanwend om die Handelsmark daar te stel met die doel om handel in Welkom Yizani gewone aandele moontlik te maak, te alle tye onderhewig aan die beperkings wat opgelê word op die oordrag van eienaarskap van sodanige Welkom Yizani gewone aandele kragtens die Media24 Beherend Aandeelhouersooreenkoms en die statute;
- Alle voorgestelde oordragte van Welkom Yizani gewone aandele, wat hetsy op die Handelsmark of andersins aangegaan sal word, moet by die WAOK ingedien word saam met die volgende stawende dokumente:

(i) ten opsigte van individue, 'n afskrif van die betrokke bladsye van die oordragontvanger se Suid-Afrikaanse identiteitsdokument, bewys van woonplek en 'n beëdigde verklaring wat deur die voorgestelde oordragontvanger geteken is en bevestig dat die voorgestelde oordragontvanger 'n Swart Persoon is;

(ii) ten opsigte van Swart Maatskappye, 'n gesertifiseerde afskrif van hulle jongste SEB-eienaarskapsertifikaat van Voldoening, 'n gesertifiseerde afskrif van hulle akte van oprigting en statute, 'n gesertifiseerde afskrif van hulle aandele-oordragregister, en sodanige ander dokumente wat redelikerwys deur die WAOK vereis kan word; en

(iii) ten opsigte van Swart Entiteite, 'n gesertifiseerde afskrif van enige toepaslike grondwetlike of sodanige ander dokument, gesertifiseerde afskrifte van die betrokke bladsye van die identiteitsdokumente van die trustees of verteenwoordigers van die beheerliggaam van sodanige entiteit (indien enige) en sodanige ander dokumente wat redelikerwys deur die WAOK vereis kan word.

- is die WAOK (of sy agent) by oorweging van 'n voorgestelde oordrag van Welkom Yizani gewone aandele, met die oog op die bepaling van die SEB-status/gradering van 'n voorgestelde oordragontvanger, daarop geregtig om benewens addisionele dokumente wat nodig kan wees, ook te versoek dat sodanige oordragontvanger (op sy eie koste) 'n SEB-eienaarskapsertifikaat van Voldoening voorlê.

5.17.3.7 Swart Deelnemers is nie en sal nie daarop geregtig wees om 'n ooreenkoms aan te gaan waarkragtens hulle Welkom Yizani gewone aandele as sekuriteit gebruik of dit op enige ander wyse beswaar word nie.

INDIEN 'N PERSOON ENIGE VAN HIERDIE BEPERKINGS OORTREE, IS NASPERS DAAROP GEREGTIG OM TE EIS DAT SODANIGE PERSOON DIE WELKOM YIZANI GEWONE AANDELE ONDERHEWIG AAN DIE BREUK TEEN HULLE PARIWAARDE AAN NASPERS VERKOOP.

5.17.4 ***Ander beperkings van toepassing op die Welkom Yizani gewone aandeelhouers***

5.17.4.1 Geen Welkom Yizani gewone aandeelhouer mag op enige tydstip minder as 20 Welkom Yizani gewone aandele hou nie, en ook nie voordelig, hetsy afsonderlik of saam met sy geassosieerdes, op enige tydstip meer as 10% van die totale getal uitgereikte Welkom Yizani gewone aandele op daardie tydstip hou nie.

5.17.4.2 Geen Welkom Yizani gewone aandeelhouer mag op enige tydstip gesamentlik met 'n ander Welkom Yizani gewone aandeelhouer optree nie in enige aangeleentheid rakende 'n stemming ten opsigte van die Welkom Yizani gewone aandele by enige vergadering, of 'n stemming ten opsigte van die Media24 Beherend- gewone aandele deur Welkom Yizani by 'n vergadering van Media24 Beherend (in ooreenstemming met die volmaginstrument).

INDIEN 'N PERSOON ENIGE VAN HIERDIE BEPERKINGS OORTREE, IS NASPERS DAAROP GEREGTIG OM TE EIS DAT SODANIGE PERSOON DIE WELKOM YIZANI GEWONE AANDELE ONDERHEWIG AAN DIE BREUK TEEN HULLE PARIWAARDE AAN NASPERS VERKOOP.

5.17.5 ***Lidmaatskap***

Slegs Swart Mense en Swart Groepe wat kwalifiseer om Welkom Yizani gewone aandeelhouers te word, kan na die Sluitingsdatum Welkom Yizani gewone aandeelhouers wees.

Mense of groepe wat vals verklarings ten opsigte van hulle SEB-status/gradering in die aansoekvorms aflê, oortree dus hierdie bepaling en sal die Welkom Yizani gewone aandele wat aan hulle toegeken en uitgereik is teen **PARIWAARDE** aan Naspers moet verkoop.

Groepe wat ten tye van die verkryging van Welkom Yizani gewone aandele kwalifiseer om as Swart Groepe geklassifiseer te word, maar daarna hulle aandelebesit of lidmaatskap sodanig verander dat hulle nie meer as 'n Swart Groep geklassifiseer kan word nie, sal ook hulle Welkom Yizani gewone aandele teen **PARIWAARDE** aan Naspers moet verkoop.

In soverre, en ongeag die rede hoekom (hetsy doelbewus, weens nalatigheid of toevallig), 'n Welkom Yizani gewone aandeel gehou word deur of oorgedra word aan 'n Persoon wat nie 'n Swart Deelnemer is nie ("die Nie-kwalifiserende Aandeelhouer"), sal sodanige Welkom Yizani gewone aandeel:

- geen reg aan die Nie-kwalifiserende Aandeelhouer verleen op 'n dividend, uitkering of betaling uit hoofde van die hou van daardie Welkom Yizani gewone aandeel nie, of om andersins te deel in 'n voordeel waarop die gewone aandeelhouers uit hoofde van hulle hou van Welkom Yizani gewone aandele geregtig is nie;
- meebring dat sodanige Nie-kwalifiserende Aandeelhouer op die datum waarop sodanige Welkom Yizani gewone aandeel verkry is deur of oorgedra is aan sodanige Nie-kwalifiserende Aandeelhouer, geag word alle stemregte verbonde aan sodanige Welkom Yizani gewone aandeel kragtens die Media24 Beherend Aandeelhouersooreenkoms of die statute aan Naspers of sy genomineerde te gesedeer het, en Naspers of sy genomineerde onherroeplik aan te gestel het as gevolmagtigde vir die uitoefening van sodanige stemregte; en
- ooreenkomstig voormelde sessie van stemregte, meebring dat Naspers of sy genomineerde daarop geregtig is om stemreg uit te oefen ten opsigte van sodanige Welkom Yizani gewone aandele by 'n algemene vergadering van Media24 Beherend in ooreenstemming met die volmagbepalings soos uiteengesit in die statute, en bespreek in paragraaf 5.17.6 hieronder.

5.17.6 ***Stemregte ten opsigte van Welkom Yizani gewone aandele***

Elke Welkom Yizani gewone aandeel verteenwoordig 'n reg op een stem op algemene vergaderings van Media24 Beherend as volmag namens Welkom Yizani. Aanvanklik verteenwoordig elke Welkom Yizani gewone aandeel met ander woorde een Media24 Beherend gewone aandeel soos deur Welkom Yizani gehou. Indien hierdie verhoudings om enige rede verander en daar nie meer pariteit tussen die Welkom Yizani gewone uitgereikte aandele en die Media24 Beherend- gewone aandele gehou deur Welkom Yizani bestaan nie, is die Welkom Yizani gewone aandeelhouers op soveel stemme by algemene vergaderings van Media24 Beherend gewone aandeelhouers geregtig wat in verhouding is tot die Welkom Yizani gewone aandele wat sodanige aandeelhouer hou.

5.17.7 ***Aandelesertifikate***

'n Persoon wat Welkom Yizani gewone aandele voordelig hou, is geregtig op 'n sertifikaat wat die getal aandele spesifiseer waaruit dit uitgereik is. Alle aandelesertifikate uitgereik aan Welkom Yizani gewone aandeelhouers sal gedurende die Voldoeningstydperk vir Maatskappybemagtiging:

- soos volg geëndosseer word:

  "Hierdie sertifikaat (waarvan 'n afskrif deur die Maatskappysekretaris van Welkom Yizani Beleggings Beperk in 'n lêer gehou word) en die aandele wat hierdeur verteenwoordig word, is slegs oordraagbaar by voldoening aan die bepalings van die Media24 Beherend Aandeelhouersooreenkoms, soos van tyd tot tyd gewysig, en in die spesifieke omstandighede soos bedoel in die akte van oprigting en statute van die Maatskappy (waarvan 'n afskrif deur die Maatskappysekretaris van Welkom Yizani Beleggings Beperk in 'n lêer gehou word). Beperkings is ook van toepassing op die oordrag van alle en enige regte in en op die aandele en op die toestaan van beswarings op die aandele"; en

- teruggehou en gehou word deur Link Market Services. Sodanige aandelesertifikate word slegs vrygestel, indien nodig, vir die implementering van 'n oordrag wat kragtens die Transaksiedokumente en die statute toegelaat word op die grondslag dat nadat sodanige oordrag geïmplementeer is, alle aandelesertifikate voortspruitend uit sodanige oordrag deur Link Market Services teruggehou en gehou word.

5.17.8 ***Die Welkom Yizani Eienaarskapsertifikaat van Voldoening***

5.17.8.1 Welkom Yizani en elkeen van die Welkom Yizani gewone aandeelhouers erken hoe belangrik dit vir Media24 en Naspers is om onder andere die suksesvolle implementering van die Media24-bemagtigingstransaksie aan belanghebbendes in Naspers en Media24 asook die betrokke owerhede te bewys. Vervolgens erken en aanvaar hulle dat Naspers van tyd tot tyd (en minstens een keer per jaar) daarop geregtig sal wees om, na eie goeddunke en skriftelik, Welkom Yizani om die voorbereiding en uitreiking van die Welkom Yizani Eienaarskapsertifikaat van Voldoening te vra.

5.17.8.2 Welkom Yizani moet, vir so lank as wat die Media24 Beherend Aandeelhouersooreenkoms van krag bly, ten volle saamwerk met Naspers en sy verteenwoordigers en hulle help deur hulle toegang te gee tot alle inligting en rekords wat in sy besit is of wat hy in sy besit mag en/of moet hou of vra om in sy besit te stel, binne 10 sakedae nadat Naspers of sodanige verteenwoordigers dit skriftelik aangevra het met die doel om Naspers in staat te stel om die uitreiking van die Welkom Yizani Eienaarskapsertifikaat van Voldoening te verkry.

5.17.8.3 Om die voorbereiding van die Welkom Yizani Eienaarskapsertifikaat van Voldoening te bewerkstellig, sal Naspers geheel na eie goeddunke geregtig wees om Welkom Yizani skriftelik te versoek om 'n SEB-eienaarskapsertifikaat van Voldoening ten opsigte van 'n Welkom Yizani gewone aandeelhouer wat die SEB-status/gradering van sodanige Welkom Yizani gewone aandeelhouer bevestig, te lewer binne 45 dae na ontvangs deur Welkom Yizani van sodanige skriftelike versoek. Verder is Welkom Yizani op enige tydstip daarop geregtig om 'n Welkom Yizani gewone aandeelhouer te versoek om 'n SEB-eienaarskapsertifikaat van Voldoening te lewer, en sodanige Welkom Yizani gewone aandeelhouer is verplig om dit te lewer binne 30 dae na ontvangs van 'n skriftelike versoek om dit te doen. Die koste om so 'n SEB-eienaarskapsertifikaat van Voldoening te verkry, hetsy aangevra deur Naspers of Welkom Yizani, is vir die rekening van die betrokke Welkom Yizani gewone aandeelhouer, of indien sodanige Welkom Yizani gewone aandeelhouer versuim om aan sodanige finansiële verpligting te voldoen, dan vir Welkom Yizani. Versuim deur die Welkom Yizani gewone aandeelhouer om betyds so 'n SEB-eienaarskapsertifikaat van Voldoening te lewer, is 'n Welkom Yizani Aandeelhouersverstekgebeurtenis soos bedoel in paragraaf 5.17.9 hieronder en aktiveer die koopopsiereg wat daarin uiteengesit word.

5.17.9 ***Koopopsie ten gunste van Naspers***

5.17.9.1 Indien Welkom Yizani en/of enige van die Welkom Yizani gewone aandeelhouers op enige tydstip gedurende die Voldoeningstydperk vir Maatskappybemagtiging:

5.17.9.1.1 'n daad begaan, of indien daar 'n gebeurtenis of omstandigheid ontstaan (hoe dit ook al ontstaan), wat 'n oortreding van sekere gespesifiseerde bepalings van die Media24 Beherend Aandeelhouersooreenkoms uitmaak of meebring, en versuim om hierdie breuk te herstel binne 30 dae na ontvangs van skriftelike kennisgewing om dit te doen; of

5.17.9.1.2 gelikwideer, onder geregtelike bestuur geplaas of gesekwestreer word, of daar besluite voorgestel of geneem word om dit te doen, na gelang van die geval, hetsy voorlopig of finaal; of

5.17.9.1.3 met enigeen of meer van sy krediteure oor die algemeen 'n kompromie aangaan of probeer aangaan of aanbied om dit te doen,

hierdie gebeurtenisse synde "Verstekgebeurtenisse", en, waar Welkom Yizani sodanige Verstekgebeurtenis begaan het, 'n "Welkom Yizani Verstekgebeurtenis", of waar 'n Welkom Yizani gewone aandeelhouer sodanige gebeurtenis begaan het, 'n "Welkom Yizani Aandeelhouersverstekgebeurtenis" voorkom, dan:

5.17.9.1.4 wat 'n Welkom Yizani gewone Aandeelhouersverstekgebeurtenis betref:

moet Naspers die betrokke Welkom Yizani gewone aandeelhouer skriftelik daarvan verwittig en hom versoek om daardie Verstekgebeurtenis binne 30 dae reg te stel. Indien die Welkom Yizani gewone aandeelhouer versuim om dit te doen, is Naspers daarop geregtig om by skriftelike kennisgewing aan die betrokke Welkom Yizani gewone aandeelhouer te dien effekte te eis dat sodanige Welkom Yizani gewone aandeelhouer aan Naspers al sy Welkom Yizani gewone aandele of sodanige kleiner getal daarvan wat die breuk sou herstel, te verkoop soos Naspers verkies ("die Opvorderingsaandele"). Die Welkom Yizani gewone aandeelhouer is verplig om die opvorderingsaandele teen hulle pariwaarde te verkoop;

5.17.9.1.5 wat 'n Welkom Yizani Verstekgebeurtenis betref:

in soverre Naspers bewus word van sodanige gebeurtenis (met dien verstande dat, met betrekking tot 'n verbreking van die Media24 Beherend Aandeelhouersooreenkoms, die Verstekgebeurtenis moontlik Media24 se vermoë aantas om sy SEB-gradering kragtens die BGSEB-wetgewing te optimeer), moet Naspers Welkom Yizani skriftelik daarvan verwittig en Welkom Yizani versoek om sodanige Verstekgebeurtenis reg te stel binne 30 dae na ontvangs van sodanige skriftelike versoek. Indien Welkom Yizani versuim om sodanige Welkom Yizani Verstekgebeurtenis reg te stel, is Naspers daarop geregtig om by skriftelike kennisgewing te eis dat Welkom Yizani sy Media24 Beherend- gewone aandele teen hulle billike markwaarde minus 20% aan Naspers verkoop.

5.17.9.2 Vir die doeleindes van hierdie koopopsie beteken "billike markwaarde" die billike markwaarde soos skriftelik ooreengekom tussen Welkom Yizani en Naspers. Indien sodanige ooreenkoms nie binne 15 sakedae nadat hetsy Welkom Yizani of Naspers dit versoek het bereik kan word nie, word die billike markwaarde bepaal by wyse van finale en bindende bepaling deur 'n kundige. Die kundige is 'n beleggingsbank met ervaring in die mediabedryf, waarop Naspers en Welkom Yizani skriftelik ooreenkom, en indien ooreenkoms nie binne 10 dae na verstryking van voormelde 15-daetydperk bereik kan word nie, word die kundige ('n onafhanklike beleggingsbank met ervaring in die media en uitsaaibedryf) deur die Suid-Afrikaanse Instituut vir Geoktrooieerde Rekenmeesters aangestel, op skriftelike versoek van hetsy Naspers of Welkom Yizani. Vir die bepaling van sodanige billike markwaarde moet die kundige:

(i) die aandele wat Media24 Beherend in Media24 besit, waardeer;

(ii) al die ander bates en/of laste van Media24 Beherend op 'n toepaslike grondslag waardeer (d.i. al Media24 Beherend se bates buiten sy ekwiteitsbelang in Media24);

(iii) Welkom Yizani se uitstaande leningsrekening (indien enige) op daardie tydstip waardeer; en

(iv) as 'n kundige optree, en nie as 'n arbiter nie.

5.17.10 ***Saamverkoopsreg ten gunste van Naspers***

Indien Naspers 'n aanbod van 'n bona fide- derde party ontvang om al die uitgereikte Media24 Beherend- gewone aandele en alle eise op die leningsrekening verskuldig aan Media24 Beherend gewone aandeelhouers te koop, en Naspers die aanbod wil aanvaar, sal Naspers geregtig wees om Welkom Yizani skriftelik te verwittig van sy voorneme om die aanbod te aanvaar en van Welkom Yizani vereis om al sy Media24 Beherend- gewone aandele en aandeelhouers se eise aan die derde party te verkoop.

Welkom Yizani sal verplig wees om sy Media24 Beherend- gewone aandele en eise teen Media24 Beherend aan die derde party te verkoop op voorwaardes wat deur die derde party aan Naspers aangebied en deur Naspers aanvaar is.

5.17.11 ***Likwidasie***

Indien Welkom Yizani gelikwideer word, word die bates wat oorbly na die betaling van die skulde en verpligtinge (insluitende die Welkom Yizani voorkeuraandele uitgereik aan Naspers) van Welkom Yizani en die koste van die likwidasie soos volg aangewend:

– om aan die Welkom Yizani gewone aandeelhouers die opbetaalde bedrae op die aandele wat hulle elk onderskeidelik besit het, terug te betaal; en

– die res (indien enige) word verdeel tussen die Welkom Yizani gewone aandeelhouers in verhouding tot die getal aandele wat hulle elk onderskeidelik besit het.

In die geval van die deregistrasie, likwidasie of geregtelike bestuur van Welkom Yizani, sal die Welkom Yizani voorkeuraandeelhouers daarop geregtig wees om die uitstaande bedrag verskuldig op hulle voorkeurbefondsing van Welkom Yizani (asook 'n breukdeel van die oorblywende bedrag) te ontvang, voordat die Welkom Yizani gewone aandeelhouers 'n likwidasiebetaling ten opsigte van hulle gewone aandele kan ontvang.

5.18 **Direkteure en bestuur** [2(a) en 2(b)]

Die getal Direkteure mag nie minder as drie en nie meer as 15 wees nie. Geen direkteur word op 'n vastetermynkontrak aangestel nie. Die Direkteure wat voor die uitreiking van hierdie prospektus aangestel is, moet op die eerste AJV uittree.

Die Direkteure sal uiteindelik deur die Welkom Yizani gewone aandeelhouers bepaal word op die grondslag dat minstens twee van die Direkteure onafhanklike nie-uitvoerende Direkteure sal wees. Intussen en om die Media24-bemagtigingstransaksie moontlik te maak, het Welkom Yizani die volgende vier Direkteure aangestel:

Naam:	Floris Heinrich Johan Brand
Datum aangestel:	4 Augustus 2006
Kantooradres:	Heerengracht 40, Kaapstad 8001
Kwalifikasies:	B Acc Hon (US), B Com Hon (US), LLB (Unisa), CA(SA)
Huidige pos:	Media24 Beperk: Uitvoerende besturende direkteur
Direkteurskappe:	Media24 Beperk, MIH Print Media Holdings Beperk, Nasou Via Afrika (Eiendoms) Beperk, Via Afrika Beperk, Media24 Africa (Eiendoms) Beperk, Educor Holdings Beperk, Abril S.A., Uppercase Media (Eiendoms) Beperk, Compmatix Twelve (Eiendoms) Beperk, Leisureworx (Eiendoms) Beperk, Formatix Two (Eiendoms) Beperk, Formprops 45 (Eiendoms) Beperk, Parinho (Eiendoms) Beperk, G6 Properties (Eiendoms) Beperk.
Vorige werkondervinding:	Hein Brand het in 1998 as finansiële bestuurder by die Naspers groep aangesluit. Hy is die voormalige finansiële direkteur van Bonnita (Eiendoms) Beperk. Hy was sedert 2000 die finansiële direkteur van Media24 Beperk. Hy is in 2002 as uitvoerende hoof van Via Afrika Beperk en in 2005 as uitvoerende hoof van Media24 aangestel.
Naam:	Gert Johannes Gerwel
Datum aangestel:	4 Augustus 2006
Kantooradres:	Die Mandela Rhodes Stigting, 3de Verdieping, Die Mandela Rhodes-gebou, St Georges-winkelsentrum 150, Kaapstad 8001
Kwalifikasies:	BA (cum laude) (Universiteit van Wes-Kaapland), BA Hons (cum laude) (Universiteit van Wes-Kaapland), Lisensiaat in Germaanse Filologie (Vrije Universiteit, Brussel), Doktor Litterarum et Philosophiae (magna cum laude) (Vrije Universiteit, Brussel), Doktor in Geesteswetenskappe (honoris causa) (Clark College, Atlanta), Doctor of Humane Letters (honoris causa) (City College, City University van New York), Doktor in die Letterkunde (honoris causa) (UK), Doktor in die Regte (honoris causa) (Universiteit van Wes-Kaapland), Doktor in die Regte (honoris causa) (Rhodes-universiteit), Doktor in die Regte (honoris causa) (Universiteit van die Witwatersrand), Doktor in die Regte (honoris causa) (Universiteit van Natal), Doctor of Humane Letters (honoris causa) (Universiteit van Missouri), Doktor in Filosofie (honoris causa) (US), Doktor in Filosofie (honoris causa) (Universiteit van die Vrystaat).
Huidige pos:	Naspers Beperk: Onafhanklike nie-uitvoerende direkteur
Direkteurskappe:	Naspers Beperk, Naspers Beleggings Beperk, Heemstede Beleggings (Eiendoms) Beperk, Keeromstraat 30 Beleggings Beperk, Educor Beperk, Media24 Beperk, Suidoosterfees, Old Mutual Life Holdings (SA) Beperk, Old Mutual Life Assurance Company (SA) Beperk, Old Mutual Group Achievements Beperk, Old Mutual South Africa Share Trust, OMGA Conversion Trust, Omniopt Share Trust, Africon Engineering International, Brimstone Investment Corporation Beperk, Gold Fields Beperk, Distell Group Beperk, Peace Talks Foundation, Ipostel Beperk, Suid-Afrikaanse Lugdiens (Eiendoms) Beperk, Life Healthcare Group (Eiendoms) Beperk, Instituut vir Geregtigheid en Versoening, African Centre for the Constructive Resolution of Disputes, Nelson Mandela Foundation, The Mandela Rhodes Foundation, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.
Vorige werkondervinding:	Jakes Gerwel het in 1999 as 'n direkteur by die Naspers-groep aangesluit. Hy is 'n voormalige direkteur-generaal in die kantoor van oudpresident Nelson Mandela, sekretaris van die kabinet, rektor van die Universiteit van Wes-Kaapland en kanselier van Rhodes-universiteit. Hy is 'n lid van die uitvoerende en die menslike hulpbronnekomitee van Media24 en van Naspers.

Naam:	Francois Engelbrecht Groepe
Datum aangestel:	4 Augustus 2006
Kantooradres:	Heerengracht 40, Kaapstad 8001
Kwalifikasies:	B Com Hon, MBA (US), Nagraadse Dip in die Regte (Belasting) (UK), ACMA
Huidige pos:	Media24 Beperk: Uitvoerende finansiële direkteur
Direkteurskappe:	Die Suid-Afrikaanse Reserwebank, Media24 Beperk, Via Afrika Beperk, Educor Holdings Beperk, Paarl Media Holdings (Eiendoms) Beperk, Media24 Africa (Eiendoms) Beperk, Media24 Nigeria Beperk, Nasionale Koerante Beperk, Nasionale Tydskrifte Beperk, Absa Klein Karoo Nasionale Kunstefees, Kurisani Print (Eiendoms) Beperk, Property and Loan Application Network (Eiendoms) Beperk, Compmatix Twelve (Eiendoms) Beperk, Industrial Development Corporation (IDC) (lid van ouditkomitee), Stellenbosch Universiteitsraad, Abathwa Capital Holdings (Eiendoms) Beperk.
Vorige werkondervinding:	Francois Groepe het in Augustus 2002 by Media24 aangesluit. Voor dit was hy byna agt jaar by Swiss Re, ook as hooffinansiële beampte van die plaaslike Suid-Afrikaanse Lewens- en Gesondheidsfiliaal en as senior groepkontroleur by die firma se hoofkantoor in Zürich.

Naam:	Musa Mvivinywa Aaron Shezi
Datum aangestel:	4 Augustus 2006
Kantooradres:	Heerengracht 40, Kaapstad 8001
Kwalifikasies:	FDE (Onderwysbestuur) (RAU), Hoër Diploma in Finansiële Bestuur (Universiteit van Newport), B Paed (UZ), STD (UZ), PMD (Nagraadse Bedryfskool: UK)
Huidige pos:	Via Afrika Beperk: Uitvoerende besturende direkteur
Direkteurskappe:	Nasou Via Afrika (Eiendoms) Beperk, NB-Uitgewers Beperk, Human & Rousseau Beperk, die Suid-Afrikaanse Instituut vir Rasseverhoudinge, Afribooks (Eiendoms) Beperk, Uthungulu Investment Holdings, Collegium (Proprietary) Limited (Botswana), Via Afrika Beperk.
Vorige werkondervinding:	Musa Shezi het in 2000 by die Naspers-groep aangesluit toe hy as besturende direkteur van die National Education Group (NEG) aangestel is. Dr Shezi het sy loopbaan as 'n onderwyser in Kwazulu-Natal begin, waarna hy hoof geword het en later uitvoerende president van die Nasionale Onderwysersvakbond. Hy was ook die president van die Nasionale Professionele Onderwysersorganisasie van Suid-Afrika (NAPTOSA). Hy is in 2005 as besturende direkteur van die Via Afrika-groep aangestel.

5.19 **Vergoeding van Direkteure** [2(c)]

Direkteure se vergoeding sal deur die Maatskappy in 'n algemene vergadering bepaal word. Die Direkteure sal vergoed word vir los uitgawes wat hulle aangegaan het in die uitvoering van die Maatskappy se besigheid, mits sodanige uitgawes deur die Direkteure goedgekeur word en behoorlik en redelikerwys aangegaan word.

5.20 **Leenbevoegdheid van Direkteure** [2(e)]

Onderhewig aan die Grondwetdokumente, mag die Direkteure al die gesag van die Maatskappy uitoefen om geld namens Welkom Yizani te verkry of te leen. Ooreenkomstig die Grondwetdokumente mag Welkom Yizani egter nie sonder die toestemming van Naspers en/of in sekere omstandighede die meerderheid Welkom Yizani voorkeuraandeelhouers skuld- of kontantverkrygingsooreenkomste aangaan nie.

5.21 **Administrasiedienste** [2(d)]

Sekere administrasiedienste sal gelewer word deur Media24 of 'n derde party wat aangestel word om hierdie dienste te lewer. Tans is die administrateur wat aangestel is om hierdie dienste namens Welkom Yizani te lewer Link Market Services, met sy geregistreerde en kantooradres by Diagonaalstraat 11, Johannesburg 2001.

Verder sal Naspers sy beste handelspogings aanwend om die WAOK tot stand te bring om toesig te hou oor die funksionering van die Handelsmark en om voorgestelde oordragte van Welkom Yizani gewone aandele te oorweeg en te verifieer. Die samestelling van die WAOK sal van tyd tot tyd deur Naspers bepaal word.

5.22 **Belange van Direkteure** [16(b), 17(a), 17(b) en 17(c)]

Op die laaste uitvoerbare datum het nie een van die Direkteure Welkom Yizani gewone aandele besit nie. Enige van die Direkteure wat Swart Persone is soos omskryf, kwalifiseer egter om aan die openbare aanbod deel te neem. Buiten wat in hierdie prospektus vermeld is, het die Direkteure geen wesenlike voordelige belange, hetsy regstreeks of onregstreeks, in transaksies wat in die huidige boekjaar deur Welkom Yizani aangegaan is nie. Geen bedrae is betaal of ooreengekom om aan enige van die Direkteure of 'n geassosieerde van enige van die Direkteure betaal te word om hom te oorreed om 'n Direkteur van Welkom Yizani te word of andersins vir dienste wat deur hom aan Welkom Yizani gelewer is nie.

5.23 **Korporatiewe bestuur**

5.23.1 ***Benadering tot Korporatiewe Bestuur***

Die Direksie erken dat, as die kern van Welkom Yizani se korporatiewe bestuurstelsel, hy uiteindelik aanspreeklik en verantwoordelik is vir die prestasie en sake van die Maatskappy.

Die Direksie is verbind tot die beginsels van openheid, integriteit en rekenpligtigheid soos aanbeveel deur internasionale beste praktyk vir korporatiewe bestuur en in die besonder in die King-verslag oor Korporatiewe Bestuur vir Suid-Afrika 2002 ("King II"). Die Direkteure erken die behoefte om die besigheid van die onderneming met integriteit en in ooreenstemming met algemeen aanvaarde korporatiewe praktyke te bedryf. Dit moet gedoen word binne die raamwerk van die reëls soos uiteengesit in die statute.

5.23.2 ***Die Direksie***

Welkom Yizani het 'n unitêre direksiestruktuur wat net uit nie-uitvoerende Direkteure bestaan. Dienooreenkomstig is die voorsitterspos 'n nie-uitvoerende aanstelling.

Onderhewig aan die bepalings van die Maatskappywet, en tensy anders bepaal deur 'n algemene vergadering, mag die getal Direkteure nie minder as drie en nie meer as 15 wees nie.

Die Direkteure het die bevoegdheid om op enige tydstip en van tyd tot tyd 'n persoon as 'n Direkteur aan te stel, hetsy om 'n tydelike vakature te vul of as 'n addisionele Direkteur. Enige persoon wat aangestel word om 'n tydelike vakature te vul of as 'n addisionele Direkteur, bly net tot die volgende AJV in die amp en sy aanstelling is onderhewig aan bevestiging by sodanige AJV. Kennisgewing van AJV's is voldoende om voorsiening te maak dat nominasies vir nuwe Direkteure uit enige deel van Suid-Afrika na die Maatskappy se geregistreerde kantoor gestuur word.

Onderhewig aan die bepalings van die Maatskappywet en die statute, mag die Maatskappy ooreenkomstig 'n gewone besluit 'n Direkteur voor die verstryking van sy ampstermyn verwyder en ooreenkomstig 'n gewone besluit 'n ander persoon in sy plek kies. Die persoon wat aldus gekies word, beklee die amp gedurende hierdie tyd alleenlik soos wat die Direkteur in wie se plek hy aangestel is, dit sou beklee het.

Die rotasie van Direkteure is in ooreenstemming met King II en voldoen aan direksiekontinuïteit.

5.23.3 ***Direksievergaderings***

Die Direkteure mag vergader om sake af te handel, en hulle vergaderings verdaag en andersins reguleer soos hulle goeddink. Drie Direkteure vorm 'n kworum. 'n Direkteur mag op enige tydstip die Maatskappysekretaris vra om 'n vergadering van die Direkteure te belê.

Vrae wat by vergaderings van die Direkteure ontstaan, sal deur 'n meerderheid van stemme beslis word. Die voorsitter het nie 'n tweede of beslissende stem nie.

'n Vergadering van die Direkteure waarby 'n kworum teenwoordig is, is bevoeg om alle of enige van die bevoegdhede, gesag en diskresies deur of kragtens die statute uit te oefen wat op daardie tydstip aan hulle verleen word of in die algemeen deur die Direkteure uitgeoefen kan word.

5.23.4 ***Maatskappysekretaris***

Alle Direkteure het toegang tot die advies en dienste van die Maatskappysekretaris, wat teenoor die Direksie aanspreeklik is om te verseker dat Direksieprosedures gevolg word. Alle Direkteure is daarop geregtig om op die Maatskappy se koste onafhanklike professionele advies oor die sake van die Maatskappy in te win. Die Maatskappysekretaris moet deur die hele Direksie aangestel word, wat hom moet vergewis dat die aangestelde die vereiste eienskappe, ondervinding en kwalifikasie(s) het om sy pligte behoorlik uit te voer. Die Maatskappysekretaris moet aan 'n geskikte en gepaste toets onderwerp word net soos wat in die geval van aanstellings van nuwe Direkteure aanbeveel word.

5.23.5 ***Aanstelling van Direkteure deur Naspers***

Gedurende die Voldoeningstydperk vir Maatskappybemagtiging is Naspers daarop geregtig om twee Direkteure in die Direksie aan te stel, te verwyder en te vervang.

Hierdie twee Direkteure kan:

- na eie goeddunke deur Naspers genomineer word;
- daarop geregtig wees om oor enige saak te stem wat deur die Direksie oorweeg word, en het in hierdie verband een stem elk; en
- nie uit die Direksie verwyder word nie, hetsy kragtens artikel 220 van die Maatskappywet of andersins, tensy Naspers geheel na eie goeddunke sodanige verwydering goedkeur.

5.24 **Risiko's met betrekking tot Welkom Yizani**

Welkom Yizani se risiko's hou hoofsaaklik verband met die prestasie van die onderliggende Media24 gewone aandele wat onregstreeks deur Welkom Yizani besit word. U moet dus die inligting met betrekking tot Media24 wat in hierdie prospektus verskaf word, asook die risiko's met betrekking tot Media24 se besigheid (soos beskryf in paragraaf 6.4 op bladsy 41 van hierdie prospektus) en die ander inligting in hierdie prospektus deeglik oorweeg voordat u besluit om Welkom Yizani gewone aandele te koop. Hoewel inligting hierin verskaf is met betrekking tot Welkom Yizani gewone aandele, moet 'n voornemende koper nadat hy navraag gedoen het, sy eie oordeel gebruik en advies by 'n onafhanklike finansiële adviseur inwin oor die toepaslike waarde van sodanige gewone aandele. Elke belegger moet, by oorweging of hy in Welkom Yizani gewone aandele wil belê, onder andere die volgende faktore in ag neem:

- die risiko's met betrekking tot Media24 se besigheid soos uiteengesit in paragraaf 6.4 op bladsy 41 van hierdie prospektus;
- die moontlike gebrek aan likiditeit van die Welkom Yizani gewone aandele as gevolg van die beperkende voorwaardes op oordraagbaarheid soos uiteengesit in paragraaf 5.17.3 op bladsy 27;
- die afwesigheid van verhandelbaarheid van Welkom Yizani gewone aandele tydens die Minimum Beleggingstydperk;
- die moontlike gebrek aan likiditeit van Welkom Yizani gewone aandele aangesien hulle nie op 'n aandelebeurs genoteer is nie en die feit dat die markwaarde daarvan nie geredelik beskikbaar sal wees nie; en
- die rentekoersrisiko's met betrekking tot die Welkom Yizani voorkeuraandeledividende.

6. INLIGTING MET BETREKKING TOT MEDIA24

6.1 **Profiel en aard van die besigheid**

Media24-bedrywe

Met omset van meer as R5,5 miljard per jaar, is Media24 die toonaangewende uitgewersgroep in Suid-Afrika. Die groep is 'n filiaal van die multinasionale mediagroep, Naspers. Sy bedrywe sluit in koerante, tydskrifte, internetondernemings, boekuitgewerye, private onderwys, drukkerye, asook verspreidingsmaatskappye in Suid-Afrika.

Media24 bestaan uit:

6.1.1 ***Media24-Koerante***

Media24-Koerante publiseer 59 titels, waarvan baie leiers in hulle markte is, met 'n sirkulasie van 307 miljoen koerante jaarliks. *Daily Sun* is die topverkoperdagblad in Suid-Afrika en het daagliks 3,4 miljoen lesers. All Media and Products Survey (AMPS) se navorsing in 2005 het bevind dat feitlik die helfte van Suid-Afrikaners wat dagblaaie lees, *Daily Sun* lees.

Met 'n daaglikse omset van ongeveer 700 000, bedien Media24 verskeie gemeenskappe. Die weeklikse voorstedelike koerante het sterk markpenetrasie met 'n sirkulasie van sowat 1,5 miljoen per week, terwyl die gemeenskapskoerante se sirkulasie sowat 1,2 miljoen per week is.

Media24 gee tans die volgende koerante uit:

- die ses dagblaaie, *Die Burger, Beeld, Volksblad, The Witness* (50%-belang) en *Daily Sun*, wat landwye nuusdekking bied; *Son* wat van Maandag tot Vrydag in die Wes-Kaap uitgegee word;

– die drie Sondagkoerante, *City Press, Rapport* en *Sunday Sun*, wat in vier stede gedruk en landwyd versprei word;

– twee weeklikse koerante, *Soccer Laduuuuuma!* en *Naweek Son*;

– die tweeweeklikse sakekoerant *Gauteng Business*; en

– 48 Afrikaanse en Engelse streeks- en gemeenskapskoerante wat in die Wes-Kaap, die Oos-Kaap, die Vrystaat, die Vaaldriehoek, Gauteng, KwaZulu-Natal en Noordwes uitgegee word.

Die koerante word gedruk by drukkerye in ses stede en landwyd deur middel van groepverspreidingskanale versprei.

Media24-Koerante bestuur ook Ads24 wat verantwoordelik is vir die bemarking en verkope van advertensies in nasionale koerante, en vir navorsings en bemarkingsdienste om te verseker dat Media24 op die hoogte bly van veranderings in lesers se vereistes.

Newspaper Leaflet Distributors ("NLD24") is 'n nasionale verspreidingsmaatskappy wat deur-tot-deurverspreiding van bemarkingsmateriaal hanteer, byvoorbeeld gemeenskapskoerante, pamflette, promosiemateriaal en tydskrifte. Hy het ses streekkantore en 34 depots in Suider-Afrika, insluitend Namibië, Botswana, Swaziland en Lesotho.

In ooreenstemming met wêreldtendense, is 'n nuwe afdeling, **Infopac**, onlangs begin om die verspreiding van sakpromosiemateriaal te hanteer. Hierdie nuweling verseker aflewering van hoëgehalteprodukte by huise, woonstelle en besighede.

Media24 Koerante het onlangs 'n sake-eenheid op die been gebring om die potensiaal van die uiteenlopende en dinamiese uitgewery-omgewing te maksimaliseer. **Media Circulation Services24** ("MCS24") gebruik die gesamentlike kundigheid en infrastruktuur van *Daily Sun, Beeld, Gauteng Business* en *Son* se sirkulasie-afdelings om nuwe sirkulasiegebiede te vestig en uit bestaande markte munt te slaan. MCS24 sal ook die informele mark bedien deur te fokus op alternatiewe verspreidingskanale soos franchisenetwerke in townships, kiosks en spazas en woongebiede met beperkte toegang, soos meenthuiskomplekse.

6.1.2 ***Media24-Tydskrifte***

Media24-Tydskrifte is 'n belangrike operateur in die Suid-Afrikaanse tydskriftebedryf. Dié eenheid se visie is om titels te produseer wat hulle onderskeie sektore so goed moontlik dien.

Media24 publiseer tans meer as 50 titels, verskeie van hulle saam met ander uitgewers of kragtens lisensie-ooreenkomste met internasionale titels. Meer as 17,6 miljoen mense koop en lees maandeliks meer as 5,4 miljoen tydskrifte.

Media24-Tydskrifte bestaan uit die volgende afdelings en filiale van Media24:

– Gesinstydskrifte *(DRUM, Huisgenoot, Move!, Reader's Digest, tvplus, YOU)*;

– Vrouetydskrifte (*Fairlady, True Love, Lééf – met hart & siel, Sarie, Shop!, True Love BABE,* en bruidstydskrifte: *Fairlady Bride, Sarie Bruid, True Love Bride*);

– Reis- en ontspanningstydskrifte *(Weg, go!, Max Power, Topcar, Topbike, Topdeal, Topmotor)*;

– Kreatiewe Leefstyltydskrifte *(ideas, idees, home, tuis)*;

– Saketydskrifte *(Finweek)*;

– Touchline Media *(Bicycling, Golf Digest, Kick Off, Men's Health, Men's Health Living, Runner's World, Sports Illustrated, Shape, Shape Fit Pregnancy, The Wisden Cricketer)*;

– Uppercase Media – 50%-belang *(FHM, heat)*;

– Spesialistydskrifte *(Landbouweekblad)*;

– New Media Publishing – 50%-belangtitels sluit in *Drive Out, Eat In, Eat Out en Time Out*, 100%-belangtitels sluit in *INSIG en VISI*;

– Atoll Media – 75%-belang *(blunt, Saltwater Girl, Saltwater Girl Surf, Zigzag)*;

– 8 Ink Media – 50%-besit *(National Geographic Kids, Real Simple, Seventeen)*;

– Alchemy Publishing *(Baba & Kleuter, Your Baby, Your Child, Your Pregnancy)*; en

– Jane Raphaely & Associates – 50%-besit *(Cosmopolitan)*.

Media24-Tydskrifte publiseer ook verskeie bekroonde kliënttitels deur middel van die spesialisuitgewer van kliëntetydskrifte New Media Publishing. Dit sluit in *Woolworths TASTE, Dish, Skottel, Edgars Club Magazine* en *Mercedes*.

6.1.3 ***24.com***

Media24 besit 70% van die 24.com-eenheid. Dit vorm deel van Media24 se poging om sy komplementêre digitale eiendomme te konsolideer ten einde 'n bruikbare internetbestemming vir gebruikers te skep.

24.com help met die ontwikkeling van die digitale arena in Suid-Afrika deur aan besoekers goeie aanlyninhoud en dienste te bied. 24.com bereik die meeste van die land se aanlynpopulasie en wil 'n digitale vennoot in elke huis word.

Benewens die inhoud van die bestaande 24.com se nisbelangstellingwebtuistes, bied die portaal ook 'n verskeidenheid nuwe instrumente en dienste. Dit sluit in plaaslik relevante websoektegnologie, gratis webgebaseerde e-pos, kitsboodskappe, foto-albums, blogs en ander sosiale netwerkinstrumente en aanlyninkopies wat deur Kalahari.net behartig word.

24.com bestaan tans uit die volgende afdelings:

Media24 Digital – insluitend verskeie toonaangewende nisbelangstellingwebtuistes soos News24.com, Suid-Afrika se topaanlynportaal volgens Nielsen/NetRatings. Die ander portale is Careers24.com, FIN24.com, Food24.com, Health24.com, Images24.co.za, Learn24.com, Property24.com, Subscribe24.co.za, Women24.com en Wheels24.co.za.

M-Web Studios – wat spesialiseer in die ontwikkeling van webgebaseerde inhoud en dienste aan verbruikers deur die MWeb-portaal (www.mweb.co.za).

Innovation Zone – wat fokus op digitale navorsing en produkontwikkeling om nuusdienste en tegnologieë te skep om die internetervaring te verbeter.

Kalahari.net – 'n aanlynwinkel wat 'n verskeidenheid boeke, musiek, DVD's, speletjies, elektronika en geskenke aanbied.

6.1.4 ***Nasionale Newspaper Distributors24***

Nasionale Newspaper Distributors ("NND24") is 'n nasionale verspreider vir Media24 en ander uitgewers se tydskrifte en sommige koerante. Sy infrastruktuur bestaan uit 'n hoofkantoor in Johannesburg, 26 takke landwyd, 346 voertuie, 978 permanente werknemers en 883 kontrakwerkers. Altesaam 119 private kontrakteurs, hoofsaaklik SEB-maatskappye, verskaf bykomende dienste en nog 652 poste.

NND24 verskaf ook Telkom-telefoonkaarte en die tuisaflewering van verskeie produkte, en verskaf steundienste aan handelaars en uitgewers.

6.1.5 ***Media24 Drukkerye***

Media24 Koerante het moderne koerantdrukperse in Johannesburg, Bloemfontein, Kaapstad, Port Elizabeth, Pietermaritzburg en die Paarl. Verder het hy ook drukperse vir plaaslike koerante and kommersiële drukwerk in Potchefstroom en aan die Weskus.

Die afgelope paar jaar het Media24 groot beleggings in sy drukkery-infrastruktuur gemaak om die produksiekapasiteit van die groep te verbeter.

Paarl Media Holdings

Media24 het 'n 87,5%-belang in Paarl Media Holdings, die houermaatskappy van Media24 se tydskrif, kommersiële en boekdrukbelange. Die groep het voorpunttegnologie, is ten volle toegerus vir digitale bedrywighede en maak voorsiening vir 'n breë spektrum behoeftes in die drukkersbedryf.

Paarl Media bestaan uit vyf afdelings:

Paarl Gravure is die toonaangewende diepdrukwerkdrukker in Suid-Afrika en druk onder andere Media24 se titels soos *YOU, Huisgenoot, Drum, Sarie, Kick Off* en *Fairlady*. Hy hanteer ook kommersiële drukwerk vir verskeie nasionale maatskappye.

Paarl Web fokus op die druk van glanstydskrifte met kleiner drukoplae en kommersiële werk van gehalte deur die gebruik van moderne litoperstegnologie. Van die tydskriftitels wat hy druk, is *Men's Health, VISI, Cosmopolitan, Your Baby, Landbouweekblad* en *Shape*. Hy druk ook verskeie klubtydskrifte vir 'n aantal kontrakuitgewers, asook kommersiële advertensiebrosjures en -pamflette vir groot besighede.

Paarl Web Gauteng is die jongste toevoeging tot die groep. Hierdie gevorderde aanleg, wat in September 2005 in bedryf gestel is, is 'n gesamentlike onderneming met die swart bemagtigingsvennoot Kurisani Investments wat 'n 26%-belang in die besigheid het. Dié aanleg spesialiseer in topgehalte kommersiële drukwerk, soos promosiemateriaal.

Paarl Print, wat sy honderdjarige bestaan in 2005 gevier het, fokus op die druk van boeke, promosiemateriaal en glanstydskrifte met klein drukoplae. Hy het beide platblad- en baandrukfasiliteite, en druk advertensiestrooibiljette, brosjures, boeke en tydskrifte. LoveLife se Kurisani Investments is ook hierdie maatskappy se swart bemagtigingsvennoot en het 'n 26%-belang in die besigheid.

Paarl Print Labels spesialiseer in die druk van etikette, veral selfkleefetikette vir die wyn-, kosmetiek , voedsel en drankbedryf. Die maatskappy se swart bemagtigingsvennoot, Kurisani Investments, het 'n 26%-belang in die besigheid.

6.1.6 ***Via Afrika***

Via Afrika beheer verskeie onafhanklike sake-eenhede in die niskleinhandelsektore vir boekuitgewers en -verspreiders. Hy bestaan uit twee afdelings: Uitgewers/Agente en Kleinhandel/Verspreiding.

Uitgewers en agente

Hierdie afdeling fokus op redaksionele aktiwiteite wat aankope of ontwikkeling, skepping of herverwerking en verpakking of herverpakking van teksinhoud behels. Dit word veral gedoen in tradisionele formate soos hardebandboeke of elektroniese formate soos CD's.

Die ondernemings:

- NB-Uitgewers gee 'n verskeidenheid boeke van algemene belang uit.
- LuxVerbi.BM bedien die plaaslike Christenmark van verskeie denominasies.
- Jonathan Ball Publishers is die toonaangewende uitgewer en verspreider van algemene Engelse boeke in Suid-Afrika en tree op as agent vir talle groot internasionale uitgewers wat hom in staat stel om onder andere die Harry Potter-reeks te versprei.
- Book Promotions bemark en versprei boeke en elektroniese leermateriaal van Suid-Afrikaanse en buitelandse uitgewers vir die plaaslike mark. Hy bedien die voorskoolse, primêre en sekondêreskool, tersiêre, professionele en biblioteekmarkte, asook DDS (Doen-dit-self) en handwerkwinkels.
- Die National Education Group ("NEG") het die SEB-groep Thebe as 'n 30%-vennoot. NEG bestaan uit:
  - Nasou Via Afrika, een van die voorste onderwysuitgewers in al Suid-Afrika se amptelike tale en op alle nuwe leergebiede.
  - Van Schaik Uitgewers publiseer akademiese handboeke in druk en elektroniese formaat vir die tersiêre mark.
- Content Solutions is 'n druk-op-aanvraagdiensverskaffer van doelgemaakte kursuspakkette vir akademiese en onderwysinstellings. Hy verkry ook reprografiese regte van titels wat uit druk is en reproduseer dit.
- Future Entrepreneurs produseer leer en onderrigsteunmateriaal in elektroniese en ander formate vir die skoolmark.

Kleinhandel en verspreiding

Hierdie afdeling spits hom toe op die voorsiening en verkoop van druk en digitale produkte deur kanale soos groothandelaars, klubs en winkels. Van Schaik Boekwinkels het byvoorbeeld meer as 40 niskleinhandelwinkels, terwyl On the Dot die stoor en verspreidingsaktiwiteite van al Via Afrika se uitgewers en verskeie buiteklante hanteer.

6.1.7 ***Educor***

Met sowat 100 000 studente wat jaarliks by meer as 50 kampusse landwyd registreer, is Educor die voorste verskaffer van private onderwys in Suid-Afrika. Die groep bied onderrigprogramme wat wissel van basiese onderwys en opleiding vir volwassenes tot hoër onderwys en korporatiewe opleiding.

Die dienste word aangebied deur middel van tradisionele voltydse en deeltydse kontak- en afstandsonderrig. Die groep bied nagenoeg vyf honderd kursusse by al sy kolleges aan studente in verskillende marksegmente. Elke kollege is anders geposisioneer om sy onderskeie teikenmarkte te lok.

Educor bestaan uit:

– die Damelin-groep wat kontakinstellings insluit soos:

  • Damelin: Bied kursusse aan in hoër en verdere onderrig en opleiding op gebiede soos sake en bestuur, media en ontwerptegnologie, ontspanning en leefstyl, en handel; en

  • City Varsity: Bied hoëronderwysopleiding aan in gemengde mediaprogramme soos multimedia en rolprentproduksie.

– die International Colleges Group ("ICG") bestaan uit die groep se afstandsonderrigbelange.

  • INTEC College: Bied sertifikaat en diplomakursusse van Graad 10 tot NKR-vlak 5 in vyf akademiese skole aan.

  • Damelin Correspondence College: Bied ongeveer 110 sakekursusse aan wat wissel van hoërskoolsertifikate tot diplomas.

  • Lyceum College: Bied hoëronderwysbestuurs- en institusionele kursusse aan vir verskeie kliënte.

  • ICG Learning Solutions: Bied SETA-geakkrediteerde kursusse aan vir die versekeringsbedryf.

Pryse

As leiers op verskeie gebiede, het Media24 se produkte menige prestigepryse gewen as bewys van hulle voortreflikheid. Dit sluit in die gesogte McCall- en Frewin-trofee vir dagblaaie, die Joel Mervis-trofee vir naweekkoerante, verskeie Mondi-toekennings vir koerante en tydskrifte, Pica-toekennings, waaronder die gewilde Rossi-trofee, en verskeie Advantage Admag-toekennings.

Media24 erken ook met verskeie interne personeelpryse uitmuntende joernalistiek, uitmuntende diens, verkope, innovering en bydraes tot die maatskappy.

Vir meer inligting oor die Media24-groep, besoek asseblief http://www.media24.com.

6.2 **Regstruktuur**

Die eienaarskapstruktuur van Media24 sal soos volg wees:

Aandeelhouer	Aandeelhouding	Persentasiegewyse aandeelhouding
Media24 Beherend	130 000 000	96,99%
Media24 Aandeletrust	4 033 333	3,01%



**Tans 92,31% (wat na 'n voorgestelde terugkoop van aandele 96,99% sal word).*

6.3 **Huidige vooruitsigte**

Ons drukmedia-ondernemings het die afgelope paar jaar goeie groei getoon. Dit is deels danksy die omvangryke beleggings wat in vorige jare gedoen is en wat nou vrugte dra, maar ook danksy gunstige makro-ekonomiese toestande wat in Suid-Afrika heers.

Via Afrika het sy verbetering voortgesit. In die besonder het die skoolboekuitgewer Nasou Via Afrika 'n stewige prestasie aangeteken en markaandeel herwin wat hy tydens die implementering van Kurrikulum 2005 verloor het.

Educor het 'n uitdagende jaar agter die rug waartydens veral gekonsentreer is op herposisionering, vaartbelyning en hernude fokus van die onderneming. Die Damelin Education Group se regrukaksie lyk op dreef en 'n stewige fondament word gelê waarop in die toekoms gebou kan word.

Hoogtepunte die afgelope jaar sluit in:

- *Daily Sun* se sirkulasie het tot meer as 440 000 per dag geklim om hom die wydsgelese drukmediaproduk in Suid-Afrika te maak.
- In reaksie op die *Daily Sun* se groei, is drukperse by die drukaanleg by City Deep geïnstalleer.
- Publikasie van 'n daaglikse uitgawe van die weeklikse poniekoerant, *Son*, is geïmplementeer en sy sirkulasie het vinnig gegroei tot meer as 50 000 kopieë per dag.
- Bekendstelling van nuwe tydskrifte het ingesluit *Real Simple, Lééf – met hart & siel, Your Child, Shop!* en *Men's Health Living*.
- Suksesvolle herposisionering van *Finance Week* en *Finansies & Tegniek* as *Finweek* en as 'n weeklikse finansiële tydskrif met noue bande met die internettuiste Fin24.
- *Weg*, die reistydskrif, het sy robuuste groei voortgesit en die tydskrif met die grootste sirkulasie in sy kategorie geword.
- Die nuwe drukaanleg by Paarl Web Gauteng (Eiendoms) Beperk is in bedryf gestel en voldoen aan die verwagtings.
- Bemagtigingsvennote is by Paarl Web Gauteng (Eiendoms) Beperk gevoeg en na Paarl Print (Eiendoms) Beperk uitgebrei.

6.4 Risiko's ten opsigte van Media24

Daar is in die algemeen inherente risiko's verbonde aan beleggings, wat regstreeks met die prestasie van Media24 verband hou. Daar is ook inherente risiko's in die bedryf waarin Media24 staan.

6.4.1 *Makro-ekonomiese toestande*

Ongeveer 35% van Media24 se inkomste word tans uit advertensie-inkomste gegenereer. Advertensie-inkomste is siklies en afhanklik van algemene ekonomiese toestande. Tradisioneel daal maatskappye se besteding aan advertensie en ander bemarkingsaktiwiteite, en dus ook Media24 se advertensie en kommersiële drukwerkinkomste, wanneer daar 'n verlangsaming in die ekonomie of 'n resessie is. In die besonder is Media24 se advertensie-inkomste onderhewig aan risiko's wat voortspruit uit veranderings in ekonomiese toestande en fluktuasies in verbruikersvertroue en besteding. Verbruikersvertroue en -besteding kan daal as gevolg van talle faktore buite Media24 se beheer, soos stygende rentekoerse of oorloë.

6.4.2 *Stygings in koerant- en tydskrifpapierkoste*

Koerant- en tydskrifpapierkoste verteenwoordig die enkele grootste roumateriaaluitgawe vir Media24. Hierdie koste wissel van tyd tot tyd vanweë talle faktore buite Media24 se beheer, veral as gevolg van vraag-en-aanbodkragte, en wisselkoersskommelings tussen die rand en ander geldeenhede. 'n Verhoging in die koste van koerant- en tydskrifpapier kan Media24 se verdienste en kontantvloei nadelig beïnvloed.

6.4.3 *Media24 se besigheid kan daaronder ly indien sy druktoerusting of fasiliteite beskadig word of wanfunksioneer*

Die koerante, tydskrifte en onderwyshandboeke, en 'n aantal derdepartypublikasies, word gedruk op druktoerusting en by fasiliteite wat aan die groep behoort. Indien een of meer van ons drukfasiliteite beskadig word of indien bedrywighede onderbreek word vanweë 'n natuurlike ramp of andersins, kan die publikasie van sommige titels of handboeke ontwrig word en Media24 se bedryfsresultate nadelig geraak word. In die geval van sodanige skade of vernietiging, sal Media24 ander reëlings moet tref sodat drukwerk uitgekontrakteer kan word.

6.4.4 *Litigasie*

Die inhoud wat Media24 deur sy publikasies en internetondernemings aan klante beskikbaar stel, kan lei tot eise teen hom, gebaseer op verskeie gronde, insluitend karakterskending, nalatigheid, kopiereg of handelsmerkskending, obseniteit of fasilitering van onwettige aktiwiteite. In die besonder verwag Media24 dat sagteware-ontwikkelaars toenemend blootgestel sal word aan eise wat die skending van ander partye se goedereregte aanvoer namate daar 'n toename is in die getal produkte en mededingers wat sagteware en dienste lewer.

Sulke eise, met of sonder meriete, kan lei tot duur litigasie of kan meebring dat Media24 tantième of lisensie-ooreenkomste sal moet sluit. Hierdie tantième of lisensie-ooreenkomste kan, indien vereis, nie beskikbaar wees op voorwaardes wat vir Media24 aanvaarbaar is of kan dalk glad nie beskikbaar wees nie. As gevolg van skendingseise, kan 'n hof ook 'n bevel uitreik wat die verspreiding van sekere produkte verhoed. Media24 kan koste aangaan om sulke eise te verdedig.

6.4.5 ***Media24 se besigheid steun op sagte en hardewarestelsels wat aan ineenstorting onderhewig is***

Onderbrekings in die beskikbaarheid van Media24 se internetdienste of toenames in die reaksietye van Media24 se dienste wat veroorsaak word deur die ineenstorting van sy sagte- of hardewarestelsels kan gebruikersbevrediging, die hoeveelheid internetverkeer en Media24 se aanloklikheid vir adverteerders en verbruikers verlaag. Die uitgewersonderneming steun ook op die tydige funksionering van sagte- en hardeware wat gebruik word om koerante en tydskrifte te druk en boeke te publiseer.

Media24 is ook afhanklik van webblaaiers, telekommunikasiestelsels en ander aspekte van die internetinfrastruktuur wat al in die verlede ernstige stelselineenstortings en kragonderbrekings ervaar het. Media24 se bedrywighede is vatbaar vir aftyd as gevolg van brande, vloede, kragverlies, telekommunikasie-ineenstortings, inbrake, nywerheidsoptrede en soortgelyke gebeure. Ondanks Media24 se implementering van netwerksekuriteitsmaatreëls, is bedieners kwesbaar vir rekenaarvirusse, inbrake en soortgelyke ontwrigtings deur ongemagtigde bemoeiing met sy rekenaarstelsels.

6.4.6 ***Intellektuele goedere***

Hoewel wetlike beskerming vir Media24 se intellektuele goedereregte in die algemeen gesoek word, kan Media24 nie verseker wees dat sy intellektuele goedereregte nie beveg, beperk, ongeldig bevind of omseil word nie. Ondanks patent-, handelsmerk- en kopieregbeskerming, kan derde partye Media24 se intellektuele goedereregte kopieer, skend of andersins voordeel daaruit trek sonder Media24 se magtiging. Die gebrek aan internetspesifieke wetgewing ten opsigte van handelsmerk- en kopieregbeskerming skep 'n verdere uitdaging om inhoud te beskerm wat deur die internet en elektroniese platforms gelewer word. Indien ongemagtigde kopiëring of misbruik van Media24 se produkte in 'n hoë mate plaasvind, kan sy onderneming en die resultate van sy bedrywighede nadelig geraak word. Litigasie kan nodig wees om Media24 se intellektuele goedereregte te beskerm; dit kan lei tot regseise ten opsigte van inhoud wat Media24 versprei, en veroorsaak dat Media24 beduidende koste moet aangaan of tantième of lisensie-ooreenkomste moet sluit wat Media24 se mededingende posisie nadelig kan raak.

6.4.7 ***Mededinging***

Media24 werk in 'n hoogs mededingende en vinnig veranderende bedryf. Inkomste in die drukmediabedryf is hoofsaaklik afhanklik van betaalde sirkulasie-, advertensie- en drukinkomste. Mededinging vir sirkulasie- en advertensie-inkomste kom uit plaaslike, streeks- en nasionale koerante, tydskrifte, radio, televisie, direkte pos en ander kommunikasie- en advertensiemedia wat in dieselfde markte as Media24 optree. Media24 kan voor groter mededinging te staan kom namate beide plaaslike en internasionale uitgewers nuwe nistitels bekend stel.

Mededingers wat in dieselfde markte as Media24 aktief is, poog om hulle markaandeel, sirkulasie en advertensie-inkomste te vergroot deur die styl en uitleg van hulle publikasies te verander om ten koste van Media24 se tydskrifte en koerante nuwe klante te wen. Voorts kan Media24 se mededingers die voorbladpryse van hulle publikasies verlaag om hulle sirkulasie te verhoog. Media24 kan in reaksie gedwing word om sy pryse vir tydskrifte en koerante te verlaag of om ander veranderings te maak aan sy manier van doen. Media24 se onderneming en die resultate van bedrywighede kan gevolglik nadelig geraak word.

Die Paarl Media-groep druk Media24-titels, maar het ook groot drukkontrakte met buite-uitgewers, wat hy kan verloor. Mededinging in tydskrif- en boekuitgewery is straf.

Via Afrika trotseer die mededinging van verskeie Suid-Afrikaanse en groot internasionale uitgewers. Educor, Media24 se private-onderwysfiliaal, trotseer die mededinging van talle Suid-Afrikaanse openbare universiteite en private opvoeders, asook van internasionale opvoeders van wie talle groter hulpbronne en handelsname het.

6.5 Historiese finansiële inligting

Media24 se verkorte gekonsolideerde historiese balansstaat, inkomstestaat en kontantvloeistaat vir die twee jaar geëindig 31 Maart 2006 en 2005 verskyn hieronder. Sien asseblief Aanhangsel 1 van hierdie prospektus vir 'n opsomming van Media24 se belangrikste rekeningkundige beleide.

'n Opsomming van Media24 se historiese inligting is soos volg:

Die Media24 pro forma finansiële inligting soos hieronder aangebied, is uittreksels uit die geouditeerde finansiële state, sonder die Afrika-ondernemings wat ná 31 Maart 2006 verkoop is. Die Afrika-ondernemings wat verkoop is, is Collegium (Eiendoms) Beperk, Media24 Afrika (Eiendoms) Beperk en sy filiale en gesamentlike onderneming en die Afrika-afdeling van Media24 Beperk.

MEDIA24 BEPERK-GROEP

INKOMESTESTATE

vir die jaar geëindig 31 Maart 2006 en 2005

	Pro forma 2006 R'000	*Pro forma* 2005 R'000
Inkomste	5 613 429	3 460 355
Uitgawes	4 930 307	2 945 490
Bedryfswins	**683 122**	**514 865**
Finansieringskoste – netto	(98 208)	(49 552)
Inkomste uit beleggings	56 662	
Deel van ekwiteitsverantwoorde beleggings	361	161
Wins voor belasting	**641 937**	**465 474**
Belasting	(52 310)	(88 220)
Wins vir die jaar	**589 627**	**377 254**
Toeskrfbaar aan:		
Ekwiteitshouers van die groep	522 925	343 640
Minderheidsbelang	66 702	33 614
	589 627	**377 254**

MEDIA24 BEPERK-GROEP

BALANSSTATE

op 31 Maart 2006 en 2005

	Pro forma 2006 R'000	*Pro forma* 2005 R'000
BATES		
Niebedryfsbates	2 174 075	1 623 767
Bedryfsbates	2 022 399	1 691 101
Totale bates	**4 196 474**	**3 314 868**
EKWITEIT EN LASTE		
Aandelekapitaal en -premie	80	288)
Ander reserwes	(747 404)	(407 381)
Teruggehoue vedienste	1 424 773	1 007 140
Totale aandeelhouersbelang	677 449	599 471
Minderheidsbelang	121 794	154 540
Totale ekwiteit	799 243	754 011
Nie-bedryfslaste	1 445 484	1 176 855
Bedryfslaste	1 951 747	1 384 001
Totale ekwiteit en laste	**4 196 474**	**3 314 867**

MEDIA24 BEPERK-GROEP

KONTANTVLOEISTATE

vir die jare geëindig 31 Maart 2006 en 2005

	Pro forma 2006 R'000	*Pro forma* 2005 R'000
Kontant gegenereer ut bedryfsaktiwiteite	772 319	688 016
Netto finansieringskoste betaal	(164 262)	(127 049)
Belasting betaal	(77 727)	(64 079)
Netto kontant-invloei-(-uitvloei) uit bedryfsaktiwiteite	530 330	496 888
Netto kontant gegenereer uit/(gebruik vir) beleggingsaktiwiteite	(762 919)	(302 790)
Netto kontant gebruik vir finansieringsaktiwiteite	264 177	(52 265)
Netto verhoging in kontant en kontantekwivalente	31 588	–
Buitelandsevaluta-aansuiwerings vir kontant en kontantekwivalente	–	833
Kontant en kontantekwivalente aan die begin van die jaar	225 309	83 476
Kontant en kontantekwivalente aan die einde van die jaar	**256 897**	**225 309**

6.6 **Dividendbeleid**

Die Media24-dividendbeleid hou rekening met die Media24-groep se onderliggende prestasie, die geleenthede vir winsgewende beleggings, teruggehoue winste en die behoud van 'n toepaslike vlak van reserwes.

6.7 **Direkteure se belange in die Media24-bemagtigingstransaksie**

Anders as wat in hierdie prospektus openbaar gemaak is, het Media24 se Direkteure, hetsy regstreeks of onregstreeks, geen wesenlike voordelige belange in die Media24-bemagtigingstransaksie nie. Enige van Media24 se swart Direkteure is egter daarop geregtig om aan die openbare aanbod deel te neem en na verwagting sal hulle dit doen.

7. ANDER INLIGTING

7.1 **Belange van adviseurs en promotors** [13 en 17(a)]

Op die laaste uitvoerbare datum:

– het die adviseurs van Welkom Yizani geen gewone aandele in Welkom Yizani besit nie; en

– het Naspers, as medefinansier van Welkom Yizani, nul Welkom Yizani voorkeuraandele besit aangesien die toepaslike getal eers uitgereik sal word op dieselfde dag as dié waarop die gewone aandele uitgereik word kragtens die Media24-bemagtigingstransaksie.

7.2 **Voorlopige uitgawes en uitgifte-uitgawes** [15]

Welkom Yizani sal nie enige koste ten opsigte van hierdie transaksie oploop nie. Alle koste ten opsigte van hierdie transaksie sal deur Naspers gedra word.

8. DOKUMENTE TER INSAE BESKIKBAAR [16(A)]

Afskrifte van die volgende dokumente sal van 29 September 2006 (d.i. die Openingsdatum van die openbare aanbod) tot 27 Oktober 2006 (d.i. die Sluitingsdag van die openbare aanbod) gedurende normale kantoorure ter insae wees by die geregistreerde kantoor van Welkom Yizani, by Heerengracht 40, Kaapstad, 8001:

- Grondwetdokumente;
- die Media24 Beherend verkoop-en-koop-ooreenkoms;
- die Welkom Yizani inskrywingsooreenkoms vir voorkeuraandele;
- die Media24 Beherend Aandeelhouersooreenkoms;
- die Media24-verkoopooreenkoms;
- die toestemmingsbriewe van die adviseurs; en
- 'n getekende afskrif van hierdie prospektus.

9. PARAGRAWE VAN BYLAE 3 TOT DIE MAATSKAPPYWET WAT NIE VAN TOEPASSING IS NIE

Hierdie prospektus voldoen aan Bylae 3 van die Maatskappywet. Die volgende paragrawe van Bylae 3 tot die Maatskappywet is nie van toepassing nie: 12, 14, 24, 26 tot 30 en 32 tot 48.

Deur en namens elk van die Direkteure, naamlik:

F H J Brand **G J Gerwel** **F E Groepe** **M M A Shezi**

MEDIA 24

AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE

VERNAAMSTE REKENINGKUNDIGE BELEID

Die gekonsolideerde finansiële jaarstate van die Groep word aangebied in ooreenstemming met, en voldoen aan, Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde ("IFRS") en vertolkings van die Internasionale Finansiële Verslagdoeningsvertolkingskomitee ("IFRIC") soos uitgereik en van krag ten tye van die voorbereiding van hierdie finansiële state.

Die beleid strook met dié wat deur die beheermaatskappy Naspers Beperk aanvaar is en 'n volledige opsomming van die beleid is beskikbaar by www.naspers.com onder die opskrif Finansiële Jaarstate.

Vir die leser se gerief word uittreksels uit die beleid hieronder weergegee.

VERNAAMSTE REKENINGKUNDIGE BELEID

(a) Basis van konsolidasie

Die gekonsolideerde finansiële jaarstate sluit die resultate van Media24 Beperk en sy filiale, geassosieerdes, gesamentlike ondernemings, entiteite vir spesiale doeleindes en verwante aandeelaansporingstrusts in.

Filiale

Filiale is maatskappye waarin die Groep regstreeks of onregstreeks 'n belang van meer as die helfte van die stemreg het, of andersins die bevoegdheid het om beheer oor hulle bedrywighede uit te oefen. Die bestaan en uitwerking van potensiële stemreg wat tans sonder beperking uitgeoefen of omskep kan word, word oorweeg wanneer daar beoordeel word of die Groep 'n ander entiteit beheer. Filiale word gekonsolideer vanaf die datum waarop effektiewe beheer aan die Groep oorgedra word en is nie meer gekonsolideer nie vanaf die datum waarop effektiewe beheer staak. Insgelyks word die resultate van 'n filiaal wat tydens 'n rekeningkundige tydperk vervreem word, slegs tot die datum van vervreemding by die gekonsolideerde finansiële state ingesluit. Ten opsigte van sekere entiteite het die Groep kontraktuele reëlings aangegaan (soos verhoudings met betrekking tot genomineerdes en dokumente-depositoreëlings) wat die Groep in staat stel om, saam met sy regstreekse belange in sodanige entiteite, 'n meerderheid van die stemreg te beheer of andersins die bevoegdheid te hê om beheer oor die bedrywighede van sodanige entiteite uit te oefen. Aangesien die Groep sodanige entiteite op hierdie wyse beheer, word hulle as filiale beskou en dus in die finansiële jaarstate gekonsolideer.

Alle tussengroeptransaksies en -saldo's word uitgeskakel as deel van die konsolidasieproses. Die belange van minderheidsaandeelhouers in die gekonsolideerde ekwiteit en resultate van die Groep word afsonderlik in onderskeidelik die gekonsolideerde balansstaat en inkomstestaat aangedui. Waar die verliese toeskryfbaar aan die minderheidsaandeelhouers in 'n gekonsolideerde filiaal meer is as hulle belang in daardie filiaal, word die meerbedrag en enige verdere verliese wat aan hulle toeskryfbaar is deur die Groep erken en aan daardie minderheidsbelang toegewys slegs in soverre die minderheidsaandeelhouers 'n bindende verpligting het en in staat is om die verliese te befonds. Waar die Groep nie voorheen die minderheidsaandeelhouers se deel van verliese erken het nie en die filiaal daarna winsgewend word, erken die Groep alle winste totdat die minderheidsaandeelhouers se deel van die verliese wat voorheen deur die Groep geabsorbeer is, verhaal is.

Die koopmetode van rekeningkunde word gebruik om die verkryging van filiale deur die Groep te verantwoord. Die koste van 'n verkryging word gemeet as die billike waarde van die bates wat verskaf is, ekwiteitsinstrumente wat uitgereik is en verpligtinge wat aangegaan of aanvaar is op die verhandelingsdatum, plus koste wat regstreeks aan die verkryging toeskryfbaar is. Identifiseerbare bates wat verkry is en verpligtinge en voorwaardelike aanspreeklikheid wat aanvaar word in 'n besigheidskombinasie word aanvanklik teen hulle billike waardes op die verkrygingsdatum gemeet, ongeag die omvang van 'n minderheidsbelang. Die bedrag waarmee die verkrygingskoste die billike waarde van die Groep se deel van die identifiseerbare netto bates oorskry, word as klandisiewaarde aangeteken. Indien die verkrygingskoste minder is as die billike waarde van die netto bates van die filiaal wat verkry is, word die verskil regstreeks in die inkomstestaat erken.

Die Groep pas die ekonomiese entiteitsmodel toe om transaksies met minderheidsaandeelhouers te verantwoord. Volgens hierdie model word minderheidsaandeelhouers as ekwiteitsdeelnemers van die Groep beskou en alle transaksies word dus as ekwiteitstransaksies verantwoord en by die ekwiteitsverantwoorde transaksies ingesluit. By die

verkryging van 'n belang van 'n minderheidsaandeelhouer word die bedrag waarmee die transaksiekoste die verkryger se persentasiebelang van die netto batewaarde wat verkry is oorskry, aan 'n afsonderlike ekwiteitskomponent toegewys. Verwateringswinste en -verliese met betrekking tot entiteite wat nie volfiliale is nie, word insgelyks in die ekwiteitsverantwoorde transaksies verantwoord ooreenkomstig die ekonomiese entiteitsmodel.

Waar nodig, is die rekeningkundige beleid vir filiale verander om te strook met die beleid wat deur die Groep aanvaar is.

Geassosieerde maatskappye

Beleggings in geassosieerde maatskappye word volgens die ekwiteitsmetode verantwoord. Geassosieerde maatskappye is maatskappye waarin die Groep normaalweg tussen 20% en 50% van die stemreg het of waaroor die Groep 'n beduidende invloed kan uitoefen, maar nie beheer het nie. Ekwiteitsverantwoording behels die erkenning, in die inkomstestaat, van die Groep se belang in die geassosieerde maatskappy se na-verkrygingsresultate na belasting en minderheidsbelang in die geassosieerde maatskappy. Die Groep se belang in na-verkrygingsbewegings in reserwes word in die reserwes van die Groep verantwoord. Die Groep se belang in die geassosieerde maatskappy word in die balansstaat gedra teen kosprys, aangepas vir die Groep se belang in die verandering van netto bates ná verkryging, en insluitende klandisiewaarde en ander identifiseerbare ontasbare bates wat met verkrygings erken word.

Indien die Groep se deel van verliese die drawaarde van sy belegging oorskry, word die drawaarde van die belegging asook die enige lenings van die geassosieerde maatskappy verminder tot nul en geen verdere verliese word erken nie, behalwe as die Groep verpligtinge teenoor die geassosieerde opgeloop het of waarborge verskaf het ten opsigte van verpligtinge van die geassosieerde. Ongerealiseerde winste en verliese op transaksies tussen die Groep en sy geassosieerdes word uitgeskakel tot die mate van die Groep se belang in die geassosieerde, tensy die verlies bewys lewer van 'n waardedaling van die bate wat oorgedra word.

Gesamentlike ondernemings

Die Groep se belang in gesamentlik beheerde ondernemings word volgens die eweredige konsolidasiemetode verantwoord. Die Groep kombineer sy belang in die gesamentlike onderneming se individuele inkomste en uitgawes, bates en laste en kontantvloei op 'n lyn-vir-lyn-grondslag met soortgelyke items in die Groep se finansiële state. Die Groep erken die gedeelte van winste of verliese met die verkoop van bates deur die Groep aan die gesamentlike onderneming wat toeskryfbaar is aan die ander ondernemings. Die Groep erken nie sy belang in winste of verliese van die gesamentlike onderneming wat spruit uit die aankoop van bates deur die Groep vanaf die gesamentlike onderneming, totdat die Groep die bates aan 'n onafhanklike derde party verkoop het nie. Indien die verlies op 'n transaksie egter bewys lewer van 'n vermindering in die netto realiseerbare waarde van 'n bedryfsbate of van 'n waardedalingsverlies, word sodanige verlies onmiddellik erken.

(b) Beleggings

Die Groep klassifiseer sy beleggings in die volgende kategorieë: teen billike waarde deur wins en verlies, tot-vervalgehoue, beskikbaar-vir-verkoop en lenings en debiteure. Die klassifikasie is afhanklik van die doel waarvoor die beleggings bekom is. Bestuur bepaal die klassifikasie van sy beleggings met aankoop en herevalueer sodanige klassifikasie op 'n jaarlikse grondslag. Teen billike-waarde-deur-wins-en-verlies bates word verder verdeel in twee subkategorieë: finansiële bates gehou-vir-verhandeling en bates wat as teen billike-waarde-deur-wins-en-verlies geklassifiseer is. 'n Finansiële bate word in dié kategorie geklassifiseer as dit wat hoofsaaklik verkry word met die doel om dit te verkoop oor die kort termyn, of as dit deel vorm van 'n portefeulje van finansiële bates waarvoor daar bewyse bestaan van korttermynwinste, of as dit as sodanig deur bestuur geklassifiseer word. Vir die doel van hierdie finansiële state word kort termyn gedefinieer as 'n tydperk van drie maande of korter. Die Groep hou nie finansiële bates vir verhandeling nie, daarom word finansiële bates wat gehou word teen billike-waarde-deur-wins-en-verlies, as sodanig geklassifiseer by aanvanklike erkenning. Afgeleide instrumente word ook geklassifiseer as gehou-vir-verhandeling, behalwe as hulle geklassifiseer word as verskansingsinstrumente.

Beleggings met 'n vaste vervaldatum waar bestuur die bedoeling en vermoë het om dit tot en met die vervaldatum te hou, word geklassifiseer as tot-verval-gehoue beleggings en word by niebedryfsbates ingesluit, behalwe waar die vervaldatum binne 12 maande van die balansstaatdatum is, word dit as bedryfsbates geklassifiseer. Lenings en debiteure is nieafgeleide finansiële bates met vaste of bepaalbare betalings wat nie in 'n aktiewe mark gekwoteer is nie, anders as die wat die Groep bedoel om in die kort termyn te verkoop, of wat geklassifiseer is as teen billike-waarde-deur-wins-en-verlies, of beskikbaar-vir-verkoop. Alle ander beleggings, insluitende dié wat vir 'n onbepaalde tydperk gehou word en wat verkoop mag word weens likiditeitsvereistes, veranderinge in billike waarde of rentekoersveranderinge, word geklassifiseer as beskikbaar-vir-verkoop. Beskikbaar-vir-verkoop bates word ingesluit in niebedryfsbates, tensy bestuur die uitdruklike voorneme het om die belegging vir minder as 12 maande te hou vanaf die balansstaatdatum of omdat die belegging verkoop moet word om bedryfskapitaal te verkry, in welke geval hulle onder bedryfsbates getoon word.

Aankope en verkope van beleggings word erken op die verhandelingsdatum, wat die datum is waarop die groep hom verbind om die bate te koop of te verkoop. Beleggings word aanvanklik teen billike waarde erken plus, in die geval van alle finansiële bates wat nie teen billike waarde deur wins en verlies gedra word nie, transaksiekoste wat regstreeks aan hulle verkryging toeskryfbaar is. Teen billike-waarde-deur-wins-en-verlies en beskikbaar-vir-verkoop beleggings word na aanvanklike erkenning gedra teen billike waarde. Tot-verval-gehoue beleggings en lenings en debiteure word gedra teen geamortiseerde koste met gebruik van die effektiewerentekoers-metode. Gerealiseerde en ongerealiseerde winste en verliese wat ontstaan uit die verandering in billike waarde van teen billike-waarde-deur-wins-en-verlies beleggings word in die inkomstestaat erken in die tydperk waarin dit ontstaan. Ongerealiseerde winste en verliese wat ontstaan uit die verandering in billike waarde van beskikbaar-vir-verkoopbeleggings word in ekwiteit erken.

Die billike waardes van beleggings word gegrond op gekwoteerde aanbodpryse of bedrae bereken volgens kontantvloeimodelle. Billike waardes van ongenoteerde ekwiteitsinstrumente word bereken volgens toepaslike prys/verdienste- of prys/kontantvloeiverhoudings wat aangepas word vir die spesifieke omstandighede van die uitreiker. Ekwiteitsinstrumente waarvan die billike waardes nie betroubaar gemeet kan word nie, word erken teen koste minus enige waardedaling. As beleggings wat as beskikbaar-vir-verkoop geklassifiseer is, verkoop word of 'n waardedaling ondergaan, word die kumulatiewe billikewaarde-aansuiwerings in die inkomstestaat as winste en verliese met verkoop van beleggings ingesluit.

Beleggings word onterken wanneer die regte om kontantvloei uit die belegging te ontvang, verval het, of wanneer dit oorgedra is en die Groep ook grotendeels al die risiko's en voordele van eienaarskap oorgedra het.

(c) Eiendom, aanleg en toerusting

Eiendom, aanleg en toerusting word getoon teen kosprys, wat insluit verkrygingskoste en enige koste om die bates gereed te kry vir beoogde gebruik, min opgelope waardevermindering en waardedalingsverliese. Koste sluit in enige winste of verliese oorgedra vanaf ekwiteit met betrekking tot kwalifiserende kontantvloeiskanse op aankope. Waardevermindering op eiendom, aanleg en toerusting, met die uitsondering van grond, word afgeskryf in gelyke jaarlikse paaiemente oor die bate se verwagte ekonomiese nutsduur. Daar word geen waardevermindering op grond afgeskryf nie aangesien dit geag word 'n onbeperkte nutsduur te hê. Afskrywingstydperke kan verskil na gelang van die omstandighede van die verskillende bedrywe, maar is onderhewig aan die volgende maksimum tydperke:

Grond en geboue:	Fabrieksgeboue	50 jaar
	Ander geboue	50 jaar
Vervaardigingstoerusting:	Rolperse	25 jaar
	Produksietoerusting	25 jaar
Kantoortoerusting:		20 jaar
Meubels:		20 jaar
Rekenaartoerusting:	Vervaardiging	20 jaar
	Kantoor	20 jaar
Voertuie:		12 jaar

Beduidende huurverbeteringe word afgeskryf oor die kortste van die huurtermyn en die verwagte ekonomiese nutsduur.

Leenkoste regstreeks toeskryfbaar aan die verkryging, oprigting of produksie van kwalifiserende bates word gekapitaliseer as deel van die koste van die bates. Kapitalisering van sodanige leenkoste word gestaak wanneer die bate wesenlik gereed is vir die beoogde gebruik of verkoop. Alle ander leenkoste word erken in die inkomstestaat gedurende die tydperk waarin dit aangegaan is.

Daaropvolgende kostes word ingesluit in die bate se drawaarde of as 'n afsonderlike bate erken, soos toepaslik, slegs indien dit waarskynlik is dat toekomstige ekonomiese voordele van die bate na die Groep sal vloei en die koste betroubaar beraam kan word. Alle ander herstelwerk en instandhoudingskostes word in die inkomstestaat erken gedurende die tydperk waarin dit aangegaan is. Grootskaalse herstelwerk word afgeskryf oor die oorblywende ekonomiese nutsduur van die betrokke bate.

Eiendom, aanleg en toerusting se drawaardes word van tyd tot tyd hersien om te bepaal of die netto verhaalbare bedrag steeds die drawaarde oorskry. 'n Bate se drabedrag word onmiddellik na sy verhaalbare bedrag afwaarts gewaardeer. In die geval van so 'n waardedaling, word die drawaarde verminder en die verlaging word as 'n uitgawe teen inkomste gedebiteer.

Bates se reswaardes en ekonomiese nutsduur word op elke balansstaatdatum hersien en word aangepas, indien nodig. Winste en verliese met verkoop van bates word bepaal deur die vergoeding met die bates se drawaardes te vergelyk.

(d) Gehuurde bates

Die huur van eiendom, aanleg en toerusting, grond uitgesluit, word as bruikhuur geklassifiseer indien, in wese, alle risiko's en voordele verbonde aan eienaarskap vanaf die verhuurder na die Groep, as huurder, oorgedra word. Bruikhuurbates word gekapitaliseer teen die laagste van die billike waarde van die huurbate en die beraamde huidige waarde van die onderliggende minimum huurpaaiemente. Die verwante huurverpligting word teen die beraamde huidige waarde van die minimum huurpaaiemente erken. Bankkoerse word gebruik om die huidige waardes van minimum huurpaaiemente te bereken. Gekapitaliseerde bruikhuurbates word afgeskryf oor hulle verwagte nutsduur, maar word beperk tot die termyn van die huurkontrak.

Elke bruikhuurbetaling word tussen die las en die finansieringskoste toegewys om 'n konstante koers op die uitstaande finansieringsaldo te bereik. Die ooreenstemmende huurverpligtinge, finansieringskoste uitgesluit, word ingesluit onder ander langtermynverpligtinge. Die rente-uitgawekomponent van die finansieringskoste word in die inkomstestaat oor die huurtydperk erken om 'n konstante periodieke rentekoers op die oorblywende verpligtingbalans vir elke termyn teweeg te bring.

Huur word as bedryfshuur geklassifiseer indien, in wese, alle risiko's en voordele verbonde aan eienaarskap deur die derdeparty-verhuurder behou word. Bedryfshuurkoste (na aftrekking van enige aansporings ontvang van die verhuurder) word op 'n reguitlyngrondslag oor die termyn van die huur in die inkomstestaat erken.

(e) Klandisiewaarde en ander ontasbare bates

Klandisiewaarde verteenwoordig die bedrag waarmee die kosprys van 'n verkryging die billike waarde van die Groep se belang in die identifiseerbare netto bates van die aangekoopte filiaal, geassosieerde maatskappy of gesamentlike onderneming oorskry op die datum van verkryging. Klandisiewaarde met die verkryging van filiale en gesamentlike ondernemings word ingesluit in "ontasbare bates". Klandisiewaarde met die verkryging van geassosieerde maatskappye word ingesluit in "beleggings in geassosieerde maatskappye". Afsonderlik erkende klandisiewaarde word jaarliks getoets vir waardedaling en word getoon teen kosprys minus opgehoopte waardedaling. Waardedalingsverliese op klandisiewaarde word nie teruggeskryf nie. Winste en verliese met die verkoop van 'n entiteit sluit in die drabedrag van klandisiewaarde wat verband hou met die entiteit wat verkoop word.

Klandisiewaarde word aan kontantskeppende eenhede toegedeel vir doeleindes van waardedalingstoetsing. Waardedaling word bepaal deur die verhaalbare bedrag van 'n kontantskeppende eenheid waarmee klandisiewaarde verband hou, te beoordeel. As die verhaalbare bedrag van die kontantskeppende eenheid minder as die drabedrag is, word 'n waardedalingsverlies erken.

Patente, handelsname, handelsmerke, titelregte, programmatuur en ander soortgelyke ontasbare bates word teen kosprys gekapitaliseer. Ontasbare bates met onbepaalde nutsdure word nie geamortiseer nie, maar word jaarliks getoets vir waardedaling en word getoon teen kosprys minus opgehoopte waardedaling. Ontasbare bates met beperkte nutsdure word geamortiseer volgens die reguitlynmetode oor hulle verwagte nutsdure. Die drabedrag van elke ontasbare bate word jaarliks hersien en aangepas vir waardedaling indien die drabedrag die verhaalbare bedrag oorskry. Die nutsdure en reswaardes van ontasbare bates word op 'n jaarlikse grondslag heroorweeg. Die amortisasietydperke vir ontasbare bates met beperkte nutsdure wissel afhangende van die toestande in die betrokke bedrywe, maar is beperk tot die volgende maksimum tydperke:

Patente	5 jaar
Titelregte	10 jaar
Handelsname en handelsmerke	20 jaar
Programmatuur	5 jaar
Intellektuele goedereregte	7 jaar
Intekenaarbasis	8 jaar

Aan handelsmerke of soortgelyke regte en bates wat intern geskep is, word geen waarde toegereken nie. Koste aangegaan ten opsigte van hierdie items word in die inkomstestaat as 'n uitgawe erken in die tydperk waarin dit aangegaan word.

(f) Waardedaling

Finansiële bates

Die groep evalueer op elke balansstaatdatum of daar enige objektiewe bewyse bestaan wat daarop dui dat enige belegging of groep beleggings se waarde gedaal het. Indien enige bewyse van waardedaling bestaan, word die volgende beginsels deur die entiteit toegepas vir elke tipe finansiële bate om die waardedalingsverlies te bepaal:

Finansiële bates gedra teen geamortiseerde koste:

Indien daar objektiewe bewyse van waardedaling bestaan vir lenings en debiteure, of tot-verval-gehouebeleggings

wat gedra word teen geamortiseerde koste, word die bedrag van die verlies gemeet as die verskil tussen die bate se drabedrag en die huidige waarde van enige geraamde toekomstige kontantvloeie (uitgesluit toekomstige kredietverliese wat nog nie plaasgevind het nie), verdiskonteer teen die finansiële bate se oorspronklike effektiewe rentekoers (m.a.w. die effektiewe rentekoers bereken tydens die aanvanklike erkenning). Die drabedrag van die bate word regstreeks deur wins of verlies verminder. Indien die bedrag van die waardedaling in 'n daaropvolgende tydperk verminder en die verlaging hou objektief verband met 'n gebeurtenis wat plaasgevind het nadat die waardedaling erken is, word die vorige erkende waardedalingsverlies deur wins en verlies teruggeskryf. Die terugskrywing van die waardedalingsverlies word beperk tot die bedrag waarteen die finansiële bate teen geamortiseerde koste gedra sou word, indien geen waardedaling erken is op die datum waarop die waardedaling teruggeskryf is nie.

Beskikbaar-vir-verkoop finansiële bates:

Wanneer 'n afname in die billike waarde van 'n beskikbaar-vir-verkoop finansiële bate regstreeks in ekwiteit erken is en daar is objektiewe bewyse dat 'n waardedaling plaasgevind het, moet die kumulatiewe verlies wat voorheen regstreeks in ekwiteit erken is, uit ekwiteit gehaal word en direk in wins en verlies erken word, al is die finansiële bate nog nie van die hand gesit of verkoop nie.

Waardedalingsverliese wat in wins en verlies erken is vir 'n belegging in 'n ekwiteitsinstrument wat geklassifiseer is as beskikbaar-vir-verkoop, kan nie weer deur wins en verlies teruggeskryf word nie.

As die billike waarde van 'n skuldinstrument, wat geklassifiseer is as beskikbaar-vir-verkoop, toeneem en die toename hou objektief verband met 'n gebeurtenis wat plaasvind na die aanvanklike erkenning van die waardedalingsverlies in wins of verlies, moet die waardedalingsverlies teruggeskryf word en die bedrag daarvan in wins of verlies erken word.

Langtermynbates

Die Groep evalueer die drawaarde van bates met beperkte nutsdure op 'n jaarlikse basis asook wanneer daar enige gebeure of omstandighede bestaan wat daarop dui dat die drawaarde dalk nie verhaalbaar is nie. Aanduiders van moontlike waardedaling sluit in, maar is nie beperk nie tot: beduidende onderprestasie relatief tot verwagtinge gebaseer op historiese resultate of geprojekteerde toekomstige bedryfsresultate; beduidende veranderinge in die gebruik van die bates of die Groep se oorhoofse besigheidstrategie; beduidende negatiewe tendense in die bedryf of ekonomie; en 'n beduidende volgehoue daling in 'n belegging se aandeleprys of markkapitalisasie relatief tot sy netto batewaarde. Bates met onbepaalde nutsdure is nie onderworpe aan amortisasie nie en word jaarliks vir waardedaling getoets.

'n Waardedalingsverlies word in die inkomstestaat erken indien 'n bate se drabedrag sy verhaalbare bedrag oorskry. 'n Bate se verhaalbare bedrag is óf die bedrag verkrygbaar uit die verkoop van die bate in 'n armlengtetransaksie tussen ingeligte bereidwillige partye, óf sy gebruikswaarde, welke die hoogste is. Gebruikswaarde is die huidige waarde van geraamde toekomstige kontantvloei wat na verwagting uit die voortgesette gebruik van die bate en uit sy vervreemding aan die einde van sy nutsduur verdien sal word. Die verwagte toekomstige kontantvloeie word tot hulle huidige waarde verdiskonteer deur van 'n voorbelaste verdiskonteringskoers gebruik te maak, wat huidige markaannames ten opsigte van die tydwaarde van geld en die risiko's verbonde aan die bate weerspieël. Ten einde waardedalingsbeoordelings te kan doen, word bates gegroepeer op die laagste moontlike vlak waarvoor daar afsonderlik identifiseerbare kontantvloeie bestaan.

'n Waardedalingsverlies van 'n bate wat in vorige jare erken is, word teruggeskryf indien die ramings wat gebruik is om die bate se verhaalbare bedrag te bepaal, verander het sedert die laaste waardedalingsverlies erken is en die verhaalbare bedrag nou die drabedrag oorskry. Die terugskrywing van die waardedalingsverlies word beperk tot die drabedrag wat bepaal sou word (na aftrekking van waardevermindering of amortisasie), indien geen waardedalingsverlies in vorige jare erken is nie. Die terugskrywing van die waardedalingsverlies word in die inkomstestaat erken in dieselfde lynitem as die oorspronklike waardedalingsverlies.

(g) Ontwikkelingsbedrywighede

Navorsings- en ontwikkelingskoste

Navorsingskoste word as 'n uitgawe erken soos wat dit aangegaan word. Kostes aangegaan tydens ontwikkeling (wat verband hou met die ontwerp en toetsing van nuwe of verbeterde produkte), word erken as 'n ontasbare bate wanneer dit waarskynlik is dat die projek winsgewend sal wees en as die kommersiële en tegniese uitvoerbaarheid en die koste daarvan betroubaar gemeet kan word. Ander ontwikkelingskostes wat nie aan hierdie kriteria voldoen nie, word as uitgawes erken soos wat die kostes aangegaan word. Ontwikkelingskostes wat voorheen erken is as uitgawes, word nie in 'n daaropvolgende tydperk as 'n bate erken nie. Gekapitaliseerde ontwikkelingskoste word erken as ontasbare bates en word geamortiseer op 'n reguitlyngrondslag oor die nutsduur vanaf die oomblik wat dit gereed is vir gebruik. Die amortisasietydperk word beperk tot die tydperke in nota (e). Ontwikkelingsbates word

jaarliks vir waardedaling getoets, en die waardedalingsverlies word in die inkomstestaat erken wanneer die bate se drabedrag sy verhaalbare bedrag oorskry. Hierdie verlies word ook teruggeskryf indien die ramings wat gebruik is om die verhaalbare bedrag te bepaal, verander het sedert die laaste waardedalingsverlies erken is en die verhaalbare bedrag nou die drabedrag oorskry. Die terugskrywing van die waardedalingsverlies word beperk tot die drabedrag wat bepaal sou word (na aftrekking van amortisasie), indien geen waardedalingsverlies in vorige jare erken is nie. Die terugskrywing van die waardedalingsverlies word in die inkomstestaat erken in dieselfde lynitem as die oorspronklike waardedalingsverlies.

Programmatuurontwikkelingskoste

Koste wat regstreeks verband hou met die produksie van identifiseerbare en unieke programmatuur, wat deur die groep beheer word en waarskynlik toekomstige ekonomiese voordele sal genereer wat die koste van meer as een jaar oorskry, word as ontasbare bates erken. Regstreekse kostes sluit die ontwikkelingspan se werknemerkoste in, asook 'n toepaslike gedeelte van oorhoofse kostes. Alle ander kostes wat met die ontwikkeling en instandhouding van programmatuur verband hou, word as uitgawes in die inkomstestaat erken soos wat dit aangegaan word.

Webwerfontwikkelingskoste

Webwerfontwikkelingskoste word gekapitaliseer as ontasbare bates indien dit waarskynlik is dat toekomstige ekonomiese voordele toeskryfbaar aan die bate na die Groep sal vloei en die koste akkuraat gemeet kan word, anders word dit teen bedryfswins verreken soos wat dit aangegaan word.

(h) Voorraad

Voorraad word aangegee teen óf kosprys óf netto realiseerbare waarde, wat ook al die laagste is. Voorraad se kosprys word bereken volgens die eerste-in-eerste-uit-grondslag of die geweegdegemiddelde-metode. Die oorgrote meerderheid van voorraad word gewaardeer op die eerste-in-eerste-uit-grondslag, maar vir sekere voorraadtipes met 'n spesifieke aard en waarvan die gebruik aansienlik verskil van ander klasse voorraad, word die geweegde gemiddelde gebruik. Klaarprodukte en onvoltooide werk sluit grondstowwe, regstreekse arbeid, 'n toepaslike gedeelte van bokoste en ander regstreekse koste in, maar sluit finansieringskoste uit. Die koste van voorraad sluit die oordrag in vanuit ekwiteit van enige wins of verlies op kwalifiserende kontantvloeiskanse wat op voorraadaankope betrekking het. Netto realiseerbare waarde verwys na die verwagte verkoopprys minus enige voltooiingskoste en verkoopskoste. Voorsienings word gemaak vir verouderde, onbruikbare en onverkoopbare voorraad en vir latente skade wat eers aan die lig kom wanneer voorraad gebruik of te koop aangebied word.

(i) Handelsdebiteure

Handelsdebiteure word oorspronklik teen billike waarde gedra en daarna teen geamortiseerde koste gemeet deur die effektiewerentekoers-metode te gebruik, minus enige voorsiening vir waardedaling. 'n Voorsiening vir waardedaling van handelsdebiteure word geskep indien daar objektiewe bewyse bestaan dat die Groep nie alle bedrae verskuldig sal kan invorder volgens die oorspronklike voorwaardes wat die debiteure geniet nie. Die bedrag van die voorsiening is die verskil tussen die drabedrag en die geraamde verhaalbare bedrag.

(j) Voorsienings

Die Groep skep voorsienings as daar tans 'n wetlike of afgeleide verpligting as gevolg van vorige gebeurtenisse bestaan, dit waarskynlik is dat toekomstige ekonomiese voordele uit die Groep sal vloei ten einde die verpligting af te los, en daar 'n betroubare raming van die bedrag van die verpligting gemaak kan word.

Die Groep erken die geraamde verpligting op alle produkte onder waarborg soos op die balansstaatdatum. Die Groep erken 'n voorsiening vir beswarende kontrakte wanneer die onvermybare koste om 'n kontraktuele verpligting na te kom die verwagte voordele uit die kontrak oorskry. Herstruktureringsvoorsienings word erken in die tydperk waarin die Groep 'n wettige of konstruktiewe verpligting oploop om te betaal. Koste verbonde aan die voortgesette aktiwiteite van die Groep word nie vooruit voorsien nie.

(k) Belasting

Belastingkoerse

Die standaardkoers wat gebruik is vir normale Suid-Afrikaanse maatskappybelasting vir die jaar geëindig 31 Maart 2006 is 29% (2005: 30%). Uitgesteldebelasting-bates en laste van Suid-Afrikaanse entiteite is op 31 Maart 2006 teen hierdie koers bereken, aangesien dit die koers is wat die Groep verwag van toepassing sal wees op die tydperke wanneer die bates realiseer of die verpligtinge vereffen word. Sekondêre belasting op maatskappye word bereken teen 12,5% en kapitaalwinsbelasting teen 50% van die maatskappybelastingkoers. Internasionale belastingkoerse wissel van jurisdiksie tot jurisdiksie.

(l) Uitgestelde belasting

Uitgestelde belasting word ten volle voorsien volgens die balansstaataanspreeklikheidsmetode vir alle tydelike verskille wat ontstaan tussen die belastingbasisse van bates en laste en hulle drawaardes vir finansiële verslagdoeningsdoeleindes. Huidige statutêre koerse of, waar van toepassing, statutêre koerse wat wesenlik verorden is, word in die bepaling van uitgestelde belasting gebruik.

Ingevolge hierdie metode moet die Groep voorsiening maak vir uitgestelde belasting met betrekking tot 'n verkryging, op die verskil tussen die billike waardes van die netto bates verkry en hulle belastingbasis. Voorsiening vir belastings, hoofsaaklik terughoubelasting, wat kan ontstaan met die uitkering van behoue inkomste, word slegs erken tot die mate wat daar 'n huidige voorneme is om sodanige verdienste uit te keer.

Die belangrikste tydberekeningsverskille ontstaan op waardevermindering van eiendom, aanleg en toerusting, ander ontasbare bates, voorsienings en ander bedryfslaste, vooruitontvange inkomste en belastingverliese oorgedra. Uitgesteldebelastingbates word erken tot die mate wat dit waarskynlik is dat toekomstige belasbare wins beskikbaar sal wees om die onbenutte belastingverliese en tydberekeningsverskille te kan benut.

Uitgestelde belasting word voorsien op tydelike verskille wat ontstaan op beleggings in filiale en geassosieerde maatskappye, behalwe waar die tydstip van die realisering van die tydelike verskil deur die Groep beheer word en dit waarskynlik is dat die tydelike verskil nie in die nabye toekoms sal omswaai nie.

Sekondêre belasting op maatskappye ("SBM")

Dividende verklaar deur Suid-Afrikaanse maatskappye is onderhewig aan SBM, maar word verminder met dividende ontvang gedurende die dividendsiklus. Indien die dividende wat gedurende die siklus ontvang is, die dividend verklaar oorskry, is daar geen SBM-verpligting nie. Die potensiële belastingvoordele van enige sodanige oorskotdividende ontvang word oorgedra na die volgende dividendsiklus. Indien die dividend verklaar die dividende ontvang gedurende die dividendsiklus oorskry, is SBM teen die heersende SBM-koers betaalbaar. Die SBM-uitgawe vorm deel van die belastinguitgawe in die inkomstestaat in die tydperk wat die dividend betaal word. Uitgesteldebelastingbates word erken op onbenutte SBM-krediete tot die mate wat dit waarskynlik is dat die Groep toekomstige dividende gaan verklaar om die SBM-krediete te kan benut.

(m) Inkomste-erkenning

Produkverkope

Produkverkope word erken met lewering van die produkte en aanvaarding daarvan deur klante, na aftrekking van verkoopbelasting, BTW, kortings en nadat verkope binne die Groep uitgeskakel is.

Sirkulasie-inkomste

Sirkulasie-inkomste word erken in die maand waarin die tydskrif of koerant verkoop word.

Intekengelde

Internet-intekengelde word verdien oor die tydperk waartydens die diens gelewer word. Intekengelde ontstaan uit die maandelikse rekeninge wat gestuur word aan die intekenare van internetdienste wat deur die Groep verskaf word. Inkomste word erken in die maand waarin die diens gelewer word. Enige intekengelde wat vooruit ontvang word vir die dienste wat nog verskaf moet word, word aangeteken as uitgestelde inkomste en as inkomste erken in die maand wat die diens gelewer word.

Advertensie-inkomste

Die Groep verdien hoofsaaklik advertensie-inkomste uit advertensies gepubliseer in die Groep se koerante en tydskrifte, en deur dit te vertoon op die Groep se webruimtes en kitsboodskapvensters. Advertensie-inkomste van drukmediaprodukte word erken met publikasie, oor die tydperk van die advertensiekontrak. Publikasie word geag plaas te vind wanneer die drukmediaproduk afgelewer is by die kleinhandelaar en beskikbaar is vir verkoop aan die breë publiek. Aanlynadvertensie-inkomste word reglynig oor die tydperk wat die advertensie vertoon word, erken.

Drukwerk en verspreiding

Inkomste uit druk en verspreidingsdienste word erken met die voltooiing van die diens en lewering van die verwante produk en aanvaarding deur die klant, na aftrekking van belastings, BTW en kortings, en nadat verkope binne die Groep uitgeskakel is. Die erkenning van inkomste uit drukwerk word gebaseer op lewering van die produk by die verspreidingsdepot en aanvaarding deur die verspreider van die klant, of waar die klant self verantwoordelik is vir die vervoer van die klant se produkte, aanvaarding deur die klant of sy genomineerde vervoerkontrakteur. Inkomste uit verspreidingsdienste word erken met die produk se lewering aan en aanvaarding deur die kleinhandelaar

Druk- en verspreidingsdienste word apart gelewer deur verskillende entiteite in die Groep en word afsonderlik met derdepartyklante gekontrakteer. Waar hierdie dienste aan dieselfde klant verskaf word, is die bepalings van elke afsonderlike kontrak in ooreenstemming met kontrakte vir die lewering van een van die dienste aan 'n onafhanklike party. Inkomste uit druk en verspreidingsdienste word afsonderlik erken aangesien die kontrakte afsonderlik beding word, gebaseer op die billike waarde van elke diens.

Onderriggelde

Onderriggelde is nieterugbetaalbaar en word erken volgens die persentasie-van-voltooiing-metode oor die duur van die toepaslike kursus vir kontak-onderrig, en as 'n persentasie van die koste vir langafstandonderrig erken.

(n) Ander inkomste

Rente en dividende ontvang op beskikbaar-vir-verkoop finansiële bates word ingesluit in beleggingsinkomste en vorm nie deel van die billikewaarde-beweging in ekwiteit nie.

Rente-inkomste

Rente word erken op 'n tydgrondslag, gebaseer op die effektiewe opbrengs op die onderliggende bates.

Dividendinkomste

Dividende word erken wanneer die reg op betaling gevestig is.

(o) Werknemervoordele

Aftreevoordele

Die Groep voorsien vir die aftreevoordele van sy voltydse werknemers hoofsaaklik deur middel van maandelikse bydraes tot 'n aantal vastebydraepensioene en voorsorgfondse in die lande waar die Groep bedrywig is. Die bates van hierdie fondse word normaalweg in afsonderlike fondse gehou, wat deur trustees geadministreer word. Die Groep se bydraes tot aftreefondse word as 'n uitgawe erken in die tydperk waartydens die werknemers die verwante diens lewer.

Mediese fondsvoordele

Die Groep se bydrae tot mediese bystandfondse vir werknemers word as 'n uitgawe erken in die tydperk waartydens die werknemers die verwante diens lewer.

Ná-aftrede mediese voordele

Sommige Groepmaatskappye voorsien ná-aftrede mediese voordele aan afgetrede werknemers. Die werknemer is geregtig op hierdie voordele indien hy tot en met aftree-ouderdom in diens was en 'n minimum dienstydperk voltooi het. Die verwagte koste van hierdie voordele word voorsien oor die werknemer se dienstydperk volgens rekeningkundige beginsels soortgelyk aan dié vir vastevoordeelfondse. Onafhanklike gekwalifiseerde aktuarisse bepaal jaarliks hierdie verpligtinge. Alle aktuariële winste en verliese word onmiddellik in die inkomstestaat erken. Die aktuariële waardasiemetode wat gebruik word om die verpligtinge te waardeer, is die Metode vir Geprojekteerde Kredieteenhede. Toekomstige voordele word geprojekteer deur spesifieke aktuariële aannames te gebruik en die verpligting ten opsigte van indienspersoneel word erken oor hulle verwagte werkstydperke. Hierdie verpligting is nie befonds nie.

(p) Ekwiteitvergoedingsvoordele

Die Groep bied aan sy werknemers aandeleopsies/aandeelwaarderingsregte (AWRe) onder verskeie ekwiteitvergoedingsplanne. Ingevolge IFRS 2 het die Groep 'n werknemeruitgawe in die inkomstestaat erken wat die billike waarde van aandeleopsies/AWRe wat die groep aan werknemers toegeken het, weerspieël. 'n Ooreenstemmende krediet na ekwiteit is vir hierdie kontantvereffende planne te boek gestel. Die Groep heroorweeg die billike waarde van die erkende verpligting op elke verslagdoeningsdatum en op die datum van vereffening, en enige veranderings in billike waarde word in wins of verlies vir die tydperk erken.

Hierdie planne word as kontantvereffende planne beskou aangesien hulle in kontant vereffen word.

(q) Advertensiekoste

Advertensiekoste word as 'n uitgawe erken in die tydperk waarin dit aangegaan word.

Onafhanklike verslagdoenende rekenmeesters en ouditeure se verslag

Die Direkteure

Welkom Yizani Beleggings Beperk

Heerengracht 40

Kaapstad

8001

20 September 2006

Geagte Here en Dames

Kommentaar oor die Finansiële Jaarstate van Welkom Yizani Beleggings Beperk ("Welkom Yizani")

Welkom Yizani het nog nie sy eerste finansiële jaar sedert inlywing voltooi nie en die Maatskappy het nog nie finansiële jaarstate opgestel nie. Gevolglik is geen historiese inligting vir die Maatskappy beskikbaar nie.

Die uwe

PricewaterhouseCoopers Ing.

C van den Heever

Direkteur

Geregistreede Ouditeur

Besonderhede van die goedgekeurde SEB-verifiëringsagentskappe

1. EMPOWERDEX (EIENDOMS) BEPERK

Hoofkantoor (Johannesburg):
1ste Verdieping, Blok C
Sunninghill Place
Simbaweg 9
Sunninghill
2157

Tel: (011) 234 7890
Faks: (011) 234 5855
Kontakpersoon: Refilwe Phasha

Kaapstad:
14de Verdieping
Metlife Sentrum
Coen Steytlerlaan 7
Kaapstad
8001

Tel: (021) 419 5130
Faks: (021) 419 5131
Kontakpersoon: Kgomotso Selokane

Durban:
Eenheid 5 en 6
Boonste Grondverdieping
Essex Gardens
Nelsonweg 1
Westville
Durban
4001

Tel: (031) 267 0707
Faks: (031) 266 8354
Kontakpersoon: Ashley Mathura

Pretoria:
Eenheid 1
1ste Verdieping (Wes)
Cambridge Park
Centurion
0169

Tel: (011) 234 7890
Faks: (011) 234 5855
Kontakpersoon: Jaco Odendaal

Nasionale blitslyn:
Tel: (011) 602 7921
Faks: (011) 234 5855
Kontakpersoon: Siphiwe Sibeko

2. EMPOWERLOGIC (EIENDOMS) BEPERK

West House
1ste Verdieping
Autumnstraat 7
Rivonia
2128

Tel: (086) 111 4003
Faks: (086) 610 1405
e-pos: yolande.grobler@empowerlogic.co.za
www.empowerlogic.co.za
Kontakpersoon: Yolande Grobler

3. MOHLALENG POLICY ADVISORY SERVICES (EIENDOMS) BEPERK

African Heritage Investment Gebou
Rivonia-boulevard 325
Rivonia
2196
Tel: (011) 807 7409
Faks: (011) 234 4740
E-pos: abrown@mohlaleng.com
Kontakpersoon: Lear Pather

4. VERIFY SOLUTIONS (EIENDOMS) BEPERK

Eenheid 6
Manhattan Kantoorpark
Pieterstraat 16
Hoëveld Technopark
Centurion
0046

Tel: (012) 665 5489 of 0861 VERIFY (837 439)
Faks: (012) 665 2758 of 086 613 8479
E-pos: info@verifysolutions.co.za
Kontakpersoon: Miriam Ndla of Lorraine Mndebele